



JAARVERSLAG 2013



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

®

Dit begin alles hier™

15 NWU-fakulteite

3 NWU-kampusse

7 608
NWU-personeellede

kwalifikasies toegeken

2004	▶	2013
9 657		15 464
= 60,1% groei		

ingeskrewe studente

2004	▶	2013
40 145		60 975

voorgaadse slaagsyfer

2004	▶	2013
75,20%		85,1%

PhD's toegeken

2004	▶	2013
87		168
= 93,1 % groei		

geweegde navorsingsuitseteenhede neem toe
vanaf 789 in 2004 tot 2 237 in 2013
= 183,5% groei

NNS-gegradeerde navorsers

2004	▶	2013
73		169
= 131,5 % groei		

postdoktorale genote

2004	▶	2013
9		140

totale inkomste 2013
R2 972,5
miljoen

Inhoud

- 1 ons visie, missie en strategie
- 2 ons profiel
- 3 omtrent hierdie verslag
- 4 bestuursopsomming
- 6 ons verbintenis tot volhoubaarheid
- 8 ons reis na geïntegreerde verslagdoening
- 9 ons interaksie met ons belanghebbers
- 11 inligting vir ons belanghebbers

hoe ons die nwu korporatief bestuur

- 24 boodskap van die kanselier
- 26 verslag van die voorsitter van die raad
- 30 raadsverslag oor korporatiewe bestuur
- 34 ontmoet ons raadslede
- 40 verslag van die institusionele forum

- 42 senaatsverslag
- 43 > ons onderrig-leer
- 50 > ons navorsing en innovasie

hoe ons die nwu bestuur

- 59 ontmoet ons institusionele bestuur
- 61 so bereik ons ons teikens (institusionele plan)
- 68 verslag van die visekanselier
- 70 interaksie met ons mense
 - > ons bemagtig ons werknemers
 - > ons ondersteun ons studente
 - > ons gee om vir ons gemeenskappe
- 79 hoe ons ons kernbesigheid bystaan
 - > ons verseker goeie korporatiewe en ander bestuur
 - > ons bou op soliede fundamente
 - > ons verseker die vloei van inligting
 - > ons praat met ons belanghebbers

ons kampusse

- 94 mafikengkampus
- 98 potchefstroomkampus
- 104 vaaldriehoekkampus

ons finansies

- 112 verslag van die voorsitter van die finansiële komitee en uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite
- 119 gekonsolideerde staat van finansiële stand op 31 Desember 2013
- 120 gekonsolideerde staat van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 Desember 2013
- 122 dankbetuigings



24 jaar gelede

het Nelson Mandela die eerste tree
na vryheid gegee.

20 jaar gelede

het die eerste dag van vryheid vir
al ons mense aangebreek.

10 jaar gelede

het ons reis begin as twee verskillende
universiteite wat saamgesnoer is
om aan die behoeftes van ons
land te voldoen.

In hierdie twee verweefde reise het ons altyd geweet dat
vordering slegs moontlik is deur verandering, en dat verandering
by ons moet begin.

Sedertdien is ons deel van die sukses van die veranderende en
groeïende Suid-Afrika.

Op ons reis na die toekoms sal ons voortgaan om die trans-
formasie wat die NWU en die land in die gesig staar, aan te gryp.

Die waarheid is in die feite – in wat ons personeel, ons studente
en ons alumni bereik het en waartoe ons navorsing 'n bydrae
lewer.

“Dit begin alles hier” – met ons as individue en as instelling.

visie, missie en strategie

visie

Die NWU se visie is om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

missie

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om sy kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer. Die universiteit sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

Die NWU se missie het vyf kenmerkende elemente. Vir meer besonderhede hieroor, kyk na p 61 tot p 67, soos vervat in die Institusionele Plan.

strategie

Die NWU se strategie ter ondersteuning van sy missie is om die kwaliteit en kwantiteit van navorsing te verhoog wat betref kampusnisareas, toepaslike aansporings en kapasiteitsbou en -ontwikkeling, en terselfdertyd die gehalte van onderrig en leer uit te bou deur 'n verbeterde kliëntefokus, e-leer, innovasie en diversiteit. Dus:

- ▶ Die Mafikengkampus sal 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingskampus word, met 'n sterk fokus op die uitbreiding van toegang in WIT, en die verdere ontwikkeling van unieke programme m.b.t. landelike ontwikkeling.
- ▶ Die Potchefstroomkampus is besig om sigself te herposisioneer om 'n navorsingsgerigte kampus te word waar uitnemendheid in onderrig-leer en navorsing mekaar wedersyds ondersteun.
- ▶ Die Vaaldriehoekkampus sal 'n gehaltegedrewe streekskampus van goeie naam wees, met relevante en uitgebreide akademiese aanbiedings wat aan plaaslike en nasionale behoeftes sal voldoen en by internasionale standaarde sal hou.

ons profiel

naam van organisasie

Noordwes-Universiteit

primêre handelsmerke, produkte en dienste

Ons kernbesigheid bestaan uit onderrig-leer, navorsing en gemeenskapsverbintenisse.

ligging

Die NWU is 'n Suid-Afrikaanse universiteit met drie kampusse en 'n Institusionele Kantoor.

Die kampusse is geleë in

- Mafikeng
- Potchefstroom
- Vaaldriehoek

Die Institusionele Kantoor (hoofkantoor) is ook in Potchefstroom geleë.

markte bedien

Hoewel die NWU se hoofkliënte sy studente is, het ons ook interaksie met verskeie ander groepe belanghebbende. (Kyk tabel op bl 3.)

skaal van die organisasie

In 2013 was daar 60 975 ingeskrewe studente en 7 608 personeellede in diens.

lande waar die organisasie werksaam is

Ons is hoofsaaklik in Suid-Afrika werksaam, maar deur ons daaglikse aktiwiteite werk ons ook baie saam met instansies en mense dwarsoor die wêreld. In 2013 het die NWU ongeveer 483 aktiewe ooreenkomste en memorandums van verstandhouding gehad.

netto inkomste

Die totale inkomste van die universiteit was R2 972,5 miljoen vir die 2013- finansiële jaar (totale uitgawes: R2 935,0 miljoen).

aard van eienaarskap en regsform

Die NWU is een van 25 openbare hoërondewysinstellings in Suid-Afrika en word ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 gereguleer.

hoeveelheid dienste voorsien

15 464 studente het gedurende 2013 grade en diplomas ontvang.

omtrent hierdie verslag

Die NWU besef dat die inligting in hierdie verslag belangrik is om belanghebbers in staat te stel om ons prestasies behoorlik te evalueer en dan daarvolgens op te tree.

In die opstel van hierdie verslag het die NWU die volgende riglyne van die Global Reporting Initiative (GRI) in aanmerking geneem:

beginsel om inhoud van verslag te bepaal

Inklusiwiteit van belanghebbers:

Ons het ons belanghebbers geïdentifiseer as daardie groepe of individue wat deur die universiteit se aktiwiteite en dienste geraak word, en wie se optrede op hulle beurt weer 'n invloed het op ons vermoë om ons strategieë te implementeer en ons doelstellings te verwesenlik. Vir die eerste keer ooit het ons vir ons belanghebbers gevra wat hulle oor die NWU wil weet en het ons daarvoor verslag gelewer (p 9 tot p 20).

Behalwe hierdie spesifieke interaksie met ons belanghebbers, het ons ook as deel van ons gereelde aktiwiteite met ons belanghebbers kontak gemaak. Daardeur het ons nuttige insette gekry vir besluite oor wat om in hierdie verslag in te sluit. Uiteindelik, toe die inhoud van hierdie verslag bepaal is, het ons die redelike verwagtinge en belange van ons hoofbelanghebbers (soos in die tabel hieronder uiteengesit) in gedagte gehou.

Vlak 1-belanghebbers

Studente (huidig, nagraads)
Personeel (akademies, ondersteuning, kontrak)
Werkgewers, besigheid, nywerheid
Eweknieë, akademiese en navorsingsinstansies

Vlak 2-belanghebbers

Ouers en familie (van geregistreerde studente)
Departement van Hoër Onderwys en Opleiding,
Hoëronderwyskwaliteitskomitee, Hoër Onderwys Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid
Skole (graad 11- en 12-leerders)
Donateurs, borge, beskermhere
Media

Vlak 3-belanghebbers

Die regering en staatsdepartemente
Alumni en Konvokasie
Senaat en Raad
Bestuur
Professionele rade, akkrediteringsinstansies
Gemeenskap, plaaslike ekonomie, besigheid
Plaaslike regering, munisipaliteite, burgerlike organisasies
Afrikaanse gemeenskap

Vlak 4-belanghebbers

Suid-Afrikaanse, algemene publiek (insluitende Afrika)
Biblioteke, Biblioteekinligtingsvereniging van SA,
Biblioteekadviesraad
Fakulteite (NWU)
Kerke
Provinsiale regering
Vakbonde met NWU-lede
Internasionale ontwikkelingsinstansies
Eduloan, Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente
Diensverskaffers

Vlak 5-belanghebbers

Politici, politieke partye
Boere
Tradisionele leiers, hoofmanne
NRO's
VOO-kolleges
Statutêre liggame
Voornemende ouers

beginsels om kwaliteit van verslag te bepaal

Balans: Die verslag weerspieël positiewe sowel as negatiewe aspekte van die NWU se prestasie om so 'n beredeneerde evaluering van prestasie in die geheel moontlik te maak.

Vergelykbaarheid: Die NWU het die inligting konsekwent geselekteer, saamgestel en gerapporteer en dit so aangebied dat belanghebbers enige veranderinge in die organisasie se prestasie oor tyd heen kan ontleed.

Akkuraatheid: Die gerapporteerde inligting is akkuraat en gedetailleerd genoeg vir belanghebbers om die organisasie se prestasie te kan evalueer.

Tydigheid: Die NWU rapporteer volgens 'n gereelde skedule (jaarliks) sodat inligting betyds beskikbaar is vir belanghebbers om ingeligte besluite te neem. Inligting in die verslag gee 'n duidelike aanduiding van die tydperk waarop dit van toepassing is.

Betroubaarheid: Die proses wat in die opstel van hierdie verslag gevolg word, kan aan ondersoek onderwerp word en die oorspronklike bron van die inligting kan deur die NWU geïdentifiseer word. Betroubare bewyse ter ondersteuning van aannames of komplekse berekeninge is beskikbaar.

bestuursopsomming

Ons reis na uitnemendheid

Die NWU se reis het 'n dekade gelede begin toe twee verskillende universiteite saamgesmelt het om aan die land se behoeftes te voldoen. Sederdien het ons goeie vordering gemaak met die verwesenliking van ons missie om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word.

Die waarheid is in die feite – in wat ons personeel en studente bereik het en hoe ons prestasies in die laaste 10 jaar toegeneem het.

Die sterk verbetering in die voorgraadse slaagsyfer oor alle kampusse heen vanaf 'n gemiddeld van 75,2% in 2004 tot 85,1% in 2013 gee 'n aanduiding van die lewenskragtigheid van die onderrig-leer-omgewing by die NWU.

Die eerstejaaruutvalkoers onder die eerste-inskrywingstudentegroepe van 2005 tot 2010 was gemiddeld 12,5%. Hierdie klein persentasie is grootliks bereik deur aanvullende onderrigmodelle en eweknie-ondersteuning, en is in skrilte kontras met die nasionale gemiddelde uitvalkoers van 20% tot 30%.

Een van die grootste uitdagings vir die nuut gestigte NWU was om sy navorsingsuitset volhoubaar te verbeter. Om dit te bereik, het ons 'n instaatstellende navorsingsomgewing geskep en die navorsingsentiteitmodel tot stand gebring. Navorsing is verder verbeter deur middel van substansiële investering en finansiële en ander aansporings vir navorsers wat goed vaar.

Die totale aantal navorsingsartikelekwivalente het toegeneem van 275 in 2004 tot 1 227 (voorlopig) in 2013 – 'n toename van 346%. Die NWU staan tans op 0,94 gepubliseerde artikels per voltijdse ekwivalent-personeellid per jaar, vanaf minder as 0,4 in 2005.

Die NWU is 'n finansiële stabiele instelling wat 'n wins toon en 'n groeiende inkomste het. Die universiteit se totale inkomste het met 120% toegeneem sedert die samesmelting in 2004, en die totale inkomste vir 2013 was byna R3 miljard.

Wat ons transformasie-agenda en die implementering van ons 10-element-raamwerk betref, is die NWU 'n simbool van wat moontlik is deur rekonsiliasie, die regte balans tussen eenheid en diversiteit en 'n omvattende en “gesonde verstand”-benadering tot voortgaande transformasie.

'n Aangename, veilige en verrykende studente-ervaring op kampusse, bevorderlik vir akademiese aktiwiteit en die lewering van goed afgeronde graduandi, is tot stand gebring. Die strategie om op ons kernbesigheid te fokus en terselfdertyd volhoubare transformasie na te streef, het duidelik vrugte afgewerp.

Op die pad vorentoe sal ons voortgaan om die uitdagings die hoof te bied wat die NWU en die land in die gesig staar. “Dit begin alles hier” – met ons as individue en as instansie.

TSHOBOKANYO E E TSWANG GO BAKHUDUTHAMAGA

Loeto lwa go dira tiro ya boleng jo bo kwa godimo

Loeto lono lwa YBB lo simolotse dingwaga di le some tse di fetileng fa diyunibesiti tse pedi tse di farologaneng di ne di nna seoposengwe go tlamela ka se se tlhokwang ke naga ya rona. Fa e sa le ka nako eo, re dirile kgatelopele e e seng kana ka sepe mo go fitlheleleng maikaelelo a rona a go nna yunibesiti e e tlamelang ka tsela ya go ruta le go ithuta e e lekalekaneng sentle le go dira patlisiso. Boammaaruri jwa seno bo iponatsa sentle – ke jwa ka fa badiri ba rona le baithuti ba se fitlheletseng le ka fa phitlhelelo ya rona e godileng ka gone mo dingwageng di le 10 tse di fetileng.

Go tokafala thata ga maduo a go falola ditlhatlhobo a baithuti ba pele ga kalogo mo dikhamphaseng tsotlhe go tswa go palogare ya 75,2% ka 2004 go fitlha go 85,1% ka 2013 ke bongwe jwa bosupi jo bo bontshang botlhokwa jwa go ruta le go ithuta mo YBB. Bosupi jo bongwe ke selekanyo sa palo ya go tlogela sekolo ga baithuti ba ngwaga wa ntlha ka 2005 go fitlha ka 2010 se se neng sa fitlha go palogare ya 12,5%. Peresente e nnye eno e ne ya fitlhelelwa thata ka dithutotlaleletso le kemonokeng ya balekane, mme e farologana thata le palogare ya 20% go fitlha go 30% ya go tlogela sekolo ga baithuti mo nageng yotlhe. Tota, nngwe ya dikgwetlho tse dikgolo go di gaisa tsotlhe tsa YBB e e neng e sa tswa go tlhongwa e ne e le go tokafatsa dipholo tsa patlisiso ka mokgwa o o gatelang pele.

Go fitlhelela seno, re ne ra tlhama maemo ao tiro e atlegang mo go one re bo re tlhoma ditheo tsa patlisiso. Tiro ya patlisiso e ne ya tokafadiwa ka dipeeletsomadi tse di botlhokwa le ka go solofetsa babatlisisi ba ba dirang sentle moputso wa madi. Palogotlhe ya ditlhago tsa patlisiso tse di neng tsa tlhagisiwa ke rona di ne tsa tlhatloga go tswa go 275 ka 2004 go fitlha go 1 227 (e ne e sa ntse e tlile go fetoga) ka 2013 – koketsego ya 346%. Ga jaanong jaana YBB e na le 0.94 ya diathikele tse di gatisitsweng ke lelolo la badiri ba leruri ka ngwaga, tse di tlhatlogileng go tswa go 0.4 ka 2005.

YBB ke setheo se se nang le boemo jo bo siameng jwa ditšhelete se tiro ya sone e tsamaisiwang ka dipororofete e bile lotseno lwa yone lwa madi lo a gola. Lotseno lotlhe lwa madi a yunibesiti lo tlhatlogile ka 120% fa e sa le dikhamphase di kopanngwa ka 2004, me lotseno lotlhe lwa madi lwa 2013 lo ne lo feta R3 bilione. Ka ntlha ya diphetogo tse e di dirileng le go dirisa dithulaganyo tsa yone tsa dikarolo di le 10, YBB ka boyone ke bosupi jwa se se ka kgonang go dirwa fa go nna le momagano, go boloka tekatekano e e siameng tsa kutlwano le dipharologano le go dira phetogo e e tsweleng pele eno ka mokgwa o o tlwaelegileng fela.

Go dirilwe gore botshelo mo dikhamphaseng e nne jo bo monate, jo bo sireletsegileng jo bo nang le matswela a a molemo, jo bo rotloetsang baithuti go ithuta le gore go tlhagisiwe baalogi ba ba rutegileng. Fa re leba diphitlhelelo tseno, go bonala sentle gore leano la rona la go tsepa mogopolo mo tirong ya rona e e botlhokwa, re ntse re leka go tlisa diphetogo, e nnile le matswela. Fa re ntse re tsweletsa leoto lwa rona go ya mo isagweng, re tla tswelela go mekamekana le dikgwetlho tse rona jaaka YBB le naga ya rona re lebaneng le tsone. Re amogela ntlha ya gore “gotlhe go simolola fano” – mo go rona batho ka bongwe le mo setheong.

EXECUTIVE SUMMARY

Our journey to excellence

The NWU's journey started a decade ago when two different universities united to deliver on the needs of our country. Since then, we have made great strides in realising our mission to become a balanced teaching-learning and research university.

The truth is in the facts – in what our staff and students have accomplished and how our achievement curve has grown during the past 10 years.

The strong improvement in the undergraduate pass rate across all campuses from an average of 75,2% in 2004 to 85,1% in 2013 is one indication of the vitality of the teaching-learning environment at the NWU.

Another is the first-year drop-out rate among the first-time entering student cohorts of 2005 to 2010, which averaged 12,5%. This small percentage was largely achieved through supplemental instruction models and peer support, and is in stark contrast to the national drop-out average of 20% to 30%. Arguably one of the biggest challenges of the newly established NWU was to improve research output in a sustainable way.

To achieve this, we created an enabling research environment and established the research entities model. Research was further enhanced through substantive investment and financial and other incentives for researchers who perform well. The total number of research article equivalents increased from 275 in 2004 to 1 227 (provisional) in 2013 – an increase of 346%. The NWU now stands at 0,94 articles published per full-time equivalent staff member per year, up from less than 0,4 in 2005.

The NWU is a financially stable institution that runs at a profit and has a growing income. The university's total income has increased by 120% since the merger in 2004, and the total income for 2013 was almost R3 billion.

For its transformation agenda and the implementation of its 10-element framework, the NWU is a symbol of what is possible through reconciliation, the right balance between unity and diversity and a comprehensive and common-sense approach to ongoing transformation.

A pleasant, safe and enriching student experience on campuses, conducive to academic activity and producing well-rounded graduates, has been established. When looking at these achievements, it is clear that our strategy to focus on our core business, while embarking on a path of sustainable transformation, has paid off.

As we make our journey into the future we will continue to deal with the challenges that we as the NWU and our country face. We embrace the fact that "It all starts here" – with us as individuals and as an institution.

KAKARETSO YA BAETAPELE

Leeto la rona ho ya ntlafalong

Leeto la NWU le qadile dilemong tse leshome tse fetileng ha diyunivesithi tse pedi tse fapaneng di kopana ho kgotsofatsa ditlhoko tsa naha ya rona. Esale e le hoo, re se re nkile mehato e meholo haholo ho fihlella sepheo sa rona sa ho ba yunivesithi e tsitsitseng ya ho ruta-le ho ithuta le ya dipatlisiso.

Nnete e ditabeng tsa nnete – ho tsela eo basebetsi ba rona le baithuti ba rona ba seng e fihletse le hore na lebala la phihlello le atolohile ha kae nakong ya dilemo tse 10 tse fetileng.

Ntlafalo e matla ho sekgahla sa katleho sa dithuto tsa digrata tse tlase dikhamphaseng tsohle ho tloha ho palohare ya 75,2% ka 2004 ho ya ho 85,1% ka 2013 ke sesupo se le seng sa bohlokwa ba tikoloho ya ho ruta-ho ithuta e ho NWU. Sesupo se seng ke sekgahla sa baithuti ba tlohelang sekolo selemong sa pele ho baithuti ba kenang sekolong se seholo kgetlo la pele ba 2005 ho isa 2010, seo se neng se le palohareng ya 12,5%. Phesente ena e nyane e fihletswe ka dimotlolo tsa thuto ya tlatsetso le tshehetso ya dithaka, mme e fapane haholo ho palohare ya baithuti naheng ka bophara ba tlohelang sekolo eo e leng 20% ho isa 30%.

Re ka re e nngwe ya diphephetso tse kgolo ho fetisisa tsa NWU e thehilweng botjha e ne e le ho ntlafatsa dihlahiswa tsa dipatlisiso ka tsela ya nako e telele. Ho fihlela sena, re thehile tikoloho e nepahetseng ya dipatlisiso mme ra theha le mmotlolo wa dintlha tsa dipatlisiso. Dipatlisiso di boetse tsa ntlafatswa ka tssetelo e matla le dimpho tsa tjelele le ntho tse ding bakeng sa babatlisisi ba sebetsang hantle.

Palo e felletseng ya dingolwa tsa dipatlisiso e eketsehile ho tloha ho 275 ka 2004 ho ya ho 1 227 (e so felleng) ka 2013 – hona ke keketseho ya 346%. Hona jwale NWU e na le dingolwa tse 0,94 tse phatlaladitsweng bakeng sa setho ka seng sa nako yohle ka selemo, e nyolohile ho tloha ho ka tlase ho 0,4 ka 2005. NWU ke setheo se tsitsitseng ditjheleteng se sebetsang ka tswala mme se nang le lekeno le holang. Lekeno lohle la yunivesithi le eketsehile ka 120% esale ho ba le kopano ka 2004, mme lekeno lohle la 2013 le ne le feta R3 bilione.

Bakeng sa tshebetso ya yona ya phetoho le tshebetso ya moralo wa dintlha tse leshome, NWU ke sesupo sa se ka khonahalang ka tshwarelano, tekatekano e nepahetseng pakeng tsa kopano le phapano le katamelo e felletseng e bohlale ho phetoho e tswellang.

Ho thehilwe tikoloho e monate, e bolokehileng hape e ruisang bakeng sa baithuti sekolong, e dumellang mosebetsi wa sekolo le ho hlakisa baithuti ba phethahetseng. Ha re sheba boiphihlello bona, ho hlakile hore morero wa rona wa ho shebana le kgwebo ya rona ya mantlha, ha re ntse re sebetsana le tsela ya nako e telele ya phetoho, ho bile molemo.

Ha re ntse re le leetong la rona re tla tswelapele ho sebetsana le mathata ao rona jwalo ka NWU le naha ya bo rona re shebaneng le ona. Re dumellana le nnete e reng "Tsohle di qala mona" – ka rona jwalo ka batho ka bo mong mme hape jwalo ka setheo.

ons verbintenis tot volhoubaarheid

Volhoubaarheid moet in al die NWU se kernfunksies en bedryfsprosesse geïntegreer word. Om die waarheid te sê, volhoubaarheid is, naas die uitbreiding en verbetering van die universiteit se kennisbasis en verhoogde diversiteit van die personeel en studente, baie belangrik vir die volgende paar jaar.

Die volgende bydraes is in 2013 tot die volhoubaarheid van die universiteit gemaak:

- ▶ In 2013 het die NWU gefokus op 'n program vir opvolgingsbeplanning om 'n volhoubare leierskap-pypleiding te bou wat belys is met die universiteit se teikens vir indiensnemingsgelykheid. Altesaam 191 werknemers is as potensiële toekomstige bestuurders geïdentifiseer, waarvan 84 swart en 72 vroue was.
- ▶ In die opstel van die 2012-jaarverslag is voetspoorsimbole wat die universiteit se impak op mense, die ekonomie en die omgewing aangedui het, regdeur die publikasie gebruik. Hierdie voetspore het aangetoon hoe die NWU probeer om verantwoordelik op te tree om die impak van sy aktiwiteite op ons eie volhoubaarheid sowel as op dié van belanghebbers en die omgewing te bestuur.
- ▶ Gegronde op die behoeftes van belanghebbers is die oplaag van eksterne publikasies soos die jaarverslag en die alumni tydskrif reeds beduidend verlaag en deur digitale weergawes vervang, en is planne gemaak om dieselfde met die personeelnuusbrieffe te doen.
- ▶ Die NWU het ook as deel van sy infrastruktuurprojekte op energiebesparingsinisiatiewe gefokus:
 - > Energiebesparende storkoppe is in nuwe en opgegradeerde koshuise geïnstalleer. Die nuwe studentekoshuise wat in 2013 en 2014 gebou word, sal met sonwaterverwarmingstelsels toegerus word. Energiedoeltreffende warmwaterstelsels sal geïnstalleer word in koshuise wat opgegradeer word.
 - > Energiedoeltreffende ligte, sowel as 'n nuwe ingangsportaal-verligtingstelsel wat die dubbele doel van 'n noodligstelsel dien, word in alle nuwe en opgegradeerde geboue geïnstalleer. Sentrale lugversorgingstelsels word waar moontlik geïnstalleer om energie te bespaar.
 - > Die nuwe gebou vir farmasie en biologiese wetenskap op die Potchefstroomkampus is met gebruik van groen beginsels ontwerp.
- ▶ 'n Nuwe strategiese inisiatief is die inkorporering van King III-verslagdoeningsprosesse vir alle NWU-aktiwiteite. Dit sluit verslagdoening oor en monitering van vordering en impak in gemeenskapsverbintenis en volhoubare ontwikkeling van alle geassosieerde gemeenskappe van die NWU in.

- ▶ 'n Omgewingsreg-voldoeningsoudit is op alle NWU-kampusse uitgevoer, en die finale verslag is teen die einde van Februarie 2013 voltooi. Hierdie verslag, tesame met aanbevelings vir die regstelling van oortredings en 'n voorgestelde implementeringsplan, is op 24 April 2013 aan die institusionele bestuur voorgeleë. Die daaropvolgende veranderinge en inisiatiewe het reeds 'n impak op die bestuur van afval en gevaarlike produkte op al die kampusse gehad.
- ▶ R350 000 is per kampus belê om herwinningsprogramme uit te voer, asook in elektrisiteitsbesparingsveldtogte, met koshuise wat om pryse meegeding het as aansporingsmaatreëls om bewustheid te stimuleer. Die drie kampusse het van Mei tot Oktober 2013 altesaam R2 086 614 bespaar.
- ▶ 'n Groen Kampus-komitee is gevorm, bestaande uit kampuskoördineerders en verteenwoordigers van Institusionele Infrastruktuur en Beplanning en die Sentrum vir Omgewingsbestuur.
- ▶ In 'n poging om omgewingsvolhoubaarheid te ondersteun, is die loopbaangids as 'n e-tydskrif gepubliseer en op herwonne papier gedruk. By die loopbaanskoue op al drie kampusse het die Loopbaansentrum maatskappye van middagetepakke voorsien wat uit herwonne materiaal vervaardig is, en het hulle hervulbare waterbottels van vlekvrystaal in plaas van plastiekbottels gebruik.

Inisiatiewe soos dié is belangrik omdat dit help om bewusmaking onder studente, personeel en eksterne belanghebbers te bewerkstellig oor aangeleenthede wat met volhoubaarheid verband hou. Bygesê, die werklike omgang met die konsep van volhoubaarheid en hoe dit in beduidende veranderinge in die onderrig- en leeromgewing omgeskakel kan word, lê op heeltemal 'n ander vlak.

'n Sterk fokus op volhoubaarheid vorm die onderbou van die akademiese beplanningsfunksie en, in besonder, die inskrywingsplan van die universiteit waarin langtermynvolhoubaarheid 'n sleuteldrywer is, nie net vir die NWU self nie, maar ook vir die land.

Die uitdaging is om die nougesette werk wat op die beplanningsvlak gedoen word, in werklike waarde op die afleweringpunt te omskep, naamlik in die onderrig- en leeromgewing self, en in die besonder as 'n tasbare uitset wat voortvloei uit die eienskappe van graduandi soos in die strategie van die NWU omskryf.

Die visie van die ontwikkeling van toekomstige leiers wat verantwoordelikheid sal aanvaar vir die skepping van 'n volhoubare wêreld, sal van die NWU vereis om kenmerke van graduandi te artikuleer wat 'n begrip van hul rol in die globale konteks insluit.

Die Beginsels van Verantwoordelike Bestuursopleiding stel voor dat universiteite “die vermoëns van studente moet ontwikkel om toekomstige skeppers van volhoubare waarde vir die sakewêreld en die gemeenskap in die breë te wees

en om vir 'n inklusiewe en volhoubare globale ekonomie te werk". Daar word verder voorgestel dat universiteite "in hul akademiese aktiwiteite en kurrikulums die waardes van globale maatskaplike verantwoordelikheid moet insluit, soos dit gestalte vind in internasionale inisiatiewe, soos die Verenigde Nasies se Globale Verdrag".

Die NWU het die globale uitdaging aanvaar om volhoubaarheid in die kernbesigheid van die instelling te integreer, ten spyte van vele uitdagings.

Die konteks van universiteite bly steeds belangrik en die aard en omvang van onbevredigde behoeftes is kragtige drywers – aan die een kant is daar die noodzaak vir gemeenskapsverbintenis en aan die ander kant die maatskaplike verantwoordelikheid van universiteite.

Soos ander instansies wil ons nie net ons huidige verbintnisse handhaaf nie, maar ook ons maatskaplike verantwoordelikheid en omgewingsprogramme uitbrei en verdiep. Ons streef na 'n groter impak op studente- sowel as eksterne

gemeenskappe. Die kwessie rondom die skep van gedeelde waarde vir alle belanghebbers sal in die lang termyn aangepak word. Tot op hede het ons ons belanghebbers as 'n eerste stap by ons verslagdoeningsproses betrek. Ons sal hierdie verslagdoeningsformaat gedurende ons bedryfs- en strategiese beplanning gebruik om te help vorm gee aan ons langtermyndoelwitte en -uitkomstes.

Die finalisering van die Onderrig-en-Leer-strategie in 2014 sal die NWU die geleentheid bied om hierdie breë siening van transformasie aan die hart van die strategie te plaas, in ooreenstemming met die vroeëre aanvaarding deur die NWU van die Verenigde Nasies se Globale Verdrag (waarvan ons 'n geruime tyd lank reeds 'n ondertekenaar is).

As 'n verantwoordelike korporatiewe burger sal die NWU verbind bly tot volhoubare ontwikkelingspraktyke wat tot 'n sterk en gesonde omgewing, ekonomie en gemeenskap bydra, om sodoende die belange van huidige en toekomstige geslagte te beskerm.

ons reis na geïntegreerde verslagdoening

Verlede jaar het die NWU vertrek op 'n reis na geïntegreerde verslagdoening, om sodoende by te bly met die wêreldwye tendens in verslagdoening deur organisasies en ondernemings.

Vanjaar neem ons 'n paar treë verder op hierdie pad.

Ten einde aan globale riglyne te voldoen, het ons aangesluit by die Globale Verslagdoeningsinisiatief ("GRI") se Fokuspunt in Afrika. Die direkteur vir gemeenskapsverbintenisse is 'n lid van die GRI se akademiese fokuspunktkomitee in Suid-Afrika.

Ons het ook die King III-verslagdoeningsprosesse vir alle NWU-aktiwiteite geïnkorporeer, insluitende gemeenskapsverbintenisse, finansiële volhoubaarheid, aen omgewingsvolhoubaarheid.

Tydens 'n opleidingswerkwinkel oor die GRI 4-verslagdoeningsraamwerk, waar dr Mervyn King die hoofspreeker was, het ons die boodskap ter harte geneem dat verslae *toepaslike* inligting moet bevat – dus inligting waarin belanghebbers belang stel, en nie slegs inligting wat 'n organisasie as belangrik beskou nie.

In reaksie hierop is daar besluit om ons belanghebbers te vra wat hulle omtrent die NWU wil weet en dan oor hierdie aspekte verslag te doen. Dit het 'n proses van *belanghebbersbetrokkenheid* tot gevolg gehad om die relatiewe belangrikheid van die ekonomiese, omgewings- en maatskaplike aspekte van geïntegreerde verslagdoening na die mening van sleutelbelanghebbers by die NWU te bepaal.

Hierdie proses is in November 2013 afgehandel, met nakoming van die belangrike beginsel wat in die riglyne van die GRI vervat is, naamlik *belanghebbersinklusiwiteit*.

U kan meer oor hierdie belanghebbersbetrokkenheidsoefening lees van p 9 tot p 10. Die inligting is gegrond op die voorkeure van belanghebbers en word in tabelformaat van p 11 tot p 20 in tabelformaat uiteengesit.


Ons vertrou dat u hierdie inligting – tesame met die inligting wat in die res van hierdie jaarverslag vervat is – nuttig sal vind en dat dit u in staat sal stel om gesonde en redelike evalueringe van ons prestasie te doen, en dienoreenkomstig op te tree.



ons interaksie met ons belanghebbers

Altesaam 4 045 mense het aan die navorsing deelgeneem. Die totale groep het bestaan uit studente (35,6%), personeel (35,4%), alumni (17,6%), privaatsektorvennote (3,9%), plaaslike ondernemings (bure) (3,6%) en ouers (2,7%). In die geheel was afwykings van dit wat respondente as die belangrikste aspekte beskou het (ekonomies, omgewingsgewys of maatskaplik) onbeduidend. Die belangrikste bevindinge van hierdie studie word hieronder opgesom.

ekonomiese aspekte




Respondente stel meestal daarin belang om meer te wete te kom oor die NWU se belegging in die gemeenskap.

Hierna volg inligting oor infrastruktuurbeleggings en gemeenskapsondersteuning, befondsing vanaf die regering, die NWU se indirekte ekonomiese impak, bydraes deur graduandi en alumni, besteding by plaaslike diensverskaffers, inkomste en uitgawes, die finansiële implikasies en risiko's wat verband hou met klimaatsverandering, gradering vir swart ekonomiese bemagtiging en prestasie en, laastens, die omskrewendeoordeelplan-verpligtinge vir werknemers.

Die drie aspekte wat die hoogste persentasies ontvang het (en dus as van kritieke belang beskou word) is die ekonomiese bydraes wat deur graduandi en alumni gelewer word, die finansiële implikasies van en risiko verbonde aan klimaatsverandering en die indirekte ekonomiese impak van die NWU.

omgewingsaspekte




Die meeste respondente wil meer weet omtrent die NWU se bestuur van vervoer. In volgorde van belangrikheid wil die meeste respondente meer weet omtrent die meganismes vir die indiening van omgewingsgriewe, gevolg deur omgewingsbeginsels en -vaardighede wat onderskryf word en die NWU se praktyke vir die onderwerping van verskaffers aan omgewingsevaluering.

Dit word gevolg deur die NWU se energieverbruik en inisiatiewe vir energie-effektiwiteit, die NWU se impak op biodiversiteit, voldoening aan omgewingswetgewing en -regulasies en bestuur van lugvrystellings, waterverbruik en vervoer, en die tipe en volume materiaal wat deur die NWU gegenereer word.

Die twee omgewingselemente met die hoogste persentasies is die voldoening aan omgewingswette en -regulasies en die bestuur van die NWU se watervoetspoor.

maatskaplike aspekte



Onder die maatskaplike aspekte is die mees kritieke kwessies die NWU se antikorrupsiebeleide, -prosedures en -praktyke, gesondheid en veiligheid van personeel en studente, en gelyke vergoeding vir mans en vrouens.

Die toppresterende kategorieë was betrokkenheid by plaaslike regeringsinisiatiewe, die griewemeganismes wat tot die beskikking van studente en personeel is, die diversiteit en gelyke geleenthedsprogramme, personeelopleiding en -ontwikkeling, voldoening aan beroepsgeondheids- en veiligheidsregulasies, indiensnemingstatistiek, vryheid van assosiasie en kollektiewe bedinging oor lone, verskaffers se arbeids-, gesondheid- en veiligheidspraktyke, gelyke vergoeding vir mans en vrouens, en die beleide, prosedures en praktyke wat gevolg word om korrupsie te bekamp.

inligting vir ons belanghebbers

Die inligting in die volgende tabel (p 11 tot p 20) is volgens die voorkeure van ons belanghebbers opgestel. Nie al die inligting wat aangevra is, was egter in ons databasisse of bestuursinligtingstelsel beskikbaar nie. In hierdie gevalle dui ons die stappe aan wat gedoen sal word om die inligting vir die volgende

verslagdoeningstydperk te verkry. Een van hierdie stappe behels 'n werkwinkel om interne belanghebbers op te lei om die data wat vir die volgende geïntegreerde verslag benodig word, vas te lê. Hierdie werkwinkel, wat deur Geïntegreerde Volhoubaarheid-dienste gefasiliteer sal word, sal vroeg in 2014 aangebied word.

ekonomie ¹

Onderwerp	Wat ons doen
1 Die NWU se gemeenskaps-beleggings (finansieel)	Dit is nie deel van die NWU se mandaat om sy inkomste regstreeks in gemeenskappe te belê nie. Ons belegging is gegrond op die skepping van gedeelte waarde vir gemeenskappe deur die implementering van ons kundigheid. Ons volledige strategie kan gevind word by: http://www.nwu.ac.za/files/files/i-institutional-information/annual-report/AR_2013/10.4.1_CE%20strategy-2011_e.pdf Soos uit hierdie strategie afgelei kan word, bied ons ons kundigheid aan gemeenskappe deur gemeenskapsverbintenis-projekte teen minimale of geen koste nie, en verkry ons ook projekbefondsing deur samewerking met belanghebbers uit korporatiewe maatskaplike belegging- (KMB-) fondse en uit ander bronne. Inkomste uit skenkings en beleggings in voetsoolvlakgemeenskappe is moeilik om mee tred te hou, as gevolg van 'n gebrek aan 'n gekoördineerde databasis vir gemeenskapsuitreikingsprojekte. Die proses van die totstandbrenging van 'n databasis sal in 2014 geprioritiseer word. Die dataversamelingsproses sal deur die kampusbestuurspanne van die drie kampusse sowel as die betrokke bestuurs- en ondersteuningspersoneel by die Institusionele Kantoor bestuur word. Gedurende 2013 het die visekanselier 'n ooreenkoms met die drie kampusrektore, die uitvoerende direkteur vir institusionele bevordering en die kampusse se fondsinsamelingskoördineerders bereik om 'n ontleding te onderneem van die inkomste uit korporatiewe bevordering wat deur die NWU gegenereer word. Inkomste uit korporatiewe bevordering is inkomste wat deur die universiteit se kommersialiserings- en korporatiewebevordering-aktiwiteite gegenereer word. Dit maak deel uit van die derdegeldstroominkomste, wat ook navorsings- en innovasie-inkomste vir spesifieke gekontrakteerde navorsings- en innovasieprojekte sowel as kommersialiseringsprojekte insluit, met inbegrip van die aanbidding van kort leerprogramme. Die doel is om 'n omvattende, akkurate en bygewerkte rekord van die inkomste uit korporatiewe bevordering op te stel wat ons in staat is om by die NWU te genereer, met inbegrip van fondse vir gemeenskapsuitreiking en -ontwikkeling. Hierdie inligting sal dan gebruik word om 'n geïntegreerde institusionele bevorderingstrategie te ontwikkel. Nog 'n uitdaging het ontstaan toe ons ons BGSEB-telkaartgradering vir befondsing van maatskaplike belegging bereken het, aangesien ons gevind het dat baie sogenaamde in natura-bydraes (bydraes in die vorm van goedere of dienste) vir ons gemeenskapsontwikkelings- en uitreikingsprojekte moeilik was om te kwantifiseer. Die rede is dat dit moeilik is om die aantal ure wat in gemeenskappe bestee is aan die hand van personeeltariewe te bepaal. Ons kon ook nie 'n uurlikse tarief vir die bydrae deur studente (voorgaads en nagraads) tot "indiensleer" en vrywillige werk bepaal nie. Daar word egter geraam dat in 2013 tussen R3 miljoen en R4 miljoen in natura bygedra is deur ons kundigheid te deel en te implementeer. Hierdie raming sluit nie aktiwiteite in wat teen 'n wins onderneem is nie, soos die aanbidding van kortkursusse. 'n Volledige databasis van gemeenskapsuitreikingprojekte en 'n volledige ontleding van derdegeldstroominkomste wat deur die NWU gegenereer is, kan hierdie gebrek aan inligting ondervang en die NWU in staat stel om sy belegging in die gemeenskap te kwantifiseer. Benewens die implementering van kundigheid in ons gemeenskappe, het die NWU se gemeenskapsbelegging ook beurse vir studente behels. Om die waarheid te sê, die NWU het in 2013 R130,7 miljoen aan beurse bestee.

¹ Kyk bykomende data oor bestuur van klimaatsverandering

2	Positiewe en negatiewe impakte van die NWU se infrastruktuur-beleggings en gemeenskaps-ondersteunings-dienste op die plaaslike ekonomie	In 2013 het die NWU R208,73 miljoen aan infrastruktuurkapitaalprojekte en die makro-instandhoudingsprogram bestee. Die positiewe ekonomiese impak van infrastruktuurontwikkeling behels regstreekse besteding in die plaaslike ekonomie, werkskepping en vaardigheidsontwikkeling. Universiteite moet via die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) kwartaallikse verslae oor die impak van infrastruktuurprojekte op die plaaslike ekonomie, werkskepping en vaardigheidsontwikkeling aan die Presidensiële Infrastruktuurkoördineringskomitee (PIKK) voorsien. Volgens die PIKK-verslag kan meer as 95% van infrastruktuurbesteding wat gerapporteer is, as plaaslike besteding geklassifiseer word. Meer as 800 regstreekse konstruksiewerkseleenthede en 306 vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede is as gevolg van hierdie projekte geskep. (Die inligting oor werksgeleenthede en vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede is voorsien deur die professionele konsultante en kontrakteurs wat by hierdie projekte betrokke is.) Ongelukkig het ons nog nie ons negatiewe impak op die plaaslike ekonomie of algemene gemeenskapsondersteuningsdienste geëvalueer soos wat met ondersteuning vir interne gemeenskappe van die NWU verstaan word nie. Dit sal aandag ontvang en sal uiteindelik in hierdie verslag ingesluit word.
3	Befondsing van die regering of regeringsverwante entiteite	Meer besonderhede oor die befondsing wat van die staat of staatsagentskappe ontvang is, kan gevind word in die Senaatsverslag op p 53, in die verslag van die visekanselier op p 77 en in die finansiële verslag op p 113.
4	Die NWU se onregstreekse ekonomiese impak	As 'n groot werkgewer in elk van die stede waar ons kampusse geleë is, het die NWU werksgeleenthede aan baie mense in die omliggende dorpe en stede voorsien. Die behuising van studente en personeel en die verbruik van dienste en goedere is van kritieke belang vir die ekonomie van die stede waar ons geleë is. Vir die doel van verslaggewing oor hierdie aangeleentheid is ons van plan om die Potchefstroomkampus van die NWU se Besigheidskool te vra om ons by te staan met die kwantifisering van die direkte en indirekte impak van die NWU. Ander faktore wat oorweeg moet word, is ondersteuning van personeel en studente vir plaaslike feeste soos Aardklop en bywoning van opleidings-, kulturele, akademiese en sportgeleenthede.
5	Ekonomiese bydrae van graduandi en alumni	Hierdie inligting is nie bereken nie, aangesien vertroulike inligting oor die verdienste van alumni nie maklik verkry word nie. Verskeie prosesse is egter tans aan die gang om meer inligting omtrent ons alumni te verkry en die alumnidatabasis uit te brei. Een sodanige proses vind plaas onder die toesig van die alumni-oproepsentrum, wat in 2013 voortgegaan het om die kontakbesonderhede van alumni by te werk. As deel van die proses om te verseker dat die NWU 'n goeie verhouding met sy alumni handhaaf, is 'n alumnitydskrif halfjaarliks gepubliseer en versprei, en is 'n Institusionele Alumnivereniging, met verteenwoordiging van al die NWU-kampusse, formeel in Februarie 2013 tot stand gebring. Vir die eerste keer het die NWU toekennings gemaak om erkenning aan ons uitstaande alumni te verleen. Tydens 'n galageleentheid op 6 September 2013 is toekennings aan mnr FW de Klerk, regter Bess Nkabinde, dr Bismark Tyobeka, regter Yvonne Mokgoro, mnr De la Rey Venter, dr Johan van Zyl, prof TT Cloete, mnr Eric Bukasa Ntumba, prof Johann Coetzee en mnr Maans Pretorius gemaak.
6	Die NWU se besteding by plaaslike verskaffers	Die NWU het van Januarie tot Desember 2013 R229 065 068 by plaaslike verskaffers bestee.

7

Inkomste en uitgawes

Hierdie inligting kan in ons finansiële verslag van p 112 tot p 118 verkry word.

8

Finansiële implikasies en risiko's van klimaatsverandering

Die NWU het tans nie 'n spesifieke beleid of strategie wat die implikasies van klimaatsverandering hanteer nie (byvoorbeeld die finansiële implikasies en risiko's wat dit vir die universiteit inhou).

As deel van die ontwikkeling van 'n omvattende omgewingsimpak- of klimaatsveranderingimpak-strategie het die universiteit beduidende fondse begroot vir 'n proses wat 'n oudit van voldoening aan omgewingsreg ingesluit het. Voorgestelde ingrepe, voortvloeiend uit die oudit, is geïmplementeer. Die NWU-strategie sal na verwagting teen die laaste helfte van 2014 voltooi wees.

'n Aantal aspekte soos studente en personeel wat groot afstande na en van die kampusse moet reis, is as 'n potensiële bydraer tot koolstofvrystellings geïdentifiseer.

Hoewel bogenoemde aspek hanteer is deur 'n digitale "soek 'n geleentheid"-platform wat op al drie kampusse beskikbaar sal wees, moet hierdie kwessie verder ondersoek word. Een manier om dit te doen is om 'n oorsig uit te voer van alle aspekte met betrekking tot klimaatsverandering ten einde die implikasies daarvan vir die universiteit te bepaal. Slegs dan kan toepaslike, konteksspesifieke beleide en strategieë vir die universiteit in die geheel en vir elk van die drie kampusse in die besonder ontwikkel word.

9

Gradering en prestasie tov breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB)

Ooreenkomstig die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, No 53 van 2003, voldoen die NWU aan die spesifikasies en vereistes van Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging-kodes (BGSEB-kodes).

Ons mees onlangse verifiëringsoudit het vlak 4-voldoening getoon, wat 100%-erkenning van besteding impliseer. Die NWU is ook as 'n waardetoevoegende verskaffer gekategoriseer.

Met inagneming van die verskillende elemente van BGSEB presteer die NWU uitnemend in voorkeurverkryging en ondernemings-sowel as sosio-ekonomiese ontwikkeling. Wat betref bestuursbeheer, indiensnemingsgelykheid en veral vaardigheidsontwikkeling is gradering egter tans nog problematies.

'n Langtermynbenadering word gevolg om hierdie drie elemente die hoof te bied. In die besonder sal die bereiking van teikens vir indiensnemingsgelykheid die telling vir al drie verbeter. Dit is egter belangrik om te noem dat alle hoërondewysinstellings klaarblyklik probleme ervaar met optimale gradering wat betref hierdie drie elemente.

Verder moet daar ook melding gemaak word van die BGSEB-teikens in ander statutêre velde, insluitende NWU-beleide en -praktyke.

10

Omskrewe-voordeelplanverpligtinge vir werknemers

Voordeelplanverpligtinge vir ondersteuningspersoneel en permanente akademiese personeel word beheer deur die Wet op Hoër Onderwys, No 101 van 1997, die Wet op Arbeidverhoudinge, No 66 van 1995, die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, No 75 van 1997 en ander verbandhoudende en toepaslike wette. Hierdie voordeelplanverpligtinge is in die dienskontrakte van personeel ingesluit.

omgewing

1	Besteding aan omgewingskwessies	Die begroting vir omgewingskwessies en -verantwoordelikheid staan nie los van die normale bedryfsbegroting van die NWU nie. In 2013 is 'n bedrag van R1 miljoen vir 'n voldoeningsoudit wat betref omgewingsreg toegewys. Hierbenewens het kampusse skenkings en ander bronne van befondsings gebruik om omgewingsinisiatiewe uit te rol. (Kyk paragraaf agt hieronder.)
2	Integrasie van omgewingsbeginsels en vaardigheidskwalifikasies, -onderrig en -praktyke	Die meeste fakulteite op al drie kampusse is reeds in die proses van instelling van spesifieke modules in hul kurrikula wat omgewingsbeginsels bevat. 'n Voorbeeld van bogenoemde kan gesien word in die Fakulteit Ingenieurswese en in Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, wat 'n volhoubaarheidstema in hul kurrikulums ingestel het. Eerstejaarsingenieurstudente moet as deel van 'n omgewingsprogram, wat in assosiasie met die Vrye Universiteit in Brussel aangebied word, projekte oor groen temas uitvoer. In die geval van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe is 'n bewusmakingsprogram by 60 primêre skole van stapel gestuur. Programme by ander fakulteite sluit die deelname van die BCom-vierdejaarstudente op die Potchefstroomkampus aan jaarlikse koolstofkredietberekeninge in. Op die Vaaldriehoekkampus is studente in die Fakulteit Basiese Wetenskappe betrokke by 'n verskeidenheid projekte wat omgewingsbeginsels integreer.
3	Omgewingsgriewemeganismes	Daar is nog geen omgewingsgriewemeganisme in plek nie. Ons is in die proses om 'n raamwerk vir implementering van volhoubare praktyke op alle vlakke by die NWU tot stand te bring. Die raamwerk sal in 2014 tot stand gebring word en sal 'n strategie en beleid insluit wat as deel van risikobestuur vir 'n griewemeganismeprosedure voorsiening sal maak.
4	Energieverbruik en energie-doeltreffendheidsinisiatiewe	Energieverbruik word op al drie kampusse gemoniteer en verskeie inisiatiewe is in plek om elektrisiteit te bespaar, byvoorbeeld 'n jaarlikse energiebesparingskompetisie by die studentekoshuise. Dit sal in 2014 uitgebrei word. Tans is die institusionele afdeling Finansiële Dienste en die Fakulteit Ingenieurswese besig om die gebruik van sonenergie ter ondersteuning van energiedoeltreffende stelsels op die kampus te ondersoek.
5	Omgewings-evaluering van verskaffers	Die NWU is daartoe verbind om groen produkte te koop en sekere "groener" produkte word reeds in ons magasyn aangehou. Ons voldoen ook aan wetgewing wat betref gesondheid en veiligheid, wat in sommige gevalle die soorte produkte beïnvloed wat by die NWU gebruik word. Daar is egter geen voorgeskrewe prosedures om op hierdie tydstip ons verskaffers te evalueer soos wat die geval met verskaffingskettingevaluerings is nie. Dit sal in toekomstige beplanning ingesluit word.
6	Impak op biodiversiteit	Die grootste impak tans op biodiversiteit (op kampusvlak) is die teenwoordigheid van uitheemse en indringerplante. 'n Aantal belangrike aspekte op die onderskeie kampusse is vir aandag gemerk. Dit sluit in die aanhou van wild en die bestuur van potensiële natuurlike brandrisiko's op die Vaaldriehoekkampus, die wettige vervoer van inheemse biologiese hulpbronne en die bestuur van versamelings biologiese organismes deur bioprospekterpermitte op die Potchefstroomkampus, asook die aanhou van diere op die Mafikengkampus. Planne is aan die gang om 'n goed ontwerpte strategie in te stel om elk van hierdie aspekte te hanteer, byvoorbeeld 'n moniteringsprogram vir die beheer van uitheemse en indringerplante, tesame met die regstelling van nievoldoening soos in die wetsvoldoeningsoudit uitgewys is.

7

Watervoetspoor- bestuur

Die werkers wat verantwoordelik is vir die besproeiing van die tuine ontvang maandeliks opleiding oor hoe om water verstandig te bestuur.

Al die tuine op die Potchefstroomkampus word tans uit een van ses damme op die kampus besproei. Ongeveer 80% van die water wat vir hierdie doel gebruik word, is grys (afvalwater).

Daar word tans gewerk aan 'n voorstel om 'n stelsel in te stel om die waterinlate op die Potchefstroomkampus te monitor ten einde watergebruik meer akkuraat te meet.

Soortgelyke inisiatiewe sal in die nabye toekoms op die ander twee kampusse ingestel word. Die Vaaldriehoekkampus is gretig om te begin om stormwater vir besproeiingsdoeleindes te gebruik, aangesien hulle langs die Vaalrivier geleë is.

8

Voldoening aan omgewingswette en -regulasies

In 2013 is 'n oudit van voldoening aan omgewingswetgewing regdeur die NWU deur die Potchefstroomkampus se Sentrum vir Omgewingsbestuur gedoen.

Ten tyde van die oudit is daar bewys gevind van beduidende nievoldoening aan toepaslike omgewingswette ten opsigte van die prosesse wat deur die Institusionele Kantoor en die drie kampusse besit en bestuur word.

In die geval van die Institusionele Kantoor was die sleutelprosesse wat risiko's ingehou het infrastruktuurontwikkeling of -instandhouding, die bestuur van navorsing en die bestuur van gevaarlike stowwe en goedere. Op kampusvlak is die impak van grond- en biodiversiteitsbestuur uitgelig.

Sedert die oudit is verskeie planne en prosesse in plek gestel om geïdentifiseerde tekortkominge die hoof te bied. Strategiese befondsing ten bedrae van R1 miljoen is beskikbaar gestel om die tekortkominge reg te stel.

Elke kampus het R350 000 ontvang, hoofsaaklik om met regstelling te help, hoewel 'n gedeelte vir die inisiëring van Groen Kampus-inisiatiewe gebruik kon word. Die proses van regstelling van tekortkominge in oorleg met die Sentrum vir Omgewingsbestuur sal in 2014 uitgerol word. Hierdie befondsing sal deur middel van ons jaarlikse begrotingsproses aangevra word totdat die verbeteringsplanne afgehandel is.

9

Lugvrystellings

Die NWU monitor nie sy lugvrystellings nie en het geen data op rekord nie, as gevolg van 'n gebrek aan hulpbronne. Dit sal by langtermynplanne ingesluit moet word. Ten einde aan standaarde vir gesondheid en veiligheid te voldoen, moet alle laboratoriums met suigwaaiers en uitsuigkappe vir die uitsuig van chemiese dampe toegerus word. Sommige van hierdie toerusting is om veiligheidsredes met filters toegerus.

10

Bestuur van vervoer

Die NWU bestuur 'n vlootmotorhuurstelsel op die Vaaldriehoek- en Potchefstroomkampus.

Poelvoertuie mag slegs vir amptelike reise deur personeel en studente gebruik word. Die voertuie ressorteer onder die afdeling Tegnieke Dienste, wat alle verhuurings administreer.

Slegs NWU-personeel en -studente met Suid-Afrikaanse of internasionale bestuurderlisensies word toegelaat om hierdie voertuie te bestuur.

Aangesien die Mafikengkampus nie 'n voertuigvloot het nie, gebruik personeel hul private voertuie. Hulle mag 100% van die tariewe eis, volgens 'n tariefskema wat jaarliks bygewerk word.

Die koop en verkoop van voertuie word volgens die NWU se Verkrygingsbeleid en twee prosedures oor die koop en verkoop van NWU-bates hanteer.

Die uitdaging wat die NWU in die gesig staar, is om ons koolstofvoetspoor te verklein. Dit kan gedoen word deur minder voertuie te gebruik en die gebruik van alternatiewe vervoer soos fietse op kampusse aan te moedig, of deur konferensieoproep te maak en vergaderings met videokonferensiefasiliteite of internettegnologie te hou eerder as om lang afstande te reis.

Parkering op die Potchefstroomkampus is 'n groot uitdaging en dus is daar met 'n pendeldiens met gebruik van klein bussies begin. Die idee is om die NWU-vervaardigde biodiesel (bekend as Pukki-diesel) vir hierdie voertuie te gebruik.

11

Tipes en volumes materiaal gebruik

Ons beskik tans nie oor presiese inligting nie, maar ons weet dat daar jaarliks omtrent 80 000 rieme (500 blaaië per riem) papier op die drie kampusse gebruik word.

Oor verloop van drie jaar het studiegidses en ander gedrukte materiaal wat deur die NWU gebruik is ongeveer 60 miljoen kopieë beloop. As deel van die Go Green-strategie wat geleidelik op die kampusse geïmplementeer word, het die Mafikengkampus papierkopieë van notules en aanvullende notas vir bestuursvergaderings uitgefaseer. Die Institusionele Kantoor en ander kampusse het die voorbeeld gevolg, en alhoewel hierdie praktyk nog nie verpligtend is vir alle vergaderings nie, is die meeste bestuursvergaderings reeds papierloos.

Die Departement Bemaking en Kommunikasie op die Potchefstroomkampus het 80% van hul gedrukte bemakingsmateriaal vir voornemende studente in elektroniese formaat omskep.

Die Ferdinand Postma-biblioteek, ook op hierdie kampus, het meer as 5 000 e-boeke beskikbaar gestel.

Namate die omgewingsbewustheidsveldtogte meer suksesvol raak, verwag ons 'n verbetering in die langtermynimpak wat die bestuur van alle materiaal op die omgewing kan hê.

12

Afvalbestuur by die NWU

Die omgewingsouditverslag het aangedui dat algemene afvalbestuur, isotoopbestuur, die bestuur van gebouafval en watergebruik 'n risiko kan inhou.

Dit is as gevolg van die afwesigheid van formele reëlins om roetineaktiwiteite, nuwe tegnologieë, innovasies en besigheidsinisiatiewe op 'n konsekwente en betroubare wyse dop te hou vir die potensiele toepaslikheid van omgewingsreg, en die moontlikheid dat omgewingslisensiering nodig is.

By al drie kampusse is 'n meer doeltreffende benadering voorgestel vir die bestuur van gevaarlike goedere en gevaarhoudende stowwe, en die generering, hergebruik, vermindering en herwinning van afval. Dit sluit in die berging, bestuur en wegruiming van hierdie goedere, personeelopleiding, bedryfsdokumentasie van gevaarhoudende stowwe en die beperking van stortings.

Ander aspekte wat geïdentifiseer is, byvoorbeeld kontrakteurs se verantwoordelikhede vir omgewingsverpligtinge soos afvalbestuur op die bouperseel en die onwettige wegruiming van bourommel, sal ook mettertyd aandag kry.

Tot die einde van 2011 is die Potchefstroomkampus se droë afvalmateriaal opgelaaie deur 'n kontrakteur en dan vervoer na 'n plek (nie op kampus nie) waar dit in verskillende kategorieë gesorteer is. Sedert die inwerkingtreding van die nuwe wet op afvalbestuur oor die sortering en berging van afval lewer die kontrakteur egter nie meer hierdie diens nie. Dit het die kampus genoop om nuwe oplossings te vind.

Papier en plastiek word by die bron geskei en vyf herwinningstasies is in verskeie publieke areas opgerig. Die kampus werk saam met die Tlokwe-munisipaliteit en herwinningsdrome is geskenk vir die herwinningstasies. (Die ander twee kampusse het ook herwinningstasies, maar hulle moes self die drome aankoop.)

Papier word herwin en ingesamel deur die Potchefstroomkampus se Tegnieëse Dienste – van die kantore van die kampusrektor en die Verteenwoordigende Studenteraad, en van die Institusionele Kantoor wat net langs die kampus geleë is.

Die verpakkingsmateriaal wat gebruik word vir kos en drankies wat op die Potchefstroomkampus verkoop word, word ook geleidelik vervang deur opsies wat beter is vir die omgewing. Gebruikte kookolie word by die studentesentrum, die Drakenstein-restaurant en verskeie kampuseetsale ingesamel en gebruik vir die vervaardiging van biodiesel, as deel van 'n projek waarby die Fakulteit Ingenieurswese betrokke is. Die ander twee kampusse is reeds besig met die implementering van soortgelyke inisiatiewe.

1

Kwaliteitsversekering-standaarde van gelewerde opvoedkundige dienste

Prosesse om toepaslike hoëkwaliteitskwalifikasies te verseker, is in plek. 'n Spesiale vergadering van die uitvoerende komitee van die Senaat is op 24 Julie 2012 belê om 'n visie en 'n plan vir onderrig en leer by die NWU te bespreek. 'n Taakspan is daarna aangestel om 'n strategiese plan vir onderrig en leer verder te ontwikkel. Hierdie strategie is in die finale konsepstadium en sal in 2014 aan die Senaat voorgelê word.

Kortliks fokus die Onderrig- en leerstrategie op vier strategiese doelwitte: hoëkwaliteitonderrig en -leer, verbeterde toegang en sukses, kurrikulumhervorming en 'n instaatstellende, volhoubare leeromgewing.

In die ontwikkeling van die strategie het die taakspan die moontlikhede inherent aan die aanvaarding van vervlegte leer en die gebruik van tegnologie op en van die kampus af ondersoek om 'n leerervaring te voorsien wat kontak- en e-leerbenaderings aanwend.

Die artikulering van kenmerke van graduandi is herformuleer om verantwoordelike burgerskap in te sluit. Hierdie kenmerke van graduandi dien as vertrekpunt vir die ontwikkeling van akademiese programme, en insluiting van verantwoordelike burgerskap gee vorm aan die kurrikulum ten einde aandag aan omgewingskwessies in alle akademiese programme te verseker.

Die Institusionele Kwaliteitskantoor dryf die ontwikkeling en implementering van die universiteit se kwaliteitsbestuurstelsel in samewerking met die betrokke rolspelers. Kwaliteit word op alle vlakke van die akademiese en ondersteuningsbedrywighede geëvalueer, aanspreeklikheid word beklemtoon en maatreëls is in plek om verbetering as deel van kwaliteitskontrole te verseker. Vir meer besonderhede oor kwaliteitsversekering, raadpleeg p 46 van die Senaatsverslag.

2

Antikorrupsiebeleide, -prosedures en -praktyke

Die universiteit het 'n oudit-, nakomings- en risikokomitee wat voldoening en risiko moniteer.

Hoewel die NWU nie enige formele antikorrupsiebeleide het nie, bied Interne Oudit gereeld inligtingsessies aan om bedrog te voorkom. 'n Bedroghandleiding word ook tans ontwikkel. Die NWU het reeds 'n beleid oor die aanmelding van wanadministrasie en onreëlmatighede, en die beskerming van openbaarmaking is op die beskerming van fluitjieblasers gefokus. Om te verseker dat alle personeel toegang tot die beleid het, is dit op die NWU-intranet geplaas.

'n Beleid wat belangebotsings reguleer, word tans hersien en sal teen die van Junie 2014 vir goedkeuring tydens die tweede Raadsvergadering van 2014 afgehandel word.

Interne Oudit evalueer en maak aanbevelings oor interne kontroleprosedures en verifieer finansiële syfers vir verslagdoeningsdoeleindes. Hierdie afdeling hanteer ook spesiale ondersoeke oor aangemelde onreëlmatighede en bedrogverwante aangeleenthede, en beheer die oopmaak van tenders.

3

Gesondheid en veiligheid

Gesondheids- en veiligheidsbeamptes is op al die kampusse aangestel en is gesamentlik verantwoordelik om alle gesondheids- en veiligheidsaangeleenthede te bestuur. Vir verdere inligting oor gesondheid en veiligheid, kyk paragraaf tien.

4

Gelyke vergoeding vir mans en vroue

Een stel salarisskale is op alle werknemers van toepassing, ongeag geslag of ras. Permanente aanstellings word volgens goed gedokumenteerde advertensies, posbeskrywings en onderhouds- en aanstellingsprosesse gedoen. Ons publiseer nie die werklike skale nie, aangesien ons dit as vertrouelike inligting beskou.

5

Plaaslike gemeenskaps-verbintenisse inisiatiewe en -impakte

Hoewel 'n wye verskeidenheid plaaslikegemeenskapsinisiatiewe op al die kampusse bestaan, is daar geen formele databasis van inisiatiewe nie en is daar ook nie 'n geformaliseerde stelsel vir die koördinerende van gemeenskapsprojekte nie. Die afwesigheid van hierdie hulpmiddels is 'n struikelblok vir verslagdoening oor alle inisiatiewe.

Aan die einde van 2012 is 'n sagte oorsig (minder gedetailleerd) gedoen van al die aktiwiteite van die Institusionele Gemeenskapsverbintenskantoer. Bevindinge het die gebrek aan 'n databasis as 'n tekortkoming geïdentifiseer, tesame met die gebrek aan 'n gedeelde begrip van wat ons regdeur die NWU as gemeenskapsverbintenis kategoriseer. Hierdie tekortkominge sal as 'n prioriteitsaak deur middel van die taakooreenkomste van alle betrokke lynbestuurders in 2014 hanteer word.

In November 2011 het die NWU se Gemeenskapsverbintenskantoer 'n basislynevaluering van die behoeftes en bates in al die distrikte in die Noordwes-provinsie as 'n riglyn vir gemeenskapsverbintenis en -ingrepe voltooi.

Die inligting wat in die verslag vervat is, is deur die NWU-Gemeenskapsverbintenis trust gebruik om sy strategie vir geïntegreerde volhoubare ontwikkeling te bepaal. Die NWU het nog nie sy impak op gemeenskappe gekwantifiseer nie as gevolg van 'n gebrek aan hulpbronne vir 'n jaarlikse studie om die impak van ons gemeenskapsverbintenis te bepaal, tesame met die bogenoemde uitdagings.

Ten einde hierdie uitdaging die hoof te bied, is daar in Desember 2013 'n navorser aangestel om met 'n nuwe basislynstudie wat in 2014 uitgevoer sal word, behulpsaam te wees.

6

Griewemeganismes

Ingevolge Hoofstuk 5 van die Wet op Arbeidsverhoudinge is daar 'n werksplekforum op elke kampus en by die Institusionele Kantoer.

Hierdie forums:

- > Bevorder die belange van alle werknemers in die werksplek, ongeag of hulle lede van vakbonde is al dan nie.
- > Verbeter doeltreffendheid in die werksplek.
- > Word deur die werkgewer geraadpleeg om konsensus te bereik oor kwessies soos herstrukturering van die werksplek.

Die forums is daarop geregtig om aan gesamentlike besluitneming oor verskeie werknemerverwante aangeleenthede deel te neem, soos dissiplinêre kodes en prosedures. Die werksplekforums vergader maandeliks en voorsien terugvoeringsverslae aan die Institusionele Bedingingsforum.

7

Programme vir diversiteit en gelyke geleentheid

In 2013 het die NWU verskeie stappe gedoen om die NWU se indiensnemingsgelykheidsprofiel te verbeter. Dit sluit in 'n kapasiteitsboufonds, voorgraadse en nagraadse programme, internskappe, opvolgingsbeplanning en diversiteitsbestuur. Op die Potchefstroomkampus het die studenteraad verskeie projekte geïmplementeer wat met taal-, transformasie- en erfenisaangeleenthede handel. Vir meer inligting, raadpleeg die verslag van die visekanselier p 70 tot p 74.

8

Programme vir werknemersopleiding en mensehulpbron-ontwikkeling

Ons het voortgegaan om personeellede te ondersteun om hul kwalifikasies en beroepsvaardighede te bevorder. Vir meer inligting, raadpleeg die Senaatsverslag, p 47 en p 48, en die verslag van die visekanselier, p 73. Hierbenewens is die beleid oor Opleiding en Ontwikkeling hersien en in September 2013 deur die Raad goedgekeur. Die volgende statistiek vir 2013 plaas die kollig op die NWU se Vaardigheidsontwikkelingsfonds-programme en die totale getal werknemers wat hierby baat gevind het:

Kort leerprogramme (intern)	1 320
Kort leerprogramme (ekstern)	561
Gesondheid en veiligheid	422
Leierskap en bestuur	346
IT	392
Oriëntasie van nuwe werknemers	175
Akademie ontwikkeling en ondersteuning	21
VBOO	45
Totaal	3 282

Swart werknemers opgelei	993
Swart vroulike werknemers opgelei	679
Personeelafslag en Unisa-fonds:	
> Kwalifikasies by die NWU verwerf	348
> Afhanklikes wat NWU-kwalifikasies verwerf het	555
> Kwalifikasies by Unisa verwerf	103
Totaal	1 038

9

Indiensnemingstatistiek

Die NWU het altesaam 3 477 permanente werknemers in 2013 gehad, waarvan 1 968 manlik en 1 509 vroulik was. Kyk p 70 in die verslag van die visekanselier vir meer besonderhede.

10

Beroepsgesondheid en veiligheid

Die Institusionele departement Beroepsgesondheid en Veiligheid is saam met die NWU-bestuur daarvoor verantwoordelik om voldoening aan die wetgewing mbt beroepsgesondheid en veiligheid te verseker.

In 2013 het die departement gefokus op bewusmakingsprogramme, ouditte en die samestelling en implementering van 'n gesondheid- en veiligheidsbestuurstelsel.

Die eerste element van hierdie bestuurstelsel is op 30 April 2013 geïmplementeer. Die implementering van die ander vier elemente is geskeduleer vir 31 Julie 2014.

Beroepsgesondheid op die Potchefstroomkampus het met Institusionele Beroepsveiligheid saamgesmelt met die oog op die verwesenliking van gedeelde doelwitte vir die bestuur van beroepsgesondheid en veiligheid in alle NWU-werkareas.

Gesondheid en veiligheidsverteenwoordigers is op al drie kampusse en by die Institusionele Kantoor aangewys. 'n Voltydse gesondheids- en veiligheidskoördineerder is eweneens aangestel, met die primêre funksie om gesondheids- en veiligheidsvoldoening van kontrakteurs en diensverskaffers op NWU-boupersele te verseker.

In samewerking met Mensekapitaal is gesondheids- en veiligheidsopleidings- en bewusmakingsprogramme op al drie kampusse en by die Institusionele Kantoor van stapel gestuur. Kontrakteuropleiding is ook op die Mafikeng- en Potchefstroomkampus aangebied.

'n NWU-noodprosedure is gefinaliseer, en brandveiligheidsvoldoening in geboue regoor die NWU is beduidend verbeter. Dit is gedoen deur te fokus op veiligheidskennisgewings en die instandhouding van, onder meer, brandbestrydingstoerusting in NWU-geboue. Brandveiligheidsvoldoeningsertifikate is gevolglik gedurende 2013 aan 'n groot aantal geboue uitgereik.

11

Vryheid van assosiasie en kollektiewe bedingingspraktyke

Vryheid van assosiasie is 'n algemeen aanvaarde praktyk by die NWU.

Die Institusionele Bedingingsforum (IBF) is die komitee wat saamgestel is ingevolge die erkenningsooreenkoms tussen die werknemerorganisasies en NWU-bestuur. Dit funksioneer ingevolge hoofstuk 3 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, no 66 van 1995.

Die IBF behartig institusionele aangeleenthede van gemeenskaplike belang, insluitende jaarlikse salarisonderhandelings. Hulle behartig ook kollektiewe oorlegplegingskwessies, soos beleide, prosedures, en praktyke.

Die forumlede sluit ses verteenwoordigers van die bestuur in, vyf van die vakbond, SAPTU, en twee van die ander erkende unie, NEHAWU. Die IBF vergader maandeliks en lewer maandeliks verslag aan die institusionele bestuur.

Geskille wat buite die bestek van die IBF val, word deur middel van interne prosedures hanteer. Dit sluit in die prosedures vir die hantering van griewe en die bestuur van ongeskiktheid, teistering en dissipline.

12

Besonderhede van verskaffers se arbeids-, gesondheids- en veiligheidspraktyke

Dit is moeilik om hierdie vereiste deurgaans af te dwing vir alle verskaffers van die NWU, veral in die geval van plaaslike klein en mediumgrootte ondernemings wat nie bekend is met hierdie vereistes nie.

Die tref van reëlins om hierdie verskaffersbesonderhede op 'n gereelde basis te verkry, sal 'n langtermynproses noodsaak en sal opleiding van gereelde verskaffers moet behels, wat nie deel is van die NWU se kernbesigheid nie. In die geval van groot tenders vra ons egter hierdie inligting aan as deel van die tendervereistes.

Stappe om hierdie leemte aan te pak, is nog nie by die NWU bespreek nie.

Die NWU streef daarna om die ekonomiese, omgewings- en sosiale impak van ons aktiwiteite op 'n verantwoordelike manier te bestuur.

ekonomiese impak

Bouprojekte op ons kampusse het tot meer as 800 direkte werksgeleenthede in die konstruksiebedryf en 306 vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede gelei.



omgewingsimpak

Ons Vaaldriehoekkampus is gretig om stormwater vir besproeiing te begin gebruik, aangesien hulle langs die Vaalrivier geleë is.



In 2013 is 'n omgewingsreg-voldoeningsoudit op alle NWU-kampusse uitgevoer.

sosiale impak

Ons het die mate waarin ons voldoen aan veiligheidsmaatreëls vir brandbestryding verbeter deur op veiligheidskennissgewings en brandbestrydingstoerusting in ons geboue te fokus.



60%

raadslede nie in diens of studente
van die NWU nie



16
eksterne raadslede

14

interne raadslede



83%

bywoning: Raad
en raadskomitees

10

raadskomitees

4

eksterne raadslede op
die finansiële komitee

Die Raad keur die volgende goed:

- ▶ 3 eredoktorsgrade
- ▶ 5 nuwe beleide en reëls
- ▶ die finansiële state vir 2013
- ▶ die Institusionele Plan vir 2014



hoe ons die nwu korporatief bestuur

- 24 boodskap van die kanselier
- 26 verslag van die voorsitter van die raad
- 30 raadsverslag oor korporatiewe bestuur
- 34 ontmoet ons raadslede
- 40 verslag van die institusionele forum



boodskap van die *Kanselier*

KGOSI LERUO MOLOTLEGI

'n Universiteit is 'n mikrokosmos – dit is tegelyk lewend, kompleks en asemrowend. In hierdie sin was die NWU vanjaar waarlik universiteit, 'n plek wat oorgeloop het met aktiwiteite, navorsing, groei, eksperimentering en prestasies. Hiervan getuig die publikasie voor u. Oor die afgelope jaar is R208,73 bestee om nuwe geboue op te rig en is die 10-jaar-makro-instandhoudingsprogram ook voortgesit. Dit is alles pogings om die infrastruktuur te verbeter en meer eweredig te versprei, en so ook die akademiese aanbiedinge op al ons kampusse te verbeter.

Om maar net 'n paar inisiatiewe te noem, die Mafikengkampus het die nuwe FCA Statistiese Konsultasiedienste bygekry, en die kampus se Sentrum vir Inheemse Kennisstelsels is na die Fakulteit, Landbou, Wetenskap en Tegnologie verskuif. In Potchefstroom het ons die Hervormde Kerk-eiendom in Presidentstraat aangekoop en het ons toegesien dat werk aan 'n nuwe Farmasie- en Lewenswetenskapgebou in alle erns begin.

Natuurlik is ons universiteit geraak deur die aanslae van die ekonomiese storms op nie net ons land nie maar inderdaad ook op die wêreld ekonomie. Dit is moeilik om geld in die hande te kry en die mededinging vir befondsing by wyse van toelaes, van die regering sowel as van ander bronne, raak al strawwer. Ons kan dus trots wees op die feit dat ons vir beduidende toelaebefondsing gekies is, waaronder R30,1 miljoen in 2013 vanaf die Tegnologie- en Mensehulpbronprogram ("THRIP").

Wat verdere hoogtepunte betref, kan ons maar net dink aan die eredoktorsgrade en kanseliersmedalje wat toegeken is, die meer as 15 000 grade en diplomas wat studente ontvang het, die verdubbeling van die

Vaaldriehoekskampus se postdoktorale uitsette, die R130,7 miljoen se beurse wat oor ons kampusse toegeken is...

Daar is soveel meer om te vertel omtrent die lewe en prestasies van hierdie besonderse universiteit. Ons moedig u graag aan om na die inhoud van hierdie publikasie te kyk as nie bloot 'n verslag van 'n jaar wat op alle fronte suksesvol was nie – ten opsigte van bestuur, die akademie, studente lewe, uitnemendheid op sportgebied, groei en transformasie – maar om die jaar holisties te beskou, as deel van ons gesamentlike reis onderweg na 'n plek waar ons werklik kan sê dat ons onder die beste in die wêreld is ten opsigte van dit wat ons doen.

Ek wil graag die uittredende visekanselier, die onvermoeibare en visionêre dr Theuns Eloff, vir sy uitnemende leierskap oor die afgelope dekade bedank. Terselfdertyd wil ek graag 'n hartlike woord van welkom rig aan 'n gesig wat reeds aan ons almal bekend is: die veranderingsgefokusde, diensgeoriënteerde en begaafde prof Dan Kgwadi, wie se aanstelling as nuwe visekanselier deur die Raad goedgekeur is.

Toe die Noordwes-Universiteit 'n jaar gelede daarna begin streef het om plaaslik sowel as internasionaal 'n universiteit van keuse te word, het ons geweet ons het die moed nodig om te verander waar verandering nodig is, maar ook die wysheid om te weet waar kennis bewaar moet word. Waar ons die tweede dekade sedert die samesmelting in 2004 betree, weet ons dat hierdie proses nooit maklik gaan wees nie, maar tog toon ons egalige en verblydende vordering.

Ons sê geluk aan en bedank al diegene wat, in die naam van onderwys en 'n beter toekoms vir ons land, in 2013 hard geswoeg het. Elke poging, ongeag hoe klein, het gehelp om 2013 'n jaar te maak waarop hierdie universiteit en ons familie van kampusse met reg trots kan wees.

KGOSI LERUO MOLOTLEGI

KGOSI LERUO MOLOTLEGI
KANSELIER



“ Sedert 2004 het die NWU twee kanseliers gehad – eers dr Popo Molefe (2004 tot 2009) en daarna Kgosi Leruo Molotlegi (2009 tot 2014). In 2013 het die NWU-raad eenparig ingestem om Kgosi Molotlegi vir nog 'n vyfjaartermyn aan te stel.





verslag van die

Voorsitter van die Raad

MNR PEET VAN DER WALT

As beskermheer oor korporatiewe bestuur gee die Raad die toon aan vir die instelling en speel dit 'n belangrike rol in die omskrywing van ons doelwit, waardes en strategie. Gedurende 2013 het die Raad daartoe verbind gebly om die doeltreffendheid van hul funksie van korporatiewe bestuur en toesig as die hoogste korporatiewe bestuursliggaam van die universiteit te verseker.

selfevaluering van die raad

Gedurende die tweede semester van 2013 het lede van die Raad en die raadskomitees 'n selfevalueringsoorsig voltooi om die rol en funksionering van die verskillende korporatiewebestuurstrukture ten opsigte van hul mandaat te evalueer. Uit die resultate van hierdie selfevaluering is dit duidelik dat die Raad onafhanklik in hul besluitnemingproses is en hul korporatiewebestuurrol in verhouding tot die daagliksebestuursrol wat aan die visekanselier toegewys is, duidelik verstaan. Die lyne van verantwoordelikheid tussen die korporatiewebestuurstrukture en bestuur is duidelik afgebaken en daar word duidelik daarby gehou.

belangrike aspekte wat in 2013 hanteer is

Gedurende 2013 het die Raad en sy komitees die volgende belangrike sake hanteer:

- ▶ Statutêre aanstellings en raadskomiteeverkieings is hanteer.
- ▶ Verskeie lede is genomineer om in die raadskomitees te dien ná die verstryking van die ampstermyne van voormalige raadslede.
- ▶ Prof Frik van Niekerk, adjunk-visekanselier vir navorsing, innovasie en tegnologie, is vir 2013 as adjunkhoof aangestel.
- ▶ Die voorsitter van die Raad het in aanraking gekom met lede wie se bywoningskoerse onder die ooreengekome 50% was.

- ▶ Die Raad het die totstandbrenging van die Alumnivereniging ooreenkomstig paragraaf 33(2) van die NWU-statuut erken.
- ▶ Eredoktersgrade is gedurende 2013 vir toekenning in 2014 aan die volgende ontvangers goedgekeur:
 - > Prof MA Kaashoek – Wiskunde
 - > Hoofregter Mogoeng Mogoeng – Regte
 - > Prof M Welker – Sistematiese Teologie
- ▶ 'n Kanseliersmedalje is gedurende 2013 vir toekenning in 2014 aan mev MG Masuku goedgekeur.
- ▶ Die Raad het die volgende infrastruktuurontwikkelings goedgekeur:
 - > Die benutting van R15 miljoen uit 'n NWU-geldmarkbelegging vir die fietsrybaanprojek, wat gedoen sal word by wyse van 'n skenking aan die North-West Velodrome Trust.
 - > Die aankoop van die “Hervormde Kerk”-eiendom in Presidentstraat, Potchefstroom; die Raad het aan die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite die mandaat gegee om met verdere onderhandelings voort te gaan.
 - > 'n Nuwe Farmasie- en Lewenswetenskapsgebou wat gedeeltelik deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding befonds is.
- ▶ Die Raad het in 2013 die volgende goedgekeur ten einde die voortgesette stabiliteit van die NWU se bestuur, bedryf en finansies te verseker:
 - > Die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2013.
 - > Die 2014-begroting.
 - > Die 2012-jaarverslag, wat op 30 Junie 2013 aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê is.
 - > Die 2013-register van sleutelrisiko's.
 - > Die aanstelling van PricewaterhouseCoopers as eksterne ouditeure van die NWU vir die finansiële jaar geëindig Desember 2013.
 - > Die Raad het ook die Institusionele Plan 2014 aanvaar, wat vroeg in 2014 aan die Departement van Onderwys voorgelê sal word.
- ▶ Die Raad het steeds toesig gehou oor die belyning van bestaande beleide, reëls en prosedures regdeur die NWU, en het die volgende beleide in 2013 goedgekeur:
 - > Reëls en prosedures vir die verklaring van belange deur raadslede
 - > Beleid oor Byeenkomste, Optogte en Betooglinievorming by die NWU
 - > Gedragsbeleid
 - > Beleid oor Aanlynpublikasies
 - > Internasionaliseringsbeleid



“ Sedert 2004 het die NWU drie raadsvoorsitters gehad. Hulle was mnr Litha Nyhonyha, dr Lidia Sebegu en mnr Peet van der Walt, die huidige raadsvoorsitter. ”

- ▶ Die Raad het die wysiging van 10 bestaande beleide goedgekeur, insluitende die Beleid oor Indiensnemingsgelykheid en die Beleid oor Werknemers met Gestremdhede.
- ▶ Die Raad het die volgende veranderinge aan akademiese en navorsingstrukture goedgekeur:
 - > Die verskuiwing van die Sentrum vir Inheemse Kennisstelsels na die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus.
 - > Die totstandbrenging van FCA Statistiese Konsultasiedienste op die Mafikengkampus.
 - > Die verskuiwing van die Sentrum vir Regeerkunde na die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus.
- ▶ Die Raad het ook die minimum toelatingsvereistes vir voorgraadse studie vir 2014 en die Strategiese Raamwerk vir Voortgesette Onderrig aan die NWU goedgekeur.

raad van donateurs

Die volledige lidmaatskap van die Raad van Donateurs gedurende 2013 was soos volg:

- > Prof CJ Reinecke, Dagbreek Trust
- > Mnr J Kitshoff, Eduloan
- > Mnr L van Schaik, GKSA
- > Dr C Tshitereke, Ou Mutual Stigting
- > Me N Wilson, Reutech Solutions
- > Mnr A van der Merwe, DM Kisch Incorporated
- > Mnr Kobus Venter, Janssen-Cilag

- > Dr S Godorr, SASOL
- > Mnr F Morrison, Vesta Technologies (Edms) Bpk
- > Dr T Eloff, NWU-visekanselier
- > Prof IJ Rost, uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite

finansiële gesondheid en lewensvatbaarheid

Die universiteit skenk in die besonder aandag daaraan om prestasie en voldoening moontlik te maak, wat die bestuur van risiko deur doeltreffende finansiële beplanning en kontantvloeibestuur, behoorlike finansiële bestuurstelsels en doeltreffende interne beheermeganismes verbeter.

'n Projek bekend as Optimalisering van die Finansiële Bestuurs- en Administratiewe Funksie (FinOps-projek) het in 2013 'n aanvang geneem om by te dra tot die volhouding van die finansiële funksie. Die Raad is vol vertroue dat die universiteit finansiël gesond en lewensvatbaar is en op 'n verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word.

Die Afdeling Interne Oudit, wat regstreeks aan die voorsitter van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee van die Raad rapporteer, speel 'n sentrale rol in die bystaan van die Raad om uitvoering aan hierdie verantwoordelikheid te gee deur 'n onafhanklike, objektiewe gerusstellingsdiens te voorsien.

regverdige, billike verkryging

Die NWU gebruik sy finansiële hulpbronne deur 'n verkrygingsproses wat regverdig, billik, deursigtig en koste-effektief is, terwyl dit ook die bereiking van aanvullende beleidsdoelstellings soos transformasie verseker. Dit is bereik deur 'n verkrygingsbeleid wat:

- ▶ 'n ononderbroke vloei van goedere, dienste en toerusting aan afdelings verseker deur gesonde werksverhoudinge met bevoegde verskaffers te verseker;
- ▶ 'n onafhanklike koste-/kwaliteitsevaluering in alle aankoopbesluite deur 'n gesentraliseerde verkrygingsafdeling verseker;
- ▶ streeksekonomiese ontwikkeling bevorder het, bv. deur voorkeur te gee aan plaaslike verskaffers binne gemeenskappe waarin die universiteit bedrywig is, behoudens die oorwegings van prys, kwaliteit en diens, wat die belangrikste oorwegings moet wees; en
- ▶ voldoening aan alle statutêre en regulatoriese vereistes verseker, byvoorbeeld Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging- (BGSEB-) vereistes.

die nwu as 'n lopende saak

Die NWU het gedurende die 2013- finansiële jaar 'n gesonde solvensiëstand en optimale likiditeitsvlakke gehandhaaf en so verseker dat die NWU 'n lopende saak bly.

Met betrekking tot die universiteit as 'n tersiële instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsverbintenisse) het die NWU weereens wesenlike waarde tot die

ekonomie toegevoeg en kan die volgende uitgelig word:

- ▶ 15 464 (2012: 14 669) studente het gedurende 2013 grade en diplomas ontvang.
- ▶ R130,7 miljoen (2012: R107,4 miljoen) is uit eie fondse as beurse aan studente toegeken, wat 'n styging van 21,7% (2012: 27,4%) verteenwoordig
- ▶ Die belegging in eiendom, aanleg en toerusting beloop R209,8 miljoen (2012: R269,4 miljoen), wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die DHOO se befondsing vir infrastruktuur en doeltreffendheid wat vir die tydperk 2010 – 2012 ontvang is, asook 'n nuwe siklus van befondsing vir 2012 – 2015.

bywoning van raadskomiteevergaderings

Die Raad het op 15 Maart 2013 'n strategiese werkswinkel gehou en het drie gewone raadsvergaderings belê. Dié is op 21 Junie, 20 September en 22 November gehou. Die bywoningsrekord vir die Raad en die komitees daarvan vir 2013 was soos volg:

Komitee	% bywoning
Raad	82%
Uitvoerende Komitee van die Raad (UK)	79%
Finansies	79%
Transformasie-oorsig	77%
Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid	71%
Tender	83%
Eretoekenings	83%
Oudit, Risiko en Nakoming	82%
Vergoeding	66%
Bates	90%
Beleggings	79%

Hoewel die bywoning van die raadsvergaderings vanaf 74% in 2012 tot 82% in 2013 verbeter het, was die totale gemiddelde bywoningsyfer van die Raad en die komitees daarvan vir 2013 79% – effens laer as die syfer van 83% in 2012.

maatskaplike verantwoordelikheid

Die NWU se gemeenskapsverbintenisstrategie plaas ook klem op trans-dissiplinêre ontwikkelingsprojekte wat volhoubaar is en 'n meetbare impak het. Hierdie projekte moet belyn word met die Millenniumontwikkelingsdoelwitte, die Nasionale Ontwikkelingsplan en Plaaslike Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne.

Om die strategie te implementeer word 'n nuwe beleid ontwikkel en dit sal in 2014 aan die Raad voorgelê word. Strukture vir die implementering daarvan is voorgestel en het 'n aanbeveling ingesluit vir die aanstelling van 'n koördineerder vir gemeenskapsverbintenis vir elke kampus.

Aangesien die aanbevelings om begrotingsredes nie geïmplementeer kon word nie, is 'n NWU-wye werkswinkel vir gemeenskapsverbintenis op 12 Junie 2013 gehou om die konsepbeleid voor finalisering te heroorweeg. Kundiges in die veld is as sprekers uitgenooi, insluitende eerw. Kiepie Jaftha van die Universiteit van die Vrystaat.

Daarna het die Potchefstroomkampus eerw. Jaftha gekontrakteer om behulpzaam te wees met die beplanning en implementering van bestuurstrukture vir gemeenskapsverbintenis. Aangesien baie van sy bevindinge ook op die ander kampusse van toepassing is, is daar aanbeveel dat die proses tot 'n institusionele vlak geëskaleer word.

Met dit in gedagte het 'n NWU-afvaardiging 'n feitebesoek aan die Universiteit Stellenbosch gebring. Die volgende stap sal wees om die beleid en databasis vir implementering vroeg in 2014 te finaliseer. Vir meer inligting, raadpleeg die visekanselier se verslag onder die opskrif Ons gee om vir ons geneenskappe.

geleenthere

- ▶ Die eerste termyn van vyf jaar vir die kanselier, kgosi Leruo T Molotlegi, sal op 19 Junie 2014 verstryk. Die Raad het eenparig ingestem om hom vir 'n tweede termyn van vyf jaar aan te stel.
- ▶ Aangesien die tweede ampstermyn van die huidige visekanselier, dr Theuns Eloff, op 31 Mei 2014 verstryk, het die Raad prof ND Kgwadi as visekanselier van die NWU aangestel vir 'n tydperk van ses jaar, wat op 1 Junie 2014 'n aanvang neem.
- ▶ Die Raad het prof HD van Schalkwyk met ingang van 1 Januarie 2014 vir die duur van sy termyn as rektor van die Potchefstroomkampus as adjunkhoof aangestel.
- ▶ Die institusionele registrateur, prof Themba Mosia, het op 30 Junie 2013 bedank. Die Raad het prof Marlene Verhoef met ingang van 1 Januarie 2014 vir 'n vaste termyn van ses jaar as institusionele registrateur aangestel.

samewerking met die nywerheid

Die NWU het voortgegaan om met die sakewêreld en die nywerheid saam te werk om innoverende oplossings vir vervaardigings- en bedryfsuitdagings te vind. Die beduidende toelaebefondsing wat die universiteit uit programme soos die Tegnologie en Mensehulpbronprogram ("THRIP") ontvang, getuig van die doeltreffendheid van hierdie werk. In 2013 het die NWU THRIP-befondsing ter waarde van R30,1 miljoen ontvang.

Lisensiërings- en tantième-ooreenkomste tussen die NWU en die nywerheid het wedersyds voordelige resultate opgelewer en het vir die universiteit inkomste gegenereer terwyl dit aan die nywerheid toegang tot die NWU se intellektuele eiendom verleen het. Die 15 ooreenkomste wat gedurende 2013 aktief was, het net meer as R2 miljoen in tantième en lisensiegelde inbring. Dit was benewens die bydrae van die NWU se 13 newemaatskappye, wat by die kommersialisering van NWU-patente betrokke was.

beduidende veranderinge

Die korporatiewebestuurstrukture en kernbesigheid van die NWU het gelykmatig en sonder enige beduidende veranderinge in hierdie strukture of in die universiteit se onderrig-leer- en navorsingsaktiwiteite verloop. Moeilike ekonomiese omstandighede het gedurende die jaar geheers en die universiteit het 'n styging in studenteskuld berig. Nogtans het die NWU daarin geslaag om 'n surplus op te lewer wat 'n bevestiging van die fundamentele gesondheid van die finansiële stand is.

verklaring oor werkspleketiek

Alle personele van die NWU onderskryf en ondersteun die missie en visie van die NWU, en die waardes wat dit voorstaan, met ander woorde menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid en geregtigheid.

versoeke om toegang tot inligting

Die NWU onderskryf die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI) ten volle. Die Inligtingshandleiding van die NWU is bygewerk en eksimplare is aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) gestuur. Die verpligte artikel 32-verslag is ook teen 30 April 2013 by die SAMRK afgelewer. Van die 27 versoeke om inligting wat gedurende 2013 ontvang is, is drie geweier as gevolg van privaatheidsoorwegings en die beskerming van kommersiële inligting van derde partye, ingevolge artikel 36 en 37 van die WBTI.

slot

Die NWU-raad is diep bewus van die belangrikheid van sy toesigrol om te verseker dat die universiteit sy strategiese doelwitte en doelstellings bereik. Die Raad is oortuig dat die universiteit se prestasie vergeleke met die doelwitte en teikens van die Institusionele Plan in 2013 die NWU se voortgesette vermoë demonstreer om te voldoen aan die immergroeiende vaardigheidseise van die ekonomie sonder om ons finansiële en bedryfstabiliteit in die gedrang te bring.

Die Raad verkeer egter onder geen illusies oor die omvang van die uitdagings wat die universiteit in die gesig staar waar dit die tweede dekade sedert die samesmelting in 2004 betree nie. Die NWU is 'n integrerende deel van die Suid-Afrikaanse en globale gemeenskap en word dus onafwendbaar deur eksterne faktore soos makro-ekonomiese ongestadigheid beïnvloed. Net so is die Raad bewus van die sosiopolitieke konteks van hoër onderwys in Suid-Afrika en die belangrikheid daarvan om institusionele transformasie doeltreffend te dryf. In die voortsetting van hierdie reis sal die Raad en die raadskomitees staatmaak op die kenmerke wat die NWU tot op hede goed te staan gekom het.

Ek bedank my mederaadslede van harte vir hul wysheid en toewyding gedurende 2013. Namens die Raad spreek ek ook graag dank uit teenoor die uittredende visiekanselier, dr Theuns Eloff, wat 'n erfenis nalaat om op trots te wees. Dankie, dr Eloff, vir u toegewyde pogings en u onwrikbare loyaliteit teenoor die instelling.

Ons verwelkom die inkomende visiekanselier, prof Dan Kgwadi, wie se diep kennis van die NWU en vasbeslotenheid om eenheid tussen die drie kampusse te versterk, die universiteitsfamilie met vertroue en geloof die toekoms in sal lei.



MNR PJ VAN DER WALT
VOORSITTER VAN DIE RAAD



raadsverslag oor

Korporatiewe Bestuur

MNR JAMES BOTHA

Die NWU verbind homself tot die hoogste standaarde van deursigtigheid, dissipline, integriteit, verantwoordelikheid, regverdigheid, maatskaplike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid, en onderskryf die beginsels soos vervat in die derde King-verslag oor Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika.

Die integriteit van besluitneming en die korporatiewe bestuur van die universiteit se aktiwiteite word beskerm deur gesamentlike oorlegpleging, besluitneming deur bemaagtigde bestuurders en deurlopende monitering van resultate en risiko's.

Hierdie beginsels word toegepas onder leiding van die Raad, die Senaat en die institusionele bestuur, en geld vanaf die hoogste vlak tot by die kleinste eenheid. Die universiteit voldoen in alle wesenlike opsigte aan die vereistes van die King-verslae (1994, 2002 en 2009) oor korporatiewe bestuur en aan die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Openbare Hoërondewysinstellings soos op 1 Augustus 2007 gepubliseer.

rol en funksies van die raad

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 is dit die Raad se taak om die universiteit volgens die Wet en die Universiteit se Statuut, wat op 8 Augustus 2005 gepubliseer is, te bestuur.

Ingevolge die NWU se Statuut is die Raad spesifiek verantwoordelik:

- Vir korporatiewe bestuur van die NWU deur die aanvaarding van doelwit- en waardestellings, strategiese planne en beleid, sowel as die Statuut, die reëls, prosesse en delegerings van gesag. Die Raad moniteer ook die

bedryfsprestasie van bestuur en vestig komitees en, in samewerking met die Senaat, gesamentlike komitees, om te verseker dat die NWU se doelwitte en waardes verwesenlik word;

- Vir die bepaling van die NWU se taalbeleid, onderhewig aan die beleid van die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding en met die instemming van die Senaat. Die Raad se oogmerk is om 'n beleid te aanvaar wat buigsam en funksioneel is en taalwanbalanse van die verlede regstel terwyl meertaligheid, toegang, integrasie en 'n gevoel van tuiswees bevorder word.
- Vir die vestiging van die strukture vir die lewering van studentesteundienste, na oorlegpleging met die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR).
- Om van lede te vereis om by 'n gedragskode te hou en regstellende stappe te doen, indien nodig.
- Delegering van die gesag om personeellede aan te stel, insluitende kampusviserektore, kampusregistrateurs en direkteure, dekanes en akademiese direkteure waarvoor daar deur die Statuut voorsiening gemaak word, met dien verstande dat geen persoon gemagtig is om iemand aan te stel wat regstreeks aan hom of haar rapporteer nie.

In die uitvoering van hul funksies gedurende 2013, die 10e jaar van funksionering van die NWU, was die Raad steeds bedag op die redes vir die samesmelting-inkorporasie. Hierdie redes, waarvan baie in die Institusionele Plan van die NWU gevestig is en deel van die Raad se strategiese beplanning uitmaak, is:

- Om die gaping tussen 'n histories bevoordeelde en histories benadeelde instelling wat deur apartheid veroorsaak is te oorbrug.
- Om 'n meer "gelyke" personeel- en studentekorps te bevorder.
- Om kapasiteit met betrekking tot administrasie, bestuur, korporatiewe bestuur en die akademie uit te bou.
- Om die ontplooiing en aanwending van akademiese personeel te konsolideer.
- Om navorsingskapasiteit uit te bou.
- Om volhoubaarheid te bevorder.

Hierbenewens het die Raad die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die voorgesette strategiese rigting van die NWU, goedkeuring van groot



“ Sedert 2004 het die NWU drie institusionele registrateurs gehad. Hulle was prof CFC van der Walt, prof Themba Mosia en prof Marlene Verhoef, wat deur die NWU-raad aangestel is om die pos vanaf Januarie 2014 te beklee. ”

ontwikkelings en die ontvang van gereelde verslae van bestuur oor die bedryf van die NWU se besigheid. Die Raad het gedurende 2013 (Junie en November) twee omvattende verslae van institusionele bestuur ontvang.

komitees van die raad

Alle komitees van die Raad funksioneer onder 'n mandaat van strategiese of finansiële belang vir die NWU.

Hulle is onder voorsitterskap van eksterne raadslede met die nodige kennis, vaardighede en ervaring, en funksioneer volgens 'n duidelike opdrag. (Kyk asseblief na die Samestelling van die raad vir die kwalifikasies van raadslede.)

► Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee hanteer tussen raadsvergaderings aangeleenthede rakende korporatiewe bestuur, en doen dan op die volgende vergadering oor hierdie aangeleenthede verslag. Hierdie komitee maak seker dat daar by die gedragskode vir raadslede gehou word, en finaliseer kwessies wat deur die Raad na hulle verwys word.

Die vakature in die Uitvoerende Komitee wat deur die verstryking van die termyn van me H Rupert-Koegelenberg veroorsaak is, is deur die aanwysing van me I Pooe gevul. 'n Tweede vakature, wat deur die verstryking van mnr PWJ Buys se termyn veroorsaak is, sal vroeg in 2014 gevul word. Die lede van die Uitvoerende Komitee gedurende 2013 was mnr PJ van der Walt (voorsitter), mnr SM Mohapi (adjunkvoorsitter), mnr PWJ Buys (tot 18 November 2013), me H Rupert-Koegelenberg (tot September 2013), me I Pooe (vanaf November 2013), dr T Eloff (visiekanselier) en prof F van Niekerk (adjunkhoof). Prof NT Mosia

(institusionele registrateur en sekretaris van die Raad tot 30 Junie 2013) en mnr JBH Botha (waarnemende institusionele registrateur en sekretaris van die Raad vanaf 1 Julie 2013) het as ex officio-lede gedien.

► Vergoedingskomitee

Hierdie komitee is hoofsaaklik gemoeid met die dienskontrakte, vergoeding en prestasie-evaluering van die visiekanselier, lede van die institusionele bestuur en die direkteur van Interne Oudit.

Weens die aard van sy pligte en in ooreenstemming met die Beleidsraamwerk vir die Vergoeding van Senior Bestuurders in Openbare Hoërondewysinstellings bestaan die Vergoedingskomitee uit twee eksterne lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad, sowel as die voorsitters van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid en die Finansiële Komitee, wat ook eksterne lede van die Raad is. Die lede was mnr PJ van der Walt (voorsitter), mnr SM Mohapi (adjunkvoorsitter) en mnr JJ Kitshoff (voorsitter van die Finansiële Komitee).

► Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid

Die mandaat van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid is om te verseker dat toereikende mensehulpbronbeleide en -strategieë in plek is en die implementering van hierdie beleid en strategieë in ooreenstemming met die gestelde kriteria en maatstawwe te monitor. Die komitee is verantwoordelik vir alle mensehulpbron- en indiensnemingsgelykheid-verwante aspekte, insluitende vergoedings- en diensvoorwaarde-aspekte wat nie binne die bestek van die Vergoedingskomitee val nie.

Die komitee ontvang en evalueer verslae van bestuur oor spesifieke mensehulpbronaangeleenthede, insluitende voldoenings- en statutêre vereistes, en verseker dat bestuur vir die implementering van mensehulpbronverwante strategieë en -beleid aanspreeklik gehou word. Die lede was dr DG Breed (voorsitter), dr J Tshifularo, prof JJ Janse van Rensburg, prof M Snyman, eerw SA Musa, prof E van der Schyff en dr T Eloff (visiekanselier). Prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad tot 30 Junie 2013) en mnr JBH Botha (waarnemende institusionele registrateur en sekretaris van die Raad vanaf 1 Julie 2013) het as ex officio-lede gedien, en mnr VL Mothobi, uitvoerende direkteur vir mensekapitaal, het die vergaderings bygewoon.

► Transformasietoesigkomitee

Die Transformasietoesigkomitee hou toesig oor die implementering van die transformasieaspekte van die Institusionele Plan. Dit bestaan uit vier eksterne lede en een interne lid van die Raad, asook die visiekanselier en die adjunkhoof. Die lede gedurende 2013 was me I Pooe (voorsitter), mnr A Mashilo, prof D Meyer, prof S Swanepoel en dr T Eloff (visiekanselier). Prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad tot 30 Junie 2013) en mnr JBH Botha (waarnemende institusionele registrateur en sekretaris van die Raad vanaf 1 Julie 2013) het as ex officio-lede gedien, en mnr VL Mothobi, uitvoerende direkteur vir mensekapitaal, het die vergaderings bygewoon.

► Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee

Hierdie komitee is aanspreeklik teenoor die Raad wat betref die uitvoering van hul pligte, synde om die NWU se bates te beskerm, toereikende rekeningkundige rekords in stand te hou, 'n doeltreffende stelsel van interne beheer te ontwikkel en in stand te hou, toesig te hou oor bestuur se rol in die skepping en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuursproses, en om die eksterne ouditeure se jaarlikse ouditgelde te magtig.

Die komitee bied 'n kommunikasiekanaal tussen die Raad, bestuur, die interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure. Hulle geniet onbeperkte kommunikasie met die voorsitter van die Raad (wat nie 'n lid van die Ouditkomitee is nie), die visekanselier, die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite en die interne en eksterne ouditeure.

Die komitee het die samestelling van die komitee heroorweeg om dit in ooreenstemming te bring met die aanbevelings van die King III-verslag, en het bevestig dat alle lede onafhanklik moet wees; daarom is die twee interne raadslede van lidmaatskap uitgesluit. Die lede van die komitee gedurende 2013 was me M Claassens (voorsitter), mnr T Ka-Plaatjie en adv J Kruger. Die komitee is geadviseer deur twee onafhanklike finansiële kundiges, me C van Rooyen en me HS Fourie.

Daar word van die verteenwoordigers van die eksterne ouditeure vereis om alle komiteevergaderings by te woon, en so ook van dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite) en me M van der Merwe (direkteur vir interne audit). Prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad tot 30 Junie 2013) en mnr JBH Botha (waarnemende institusionele registrateur en sekretaris van die Raad vanaf 1 Julie 2013) het as ex officio-lede gedien.

► Finansiële Komitee

Die mandaat van die Finansiële Komitee is om die Raad oor finansiële en beleggingsaangeleenthede te adviseer, sowel as oor langtermyn-infrastruktuurontwikkeling by die NWU. In die vervulling van hierdie rol moet die komitee dus die Raad se korporatiewebestuur-funksie ten opsigte van gesonde, verantwoordelike en doeltreffende finansiële beplanning, finansiële administrasie, finansiële bestuur en behoorlike finansiële verslagdoening ondersteun.

Die Finansiële Komitee het vier eksterne lede en een interne lid van die Raad. Gedurende die hersiening van die raadskomitees se opdragte is daar besluit dat die voorsitter van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee, me M Claassens, nie meer in die Bate- en in die Finansiële Komitee sou dien nie. Die Raad is versoek om 'n nuwe lid aan te wys om in hierdie komitees te dien. Die voorsitter van die Raad het as 'n lid ingestaan totdat die Raad nuwe lede kon aanwys om in die komitees te dien. Die lede van die Finansiële Komitee was mnr JJ Kitshoff, me M Claassens (tot Junie 2013), mnr PJ van der Walt (vanaf Oktober 2013), mnr SM Mohapi en dr T Eloff (visekanselier). Die komitee se ex officio-lede was prof IJ Rost (uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite), prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad tot 30 Junie 2013) en mnr JBH Botha (waarnemende institusionele registrateur en sekretaris van die Raad

vanaf 1 Julie 2013). Die Finansiële Komitee maak gebruik van drie subkomitees, naamlik die Tenderkomitee, die Beleggingskomitee en die Batekomitee, om sy pligte te vervul.

► Tenderkomitee

Hierdie komitee se rol is om die tenderbeleide en -prosedures goed te keur wat deur die bestuur opgestel word, om seker te maak dat dit voldoen aan die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003, om te bevestig dat tenderbeleide wel geïmplementeer word, en om tenders vir kontrakte van tussen R10 miljoen en R30 miljoen te evalueer en goed te keur. Vir kontrakte wat R30 miljoen oorskry, evalueer die komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die Raad.

Die tenderkomitee het drie eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was mnr DA Foster (voorsitter en onafhanklike ouditeur), dr DG Breed en adv M Kruger. Die bestuurslede was dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite), prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad tot 30 Junie 2013) en mnr JBH Botha (waarnemende institusionele registrateur en sekretaris van die Raad vanaf 1 Julie 2013).

► Beleggingskomitee

Die belangrikste taak van die Beleggingskomitee is om maatreëls in plek te stel sodat die NWU die hoogste moontlike opbrengs op beleggings kan verdien, met toepaslike risikoblootstelling. Hierdie komitee se pligte is om portefeuljebestuurders aan te stel en evaluering te doen van beleggingsbeleid, die beleggingsprestasie van portefeuljebestuurders en die kredietreëlings waarbinne die geldmarkbestuurder mag optree.

Die eksterne lede het die voorsitter, mnr J van den Berg, mnr SM Mohapi, 'n eksterne lid van die Raad en beleggingskundige, sowel as mnr A Smit en mnr P Cook, asook nog twee onafhanklike beleggingskundiges ingesluit. Die bestuurslede was dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite), prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad tot 30 Junie 2013) en mnr JBH Botha (waarnemende institusionele registrateur en sekretaris van die Raad vanaf 1 Julie 2013).

► Batekomitee

Die Batekomitee se belangrikste verantwoordelikheid is om langtermynontwikkeling en instandhouding van die universiteit se infrastruktuur te verseker. Gedurende die hersiening van die raadskomitees se opdragte is daar besluit dat die voorsitter van die Oudit, Risiko- en Nakomingskomitee, me M Claassens, nie meer in die Bate- en in die Finansiële Komitee sou dien nie en is die Raad versoek om 'n nuwe lid aan te wys om in hierdie komitees te dien. Die voorsitter van die Raad het as 'n lid ingestaan totdat die Raad nuwe lede kon aanwys om in die komitees te dien.

Die Batekomitee het twee eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was mnr SM Mohapi (voorsitter vanaf Oktober 2011), me M Claassens (tot Junie 2013) en mnr PJ van der Walt (vanaf Oktober 2013). Die bestuurslede was dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (uitvoerende direkteur vir finansies en

fasiliteite), prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad tot 30 Junie 2013) en mnr JBH Botha (waarnemende institusionele registrateur en sekretaris van die Raad vanaf 1 Julie 2013).

► Eretoekenningskomitee

Die Eretoekenningskomitee bestaan uit die visekanselier, voorsitter van die Raad, twee lede van die Raad, drie lede van die Senaat, die dekaan van die betrokke fakulteit in 'n raadgewende hoedanigheid, en die institusionele registrateur en sekretaris van die Raad, wat as ex officio-lid dien.

konflikbestuur


Daar is verskeie groepe binne die NWU waar konflik potensieel kan ontstaan. Hierdie groepe sluit in studente, akademiese en ondersteuningspersoneel, vakbonde, die drie kampusse, die Institusionele Kantoor en bestuur, en diegene wat op alle vlakke korporatief en andersins bestuur word. Daar is strukture en prosesse in plek binne hierdie groepe om konflik te hanteer en te keer dat dit eskaleer. Dit sluit in beleidsdokumente, prosedures, komitees en forums wat geleenthede vir oorlegpleging en die lug en debattering van sienings skep. Kundiges op die gebied van konflikbestuur is aangestel om hulp te verleen waar nodig.

deelname van werknemers en studente

'n Breë spektrum van deelnemende strukture was gedurende 2013 op die kampusse en in die Institusionele Kantoor in plek. Hierdie strukture is ontwerp

om verhoudinge uit te bou deur oorlegpleging, die doeltreffende uitruil van relevante inligting en die identifisering en bylê van geskille. Voorbeelde van hierdie strukture is die Institusionele Forum (IF) en die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR). Verteenwoordigers van die studente sowel as werkers maak deel uit van die IF en as lede neem hulle deel aan bespreking oor verskeie aangeleenthede. Dit sluit die advisering in van die Raad aangaande die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en nasionale beleid oor hoër onderwys, die aanstelling van lede van die institusionele bestuur en senior bestuur, NWU-beleid oor ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, beleid oor bemiddeling en dispuutoplossing, die bestuur van kulturele diversiteit en die bevordering van 'n institusionele kultuur gebaseer op verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte.

Die IVSR bestaan uit aangewese lede van die verskillende verteenwoordigende kampusstudenterrade. Die IVSR is teenoor die visekanselier en die Raad aanspreeklik vir die korporatiewe bestuur van georganiseerde studente lewe binne ons universiteit. Ons het tans twee erkende vakbonde, naamlik SAPTU by die Institusionele Kantoor en op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekskampus, en NEHAWU op die Mafikengskampus. Die erkenningsooreenkoms met NEHAWU is op 16 Julie 2013 gesluit. Hierdie vakbonde raadpleeg en onderhandel in die Institusionele Bedingingsforum en die Lewenskosteaanpassing-forum (LKA-forum), en is ook lede van verskeie ander korporatiewe bestuurskomitees.



MNR J BOTHA

WAARNEMENDE INSTITUSIONELE REGISTRATEUR EN SEKRETARIS VAN DIE RAAD

etiekkode

As 'n lid van die Noordwes-Universiteit onderskryf ek die visie en missie van die universiteit en die waardes wat die universiteit voorstaan. Ek verbind my dus, in alles wat ek doen:

- Om menswaardigheid te handhaaf, om die volle potensiaal van andere en myself te ontwikkel, en om akkuraatheid, eerlikheid, waarheidsliewendheid, betroubaarheid en lojaliteit teenoor die universiteit en alle mense te beoefen en te bevorder;
- Om te soek na dit wat reg en regverdig is soos gesien vanuit die perspektief van die liefde van God en my liefde vir my naaste, deur waardering vir andere te toon, deur openhartig te wees oor my eie voorveronderstellings, deur empatie te beoefen, en deur onpartydig te wees.
- Om almal se vryheid van inperkings te handhaaf, wat slegs beperk word deur my plig om ander se vryhede te beskerm en deur my verbintenis om die bogenoemde waardes uit te leef en uit te bou.
- Om selfdisipline, geduld en verdraagsaamheid te betoon teenoor standpunte wat van myne verskil, in 'n gees van vreedsame naasbestaan, ten einde intellektuele en persoonlike groei te stimuleer.
- Om almal se potensiaal te erken en waardering te betoon vir die waarde van almal met wie ek te doen kry, en om in te sien hoe hulle tot groei kan bydra.

- Om my intellektuele en persoonlike integriteit, bevoegdheid, professionalisme en ander hulpbronne daaraan te wy om voortreflike uitkoms te bereik.
- Om my verworwe kundigheid oor die algemeen en dié op my spesialisingsgebiede aan te wend om konstruktiewe verandering in die gemeenskap en die omgewing teweeg te bring terwyl ek my eie kapasiteit om selfs meer tot positiewe groei by te dra, verdiep en verbreed.
- Om intellektuele outonomie en kritiese denke te bevorder deur die handhawing en beskerming van die vryheid en verantwoordelikheid van individue en die universiteit om sonder arbitrêre inmenging debat te voer, onderrig te gee en navorsing te doen.
- Om hoë verwagtinge van die Raad en bestuur van die universiteit te koester om die waardigheid van studente en personeel gestand te doen en 'n volhoubare leer- en werksomgewing vir almal te skep.
- Om my te weerhou van enige botsing van belange wat nadelig is vir my verhouding met die universiteit, en om sodanige belange of botsing ten opsigte van my diens, fidusiêre pligte, interaksie met kollegas en enige ander faset van my verantwoordelikhede te verklaar.

Die Raad het die Verklaring oor Korporatiewe Bestuur ooreenkomstig die Regulasies goedgekeur gedurende die Raadsvergadering wat op 20 Junie 2014 gehou is.

ontmoet ons *Raadslede*



Die NWU-raad bestaan uit mense met kennis en ervaring wat vir die universiteit toepaslik is. Ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys is minstens 60% van die lede van die Raad nie in diens of studente van die NWU nie.

Die samestelling van die Raad soos op 31 Desember 2013

Voorsitter:
Mnr PJ van der Walt
(verteenwoordig
donateurs)



Ondervoorsitter:
Mnr SM Mohapi
(gemeenskaps-
verteenwoordiger)



Eksterne lede van die Raad

Minister van Onderwys en Opleiding-aanstellings



Mnr M Sambatha:
Sertifikaat in Arbeidstudie
(Technikon Natal), Sertifikaat vir
Munisipale Bestuurders (Durban-
Westville); aangestel vir 'n
driejaartermyn van 2013 tot 2016.



Dr J Tshifularo:
BA en BAHons (Universiteit van
Venda), MA (Universiteit van
Limpopo), PhD (Universiteit
van Venda) en PhD (Universiteit
van Limpopo); aangestel vir 'n
driejaartermyn van 2012
tot 2015.



Mnr T Ka-Plaatjie:
BA, BAHons en VOD (Vista-
universiteit), MA (Universiteit
van Johannesburg); aangestel
vir 'n driejaartermyn van 2012
tot 2015.



Mnr A Mashilo:
MA (Witwatersrand-
universiteit); aangestel vir 'n
driejaartermyn van 2012
tot 2015.

Donateurs

Mnr PJ van der Walt:
GR(SA) (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys), MA in
Sosiale Wetenskappe (HEC
School of Management,
Parys), AMP (Templeton
College, Oxford en HEC
School of Management,
Parys); herverkies vir 'n
vierjaartermyn van
2011 tot 2015.



Prof D Meyer:
BSc, BScHons en MSc
(Randse Afrikaanse
Universiteit), PhD
(Universiteit van
California); aangestel vir 'n
driejaartermyn van
2012 tot 2015.



Mnr JJ Kitshoff:
GR(SA), BComHons
(Universiteit van Pretoria)
CComptHons (Unisa);
verkies vir 'n driejaartermyn
van 2011 tot 2014.



Lede aangewys deur die gemeenskap

Mnr I Klynsmith:
Blur et Comm en LLB
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys), Diploma
in Menseregte (Universiteit
van Johannesburg); verkies
vir 'n driejaartermyn van
2013 tot 2016.



Eerw SA Musa:
BA Teologie (Universiteit
van Zululand), BAHons
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys);
heraangestel vir 'n
driejaartermyn van
2010 tot 2016.



Dr DG Breed:
BA, ThB, ThM en ThD
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys);
heraangestel vir 'n verdere
driejaartermyn van
2011 tot 2014.



Mnr SM Mohapi: Gegradueerde van die
Effektebeurskollege (SA), Diploma in
Beleggingsbestuur (Randse Afrikaanse
Universiteit), Sertifikaat van Bevoegdheid
(Boedelbeplanning en -administrasie),
Gekwalifiseerde Assesseerder en
Fasiliteerder (ETDP SETA), Nagraadse
Diploma in Maatskappyleiding (NKR7)
(Nagraadse Instituut vir Bestuur en
Tegnologie in samewerking met die
Instituut van Direkteure); heraangestel vir
'n driejaartermyn van 2011 tot 2014.



Lede aangewys deur die Konvokasie

Adv TJ Kruger:
LLB, LLM in Publiekreg
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys);
aangewys vir 'n
driejaartermyn van
2011 tot 2014.



Adv M Kruger:
BJuris, LLB
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys); aangestel
vir 'n driejaartermyn van
2012 tot 2015.



Dr D Herman:
BA Regte, BAHons en
MA in Bedryfsosiologie
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys), PhD
in Bedryfsosiologie
(Noordwes-Universiteit),
Nagraadse Diploma
in Arbeidsreg (Randse
Afrikaanse Universiteit);
aangestel vir 'n
driejaartermyn van
2012 tot 2015.



Lede met spesiale kundigheid

Me M Claassens:
GR (SA), BCom
Rekeningkunde
en BComHons
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys), Hoër
Diploma in Maatskappyreg
(Universiteit van
die Witwatersrand);
heraangewys vir 'n
driejaartermyn van
2012 tot 2015.



Me I Pooë:
BA (Universiteit van
Bophuthatswana),
Diploma in Toerisme
en Bemarkingsbestuur
(Oostenryk); herverkies vir
'n verdere driejaartermyn
van 2011 tot 2014.



Interne lede

Lede van die bestuur

Dr T Eloff
(visekanselier): BJuris
(Econ), ThB, ThM en
ThD (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys).



Prof F van Niekerk:
BSc, BScHons, MSc, DSc
in Reaktorwetenskap
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys); ex officio-
lid vir 'n eenjaartermyn.



Lede van die Senaat

Prof EE Ebenso:
BSc (Hons) (Universiteit
van Calabar, Nigerië), MSc
en PhD (Universiteit van
Ibadan, Nigerië); verkies vir
'n driejaartermyn van
2013 tot 2016.



Dr LB Mzini:
BA, BAHons (Universiteit
Vista), MA in Ontwikkeling
en Bestuur en PhD in
Ontwikkeling en Bestuur
(Noordwes-Universiteit);
verkies vir 'n driejaartermyn
van 2013 tot 2016.



Prof J Swanepoel: BA,
BAHons, MA, LLB en
DLitt (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys); herverkies
vir 'n driejaartermyn van
2009 tot 2015.



Prof JJ Janse van Rensburg:
BA, BAHons in Grieks, MA in
Grieks, ThB en ThM in Nuwe
Testament, ThD in Nuwe-
Testamentiese Hermeneutiek
(Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër
Onderwys); herverkies vir 'n
driejaartermyn van
2009 tot 2016.



Lede wat ander akademiese personeel verteenwoordig

Prof HF van Rooy:
BA, BAHons en MA in
Semitiese Tale, ThB, en
DLitt (ook in Semitiese
Tale) (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys); verkies
vir 'n driejaartermyn van
2011 tot 2014.



Prof E van der Schyff:
BA, LLB en LLM
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys), LLD
(Noordwes-Universiteit);
herverkies vir 'n
vyfjaartermyn van
2012 tot 2015.



Lede wat nie-akademiese werknemers verteenwoordig

Mnr E Mostert: BCompt
(Unisa), BComHons
Rekeningkunde
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys); verkies vir
'n driejaartermyn van
2010 tot 2013.



Me E Esterhuizen: MEd
(Tshwane Universiteit van
Tegnologie); verkies vir 'n
driejaartermyn, van
2013 tot 2016.



Die volgende NWU-personeellede het die raadsvergaderings gedurende 2013 op uitnodiging van die visekanselier bygewoon:

- Prof F van Niekerk, adjunk-visekanselier vir navorsing, innovasie en tegnologie (ook 'n ex officio-lid van die Raad uit hoofde van sy aanstelling as adjunkhoof)
- Prof ND Kgwadi, rektor, Mafikengkampus
- Prof HD van Schalkwyk, rektor, Potchefstroomkampus
- Prof TJ Mariba, rektor, Vaaldriehoekkampus

Die volgende lede van die institusionelebestuur is ook uitgenooi om raadsvergaderings in 2013 by te woon:

- Prof MJ Oosthuizen, adjunk-visekanselier vir onderrig-leer
- Prof IJ Rost, uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite
- Me PP Mmope, uitvoerende direkteur vir institusionele bevordering
- Mnr VL Mothobi, uitvoerende direkteur vir mensekapitaal
- Prof MM Verhoef, uitvoerende direkteur in die kantoor van die visekanselier

Verteenwoordigers van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)

Lede dien in die Raad vir 'n tydperk soos bepaal deur die IVSR. Die volgende IVSR-lede het tot Oktober 2013 ampte beklee:



Mnr O Matshediso: MA in Internasionale Verhoudinge (tans) (NWU, Mafikengkampus)



Mnr J Jordaan: BCom Regte en LLB (tans) (Potchefstroomkampus, NWU).



Mnr J Ncedani: BCom and BComHons (tans) (Vaaltriehoekkampus, NWU)

Uittredende Raadslede in 2013

Lede aangewys deur die Konvokasie
Mnr PJW Buys: 2010 tot 2013

Lede aangewys deur die gemeenskap
Me H Rupert-Koegelenberg: 2010 tot 2013

Donateurs
Me A de Vries (2013 – bedank)

Minister van Onderwys en Opleiding-aanstelling
Mnr NS Phetoe: 2010 tot 2013

Senaat
Prof TC Rabali: 2010 tot 2013
Prof S Swanepoel: 2010 tot 2013

Lede wat nie-akademiese werknemers verteenwoordig
Dr SR van der Walt: 2010 tot 2013



Mnr M Montshosi: BSoc in Politieke Wetenskap en Internasionale Verhoudinge (tans) (Mafikengkampus, NWU)



Mnr J Jordaan: BCom Regte en LLB (tans) (Potchefstroomkampus, NWU).



Mnr J Ncedani: BCom and BComHons (tans) (Vaaltriehoekkampus, NWU)

Sekretaris van die Raad

Prof N Themba Mosia (tot Junie 2013): BA, BAHons en Diploma in Universiteitsonderrig (Universiteit van die Noorde), MA (Portland State University), PhD (Universiteit van Pretoria), MCSSA.



Mnr JBH Botha (waarnemende institusionele registrateur van 1 Julie 2013 tot 31 Desember 2013)
BLC LLB (Universiteit van Pretoria), Diploma in Belastingreg (Randse Afrikaanse Universiteit).





verslag van die

Institusionele Forum

DR KARABO MABE

Gedurende 2013 het die Institusionele Forum (IF) die raadgewende en adviserende rol wat in die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut vir dié liggaam in die vooruitsig gestel word, suksesvol uitgevoer.

rol en samestelling

Die IF se rol is om die NWU-raad te adviseer oor die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en Nasionale Hoëronderwysbeleid, om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van 'n institusionele kultuur van verdraagsaamheid en respek vir menseregte, en om te help om 'n omgewing te bevorder waar doeltreffende onderrig, leer en navorsing kan floreer.

Spesifieke aangeleenthede waaroor die forum die Raad adviseer, is aanstellings van senior bestuur, beleid oor ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, bestuur van kulturele diversiteit en beleid oor bemiddeling en geskiloplossingsprosedures.

lidmaatskap

Nadat hy van 2008 tot 2012 as voorsitter van die Institusionele Forum gedien het, het prof C de W van Wyk se lidmaatskap in Mei 2013 verstryk. Adv M Kruger het tot Augustus 2013 as voorsitter opgetree, toe die Institusionele Forum se Uitvoerende Komitee verkies is. Dr KL Mabe, wat vir 2013 as voorsitter verkies is, was die eerste vrou om hierdie amp te beklee.

Die lede van die Uitvoerende Komitee vir 2013 was dr KL Mabe (voorsitter), adv M Kruger (adjunkvoorsitter) en mnr W Coetzee (sekretaris). Volgens die NWU-statuut mag die Institusionele Forum tot soveel as 29 lede hê, wat 'n wye verskeidenheid belanghebbersgroepeerings verteenwoordig. Die volgende tabel lys hierdie belanghebbers, tesame met hul verteenwoordigers vir 2013.

Raad	Eerw SA Musa
Institusionele bestuur	Prof H van Schalkwyk
Senaat	Prof RS Letsösa, dr KL Mabe, prof H van der Merwe
Akademie, nie-Senaat	Prof C de W van Wyk
Nie-akademiese werknemers	Mnr JA van der Walt, mnr A Scheppel en mnr W Coetzee
Vakbonde	Me S Klink, mnr K Odav, mnr PJ van Niekerk, me L Waugh
Studente	Me C Burger, mnr OE Ditshele, me D Mekanazi, mnr O Matshediso, mnr J Ncedani, me S Schlebusch
Burgerlike gemeenskap	Mnr T Kgomo, adv M Kruger, mnr GJ August
Konvokasie	Me HK Coetzee, dr MB Sekatane
Spesiale kundigheid	Prof R Fick

'n Erkenningsooreenkoms is gedurende Julie 2013 tussen die NWU en NEHAWU onderteken, waarna NEHAWU genooi is om twee lede te nomineer om hulle in die Institusionele Forum te verteenwoordig.

Vier vakatures het gedurende 2013 ontstaan en het bestaan uit twee lede van die akademiese personeel (nie-Senaat), een lid uit die burgerlike gemeenskap en een lid met spesiale kundigheid. 'n Verkiesingsproses het gevolg om die vakatures van akademiese personeellede te vul. Die vakature vir die lid van die burgerlike gemeenskap sal by wyse van nominasie deur die institusionele bestuur gevul word. Die vakature vir die lid met spesiale kundigheid in menseregte sal gevul word wanneer 'n bestuurder in daardie portefeulje weer aangestel word.

sake wat hanteer is

Die etiekkode wat die Senaat gedurende 2012 goedgekeur het, is oorweeg en aanvaar. Die forum het voorgestel dat die universiteit dit moet oorweeg om die etiekkode tydens 'n spesiale geleentheid aan alle belanghebbers bekend te stel. Ooreenkomstig die Reëls vir Aanstelling van Senior Bestuurders (wat in 2007



“Gedurende die afgelope 10 jaar het die Institusionele Forum deurgaans daarop gefokus om transformasie en mense-regtekwessies aan te spreek.”

deur die Raad goedgekeur is), is die forum by alle prosesse vir die aanstelling van senior bestuurders ingesluit.

► Raadpleging oor senior aanstellings

By ontvangs van 'n kennisgewing oor die amp van die visekanselier wat vakant sou word, het sommige lede opgemerk dat hierdie aanstelling 'n openbare proses behoort te wees, soos die geval by sekere ander universiteite is. Die forum moes egter by die voorafbepaalde prosesse hou wat in die Statuut en die Wet op Hoër Onderwys voorgeskryf word. Gedurende 'n spesiale vergadering in Oktober 2013 het die forum met 'n meerderheidstem besluit om nie voort te gaan om te stem vir kandidate op die kortlys vir die amp van visekanselier nie. Die rede was dat stemming tot 'n belangebotsing sou lei, aangesien die waarnemende voorsitter van die forum die Raad sowel as die Institusionele Forum in die soekkomitee verteenwoordig het.

Gedurende Mei 2013 is die Uitvoerende Komitee ingelig dat die amp van institusionele registrateur vakant geraak het. Soos met die aanstelling van die visekanselier het die forum met 'n meerderheidstem besluit om die Raad te versoek om die proses vir die kortlys van kandidate van voor af te begin. Die Institusionele Forum het ook die Raad geadviseer dat mnr VL Mothobi as uitvoerende direkteur vir mensekapitaal aangestel behoort te word. Prof H van Schalkwyk het die forum verteenwoordig in die onderhoudspaneel wat ingestel is om die heraanstelling van prof L du Plessis in die pos van viserektor vir akademie, kwaliteit en beplanning op die Vaaldriehoekskampus te oorweeg. Prof L du Plessis is dan ook heraanstelling. Die registrateur van die Potchefstroomkampus het die forum geraadpleeg oor die aanstelling van 'n viserektor vir onderrig-leer. Prof R Letšosa is in die amp aangewys.

► Transformasiesake

Transformasie is as 'n prioriteit vir die Institusionele Forum gesien. Daar is kennis van die vakature van die amp vir uitvoerende adviseur vir transformasie en diversiteit geneem, en ook van die visekanselier se besluit om die vulling van hierdie amp na die nuwe visekanselier te verwys.

Die Institusionele Forum het 'n verslag deur prof M Verhoef oor transformasie van 2004 tot 2013 by die universiteit ontvang. Sy is genooi om hierdie verslag aan die forum voor te lê, maar as gevolg van tydsbeperkings is die aanbieding tot 2014 uitgestel. Geen sake met betrekking tot die Beleid oor Geslag en Ras asook ander geslagsaangeleenthede is voorgelê of bespreek nie, en die forum het besluit om van tyd tot tyd verslae van die Menseregtekomitee te versoek om hulle oor die stand van sake in te lig.

► Terugvoer oor oriënteringsprogramme

Al drie verteenwoordigende kampusstudenterrade het hul verslae oor die kampusse se oriënteringsprogramme vir eerstejaars voorgelê. Die oriënteringsprogramme is ooreenkomstig die verslae as suksesvol beskou, wat onder andere na akademiese prosesse asook maatskaplike en nasionale ontwikkelings verwys het.

Gesondheids- en veiligheidsaspekte gedurende oriëntering is noulettend ondersoek, veral ná die tragiese verdrinking in 2012 van mnr Thabang Mokhoang, 'n eerstejaarsingenieurstudent op die Potchefstroomkampus. Die kampusrektor, prof H van Schalkwyk, het terugvoer gegee oor die ondersoek na afloop van hierdie ongelukkige voorval en die aanbevelings wat deur die Raad gemaak is. Terugvoer oor die implementering van die Raad se aanbevelings is aangebied.

Die forum het besluit om die verslag wat deur prof Van Schalkwyk aangebied is te aanvaar, en het besluit om hierdie saak nou as afgehandel te beskou maar dit te heropen indien nuwe getuienis voorgelê sou word.

Die forum het die behoefte aan gereelde verslae vanaf studente gedurende die jaar geïdentifiseer. Met hierdie doel voor oë sal 'n gestandaardiseerde templaet vir verslae in samewerking met die Institusionele Dekaneforum opgestel word.

slot

Deurlopende aandag is aan transformasie- en menseregtesake gegee ten einde kwaliteit binne bestaande prosesse te verbeter; die Institusionele Forum het beide die mandaat en die kapasiteit om die belangrike rol te vervul wat volgens die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut vir hulle bedoel is. Die forum word wyd aanvaar as 'n geloofwaardige liggaam wat bereid en in staat is om 'n konstruktiewe rol te speel in die bevordering van 'n institusionele kultuur wat op verdraagsaamheid, respek en integriteit gebou is.

DR KL MABE
VOORSITTER: INSTITUSIONELE FORUM



Senaatsverslag

DR THEUNS ELOFF

In hierdie afdeling kan u lees omtrent ons kernbesigheid, naamlik onderrig-leer en navorsing. Die derde komponent van ons kernbesigheid, die implementering van ons kundigheid, sal in die visekanselier se verslag onder die afdeling "ons mense" gedek word. Dit is omdat ons die gemeenskappe waarbinne ons kampusse werk, beskou as deel van die mense wat die NWU na aan die hart lê.

In 2013 het die Senaat die kernbesigheid van die NWU ondersteun deur te verseker dat die universiteit se akademiese strukture, beleid en personeel in die gewenste rigting beweeg om studentesukseskoerse op te stoot en die welstand van studente te beskerm. Die Senaat het ook die Raad geadviseer oor verskeie strategiese aangeleenthede wat met hierdie kernbesigheidskomponente verband hou.

samestelling van die senaat

Ooreenkomstig die Statuut bestaan die lidmaatskap van die NWU-senaat uit:

- ▶ Die visekanselier (voorsitter)
- ▶ Die adjunkhoof
- ▶ Die adjunk-visekanselier vir onderrig-leer
- ▶ Die adjunk-visekanselier vir navorsing, innovasie en tegnologie
- ▶ Die kampusrektore
- ▶ Die institusionele registrator
- ▶ Die dekane van alle fakulteite
- ▶ Akademiese personeel wat deur akademiese personeel in die fakulteit verkies is (altesaam 33 lede)
- ▶ Nie-akademiese personeel wat deur nie-akademiese personeel verkies is (altesaam twee)
- ▶ Studente aangewys deur die Institusionele Verteenwoordigende

Studenteraad (IVSR) (altesaam vier)

- ▶ Die voorsitter van die Raad of 'n gedelegeerde en een ander Raadslid verkies deur die Raad
- ▶ Persone verantwoordelik vir die koördinerende van navorsing, akademiese steun en biblioteek- en inligtingsdienste op institusionele vlak
- ▶ Akademiese personele wat deur die Senaat op advies van die vaste komitees van die Senaat gekoöpteer is, met spesiale inagneming van ras en geslag (altesaam agt)

Drie gewone vergaderings van die Senaat is gehou en die gemiddelde bywoning van hierdie vergaderings was 66%. Die volgende vaste senaatskomitees was gedurende 2013 in plek:

- ▶ Uitvoerende Komitee van die Senaat
- ▶ 'n Kampussenaatskomitee per kampus
- ▶ Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie
- ▶ Institusionele Komitee vir Onderrig en Leer
- ▶ Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde
- ▶ Institusionele Komitee vir Toelatingsvereistes
- ▶ Vaste Komitee vir Akademiese Geletterdheid
- ▶ Vaste Komitee vir Filosofiese Begroting
- ▶ Appèlkomitee

Hierbenewens het die volgende komitees aan die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie gerapporteer:

- ▶ Institusionele Navorsingsteunkommissie
- ▶ Komitee vir Gevorderde Grade
- ▶ Komitee vir Klassifikasie van Proefskrifte en Verhandelings
- ▶ Navorsingsetiekkomitee, wat verantwoordelik is vir die formulering van etiekriglyne vir alle navorsing op mense, diere en mense- en diere materiaal, sowel as genetiese materiaal vanaf alle lewende organismes.

ons akademiese strukture

Daar was geen veranderinge in die akademiese strukture van die NWU gedurende 2013 nie. Ons het voortgegaan met ons akademiese struktuur van 15 fakulteite, waarvan daar vyf op die Mafikengkampus, twee op die Vaaldriehoekskampus en agt op die Potchefstroomkampus is. Altesaam 55 skole is tussen hierdie fakulteite versprei. Hierdie akademiese strukture het hulle as suksesvol bewys om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsomgewing aan die NWU te verseker.

ons onderrig-leer

Met drie kampusse en die vermoë om akademiese kontak- en afstandsprogramme te lewer, bied die NWU aan studente aansienlike buigsaamheid in hul studiekeuses en studierigtings.

Gedurende 2013 was die klem van onderrig-leer op die verhoging van die vlak van akademiese en ander steun wat aan studente beskikbaar gestel word, asook aan die bystaan van dosente om hul onderrigvaardighede te ontwikkel. Hierdie poging word weerspieël in die egalige styging in studentesukses en

gradueringssyfers. Terselfdertyd het die universiteit na die toekoms gekyk deur sy onderrig-leer-strategie te hersien, inskrywingsbeplanning te verfyn, afstandslievermoëns uit te brei en die opsies vir vervlegte leer te ondersoek.

ons onderrig-leer-statistiek

► Gradueringssyfer

Gradueringssyfer van voorgraadse kontakstudente	Getal 2013	Graduandi 2013	2013	2012	2011	2010	2009	2008
Eerste sertifikate en diplomas van twee jaar of minder	819	278	33,94%	23,54%	31,60%	31,01%	43,20%	35,23%
Eerste diplomas en baccalaureusgrade: drie jaar	17 305	3 614	20,88%	19,08%	19,47%	20,50%	21,93%	21,33%
Professionele eerste baccalaureusgraad: vier jaar of langer	9 984	1 835	18,38%	17,24%	15,94%	16,60%	16,73%	17,06%
Gradueringssyfer van voorgraadse afstandstudente	Getal 2013	Graduandi 2013	2013	2012	2011	2010	2009	2008
Eerste sertifikate en diplomas van twee jaar of minder	8 116	3 428	42,24%	41,29%	45%	44%	38%	34%
Eerste diplomas en baccalaureusgrade: drie jaar	10 090	1 594	15,80%	15,47%	17%	17%	17%	20%
Professionele eerste baccalaureusgraad: vier jaar of langer	823	190	23,09%	16,34%	10%	15%	13%	24%


► Gradueringstatistiek

(Per plegtigheidsdatum ná voltooiing van die eksamenvereistes in 2013)

Naam van kampus	Maand	Jaar	Syfer geslaag
Mafikeng	Mei	2014	1 888
	Oktober	2013	565
	Totaal		2 453
Potchefstroom	Augustus	2013	395
	Februarie	2014	866
	Januarie	2014	2 062
	Julie	2013	2 200
	Maart	2014	4 381
	Mei	2014	589
	November	2013	430
	September	2013	578
	Totaal		11 501
Vaaltriehoek	Januarie	2014	2
	Mei	2014	1 353
	Oktober	2013	155
	Totaal		1 510
Groot totaal			15 464

► **Grade en diplomas toegeken per kwalifikasietipe**

Grade en diplomas toegeken	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
Eerste grade	3 032	3 237	3 719	3 646	3 698	3 902	4 162	4 249	4 771	5 624
Diplomas	4 459	2 450	3 553	5 266	5 964	6 804	7 734	7 291	6 410	6 418
Honneurs	1 453	1 284	1 678	1 691	1 992	1 957	2 425	2 800	2 664	2 473
Meesters	626	700	764	618	583	659	633	639	670	781
PhDs	87	82	110	124	100	123	129	115	154	168
Totaal	9 657	7 753	9 824	11 345	12 337	13 445	15 083	15 094	14 669	15 464



- Voorgaadse diploma of sertifikaat (3 jaar) 11%
- Algemene academische eerste baccalaureusgraad 20%
- Professionele eerste baccalaureusgraad (4 jaar min) 13%
- Nagraadse diploma of sertifikaat 7%
- Honneursgraad 16%
- Meestersgraad 5%
- Doktorsgraad 1%
- Voorgaadse diploma of sertifikaat (1 of 2 jaar) 24%
- Professionele eerste baccalareusgraad (3 jaar) 3%

strategie vir onderrig en leer

Daar word tans 'n Strategie vir Onderrig en Leer ontwikkel, asook die aanvaarding van 'n hersiene tegnologiesaamwerk vir Onderrig en Leer wat die strategie ondersteun. Elemente wat die universiteit se Strategie vir Onderrig en Leer behoort te omskryf, behels die NWU se visie en missie vir onderrig en leer, die gewenste kenmerke van graduandi, die NWU se opvoedkundige filosofie, beginsels waarop die strategie gegrond is, die universiteit se begrip van vervlegte leer en breë temas soos kwaliteit, toegang en sukses, en kurrikulumhervorming.

inskrywingsplan kyk vooruit

Ná omvattende raadpleging op elk van die kampusse het die universiteit 'n inskrywingsplan vir die volgende inskrywingsiklus aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) voorgelê. Die plan is aan die einde van Augustus 2013 voorgelê, en daar word op terugvoer van die DHOO gewag.

Sommige van die projeksies vir die tydperk 2013 tot 2019, soos in die inskrywingsplan ingesluit, is soos volg:

- ▶ 'n Algehele groei van 3,1% in inskrywingsyfers, met 'n koers van 3,8% op voorgraadse en 0,7% op nagraadse vlak.
- ▶ 'n Styging van 58,5% tot 60,4% in die persentasie kontakinskrywings.
- ▶ Die handhawing van die algehele sukseskoers van 84%.
- ▶ 'n Egalige groei van inskrywings in wetenskap, ingenieurswese en tegnologie, sowel as in sakewese en bestuur.

goedkeuring van akademiese programme

Gedurende 2013 het die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) 117 aansoeke goedgekeur. Hiervan was 62 veranderinge aan bestaande programme, 10 vir nuwe kwalifikasies en programme en 45 vir aanbiedinge in voortgesette onderwys. Die huidige beleid en prosedures vir bestuur van akademiese programme is hersien en is in 'n Konsepbeleid vir die Ontwikkeling, Bestuur en Hersiening van Programme ontwikkel. 'n Taakspan sal hierdie konsepbeleid vir aanbeveling aan die Senaat in 2014 oorweeg. Daar is gedurende 2013 nog twee aangeleenthede geïdentifiseer wat die aandag van IKAS verg. Een was die kwaliteit van dokumente wat voorgelê word aan eksterne liggame wat vir akkreditering verantwoordelik is, en die tweede was probleme met die naspoor van aansoeke by en reaksies van eksterne liggame.

Om hierdie situasie te verbeter, het ons die proses vir die ontvangs en verspreiding van terugvoer vanaf eksterne liggame herontwerp en interne kommunikasielyne meer vaartbelyn gemaak.

voortgesette onderrig

Voortgesette onderrig verwys na voortgesette professionele ontwikkeling, sowel as ander verbandhoudende aktiwiteite op die gebied van onderrig en

leer. Hierdie aktiwiteite sluit aanbiedings in wat nie op die NWU se Program- en Kwalifikasiemengsel as formele akademiese programme gelys word nie, maar wat teen 'n tarief of ander vorm van vergoeding aangebied word, of waarvoor 'n NWU-sertifikaat of ander vorm van erkenning uitgereik word waarop die embleem van die NWU voorkom.

Wat voortgesette onderrig betref, is die volgende stappe in 2013 gedoen:

- ▶ Ná identifisering van die aflewering van kort leerprogramme as 'n risiko en die insluiting daarvan vir onmiddellike aandag in die 2013-risikoregister van die NWU is 'n Raamwerk vir Voortgesette Onderrig ontwikkel.
- ▶ IKAS het 'n wysiging van die proses vir die hantering van indiening van kort leerprogramme goedgekeur. Dit is gedoen omdat IKAS-prosedures primêr ontwerp is om formele programme te dien, en dit nie voldoen het aan die behoeftes wat met die aanbieding van voortgesette onderrig verband hou nie.
- ▶ Die Institusionele registrateur is versoek om 'n meer toepaslike meganisme tot stand te bring om IKAS te help met sy taak van oorweging van kontrakte, tenders en ander vorme van ooreenkomste vir aanbiedings rakende voortgesette onderrig.
- ▶ Gedurende 2013 is drie IKAS-vergaderings vir die oorweging van voorstelle vir voortgesette onderrig gehou en is aansoeke vir 45 nuwe aanbiedings wat betref voortgesette onderrig goedgekeur.

oop afstandsleer

Die Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL) is op 1 Januarie 2013 van stapel gestuur en is verantwoordelik vir die aflewering van akademiese programme uit verskeie fakulteite aan afstandstudente. Hierdie eenheid is op die Potchefstroomkampus geleë en is die Mafikengkampus met hul teologieprogramme en die Vaaldriehoekkampus met hul opvoedkundige programme behulpsaam. Tans word vyf programme in opvoedingswetenskappe, vyf in gesondheidswetenskappe en twee in teologie aangebied.

Gedurende 2013 het die universiteit begin om verskeie nuwe afstandsleerprogramme op gebiede soos polisiëringspraktyk, sake-administrasie en veiligheidsbestuur te ontwikkel, wat ons beplan om vanaf 2015 te implementeer.

Benewens die lewering van formele programme, voorsien die EOAL fasiliteite en logistiese ondersteuning vir die lewering van verskeie kursusse in voortgesette onderrig, sowel as die Universiteitsvoorbereidingsprogram (UniPrep). As gevolg van die omvang van die administratiewe en bestuursake van die EOAL het die NWU 'n kontrak met die Open Learning Group vir die voorsiening van verskeie logistieke en administratiewe dienste gesluit.

Die totale getal studente in afstandsonderrigprogramme soos op 31 Desember 2013 het op 24 448 te staan gekom. Lesings word via interaktiewe witborde aan 55 ten volle toegeruste oopleer-studiesentrums aangebied. Gedurende 2013 het die EOAL die geografiese reikwydte van sy aktiwiteite tot buite Suid-Afrika en Namibië uitgebrei om Portugal in te sluit. Die eenheid beoog om in 2014 geselekteerde programme in Botswana, Zimbabwe, Swaziland en Suid-Amerika aan te bied.

vervlegte leer

Die NWU is terdeë bewus van die wêreldwye veranderinge in modusse van onderwysvoorsiening. Dit is duidelik dat kontakmetodes (kampusgebaseerde metodes) van onderrig en leer en afstandsmetodes sal saamvloei tot gemengdemodus-vorme van voorsiening deur middel van 'n vervlegteleerbenadering.

Kortom, vervlegte leer is die integrering van weldeurdagte, geselekteerde komplementerende onderrig-en-leerbenaderings en -tegnologieë. Die sterktes van elk word tot 'n unieke leerervaring vervleg. Die Strategie vir Onderrig en Leer, wat vorm kan gee aan die NWU se benadering tot oop afstandsleer, word tans hersien om ontwikkelings in Suid-Afrikaanse Hoër Onderwys te weerspieël.

programbelyning – die HOKR-projek

Fase 2 van die Hoëronderwys-kwalifikasieraamwerk- (HOKR-) belyningsproses, wat op Kategorie B-programme fokus, is gedurende 2013 voortgesit. Vyftien programklusters is volgens breë dissiplinêre groeperings saamgestel ten einde die belyningsproses te koördineer.

Daar is oorspronklik voorsien dat Fase 2 teen die einde van Junie 2014 in sy finale stadiums sou wees. Die Raad op Hoër Onderwys het die universiteit egter ingelig dat die indiening van die Kategorie B-programme vroeg in 2014 sou begin en in die loop van 2015 voltooi moet word.

kwaliteit van akademiese programme verantwoordelik is

Verskeie kwaliteitsversekeringsaktiwiteite vir akademiese programme is in 2013 onderneem. Eksterne evaluering is uitgevoer op die BA Hons-graad in kuns-geskiedenis en die MA/MSc-graad in navorsingsielkunde op die Potchefstroom-kampus, asook vir die baccalaureusgraad in kommunikasie en die BCom-graad in inligtingstelsels op die Mafikengkampus. 'n Opvolgevaluering is vir Engels as vak op die Mafikengkampus uitgevoer.

Altesaam 21 eksterne vakkundiges het tot hierdie eksterne evaluering bygedra. Agt van die eksterne paneellede was vroue en vier was in die bedryf werksaam. Die internasionale vakkundiges wat deelgeneem het, was afkomstig uit lande soos Kanada, die Verenigde Koninkryk, Duitsland, Nederland, Indië, Kenia en Nigerië.

'n Nasionale oorsig vir die baccalaureusgraad in maatskaplike werk op al drie kampusse is deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) uitgevoer. Die VK-gebaseerde *Association of Masters in Business Administration* (AMBA) het 'n oorsig- en akkrediteringsbesoek gebring ten opsigte van die MBA wat op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus aangebied word. Die tweede evaluering van belynde interne programme is oor die drie kampusse vir die

BEdHons uitgevoer in twee van die kurrikula of programme wat as deel van die kwalifikasie aangebied word. Die eerste belynde interne proگرامevaluering is vir die BCom-program vir geoktrooieerde rekenmeesters uitgevoer.

Die Ingenieursraad van Suid-Afrika (IRSA) het 'n akkrediteringsbesoek vir die baccalaureusgraad in meganiese ingenieurswese aan die Potchefstroomkampus gebring. Die besoek het volle akkreditasie vir die program tot gevolg gehad.

verligting van akademiese risiko: studentetoegang en -sukses

Dit bly 'n risiko vir enige universiteit wanneer studente uitsak of nie in staat is om hul studie in die toegewese tyd te voltooi nie.

Opleiding in akademiese, denk- en studievaardighede is van hulp vir alle studente, maar veral vir diegene wat onvoorbereid uit die skoolomgewing kom, om by die eise van hoër onderwys aan te pas en sukses in hul studie te behaal. Lees in die volgende afdeling meer oor hoe ons ons studente ondersteun.

Intussen is die volgende 'n paar van die spesifieke stappe wat op die kampusse gedoen word:

- ▶ Ná swak studenteprestasie gedurende vroeë evalueringsgeleenthede is 'n innoverende portuurondersteunende leerprogram (POL-program) op die Mafikengkampus as 'n ingrypingstrategie in 'n derdejaarsmodule in logistiek ingestel. Hierdie program verskil van Aanvullende Onderrig (wat in die volgende afdeling bespreek word) in dié opsig dat dit meer informeel is en "portuurmentors" in dieselfde klas betrek, in teenstelling met senior studente. Die slaagsyfer het van 38% vir die eerste semestertoets tot 63% vir die tweede semestertoets gestyg.
- ▶ Soos dit die praktyk is, moes alle eerstejaarstudente op die Potchefstroom-kampus akademiese geletterdheidstoetse aflê en is remediërende stappe gedoen om akademiese geletterdheid te verbeter, veral die leesvaardighede van daardie studente wat in hierdie toetse onderpresteer het. Hierbenewens is daar gedurende die oriëntasietydperk 'n kortkursus aangebied om eerstejaarstudente se wiskundige vaardighede op te skerp. Werwing het vroeg in die jaar begin, en die getal studente wat gewerf is, het die syfers wat aan die DHOO in die inskrywingsplan voorgelê is, met ongeveer 30% oorskry ten einde vir moontlike uitsak aan die begin van die volgende jaar voorsiening te maak.
- ▶ Ná ontleding van die 2012-eerstejaarsdeurvloei vir die eerste semester het die Vaaldriehoekkampus aanbeveel dat alle eerstejaarstudente gedurende die amptelike ontvangs- en verwelkomingsprogram vir eerstejaars 'n akademiese voorbereidingsprogram bywoon. Die Akademiese Voorbereidingsprogram is ontwikkel om met studiebevoegdheids- en die gebruik van die eFundi-leerbestuurstelsel te handel, asook om studente op hoogte van akademiese ontwikkelings- en ondersteuningsdienste te bring.

ondersteuning van ons studente

► Grondslagvoorsiening

Gedurende die vorige jaar het die NWU suksesvol by die DHOO aansoek gedoen om 43 verlengde programme in die befondsingsiklus vir grondslagvoorsiening wat in 2013 'n aanvang geneem het, aan te bied.

Die meerderheid van hierdie programme is op die Mafikengkampus aangebied, 20 daarvan in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie en 14 in die Fakulteit Handel en Administrasie. Die oorblywende sewe programme is in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie op die Vaaldriehoek-kampus gesetel.

► Universiteitsvoorbereidingsprogram (UniPrep)

Die UniPrep-loodsprojek het die tweede jaar van die driejaarloodsfase in 2013 binnegegaan. Hierdie program, waarin die NWU met die Open Learning Group saamwerk, ondersoek moontlike wyses vir die uitbreiding van toegang tot universiteitstudie vir leerders wat andersins nie vir toelating sou gekwalifiseer het nie.

In 2013 is 'n UniPrep-program, wat gemik is op die verbetering van toegang tot BTh-programme, by die bestaande BCom-aanbieding bygevoeg en het die getal deelnemende studente tot 102 gestyg, vergeleke met 26 in 2012.

Op versoek van die Potchefstroomkampus het 28 kampusstudente wie se Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae nie toelating tot BCom-studie moontlik gemaak het nie, vir twee wiskundemodules (getitel "Oorbrugging van die wiskundige gaping") ingeskryf om die nodige standaard te bereik.

► Aanvullende onderrig ("SI")

Sogenaamde "SI" is 'n internasionaal erkende nie-remediërende benadering tot leerverryking wat studentretensie en -prestasie verhoog. In 2013 is "buite die klas"-SI-groepstudiesessies gefasiliteer deur SI-leiers, naamlik studente wat voorheen en met sukses die betrokke module voltooi het. Hoewel dit grootliks in eerstejaarmodules gebruik word, het dit duidelik geword dat SI ewe doeltreffend in tweedejaar- en nagraadse vakke is.

Opsomming van aktiwiteite in Aanvullende Onderrig in 2013

Kampus	Modules waarin SI aangebied word	SI-sessies	% van risikomodules waarin SI aangebied is
Mafikeng	208	15 730	33%
Potchefstroom	195	6 413	37%
Vaaldriehoek	176	10 169	63%
TOTAL	579	32 312	

Let daarop dat 'n risikomodule in 2013 omskryf is as 'n module met 'n slaagsyfer laer as 70%.

'n Ontleding van 47 modules het getoon dat studente wat aan SI deelneem, 'n modulepunt behaal het wat 10% hoër is as in die geval van diegene wat dit nie bygewoon het nie.

Verskeie projekte is onderweg om die doeltreffendheid van die SI-program verder te evalueer. Dit sluit die volgende in:

- > 'n meestersverhandeling oor die SI-program
- > meting van die impak van SI regoor al die kampusse van die NWU
- > navolging van die vordering van SI-leiers na akademiese loopbane
- > verkryging van aanlyn-terugvoer vanaf studente

Die bemerking van SI is in 2014 uitgebrei om SI selfs sigbaarder op die kampusse van die NWU te maak. Inligting oor SI is tydens die jaarlikse konferensie oor Vakkundigheid van Onderrig en Leer, die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) en tydens opedaggeleenthede op die kampusse gedeel. Ander bemerkingshulpmiddels het brosjures, 'n SI-bewusmakingsweek, promosie-DVD's, 'n handleiding vir dosente oor eFundi en SI-webblaaie waarin kampusspesifieke inligting gedeel is, ingesluit.

ontwikkeling van ons akademiese personeel

Die belangrikste ontwikkelingsaktiwiteite vir akademiese personeel in 2013 het die aanbieding van die IKND ingesluit, asook twee onderrigtoekenningsprosesse (die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) en die *Rapport-toekenning*), asook projekte wat met die Vakkundigheid van Onderrig en Leer verband hou.

► Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND)

Die drie breë doelwitte van die IKND is om nuwe dosente aan beste praktyk in hoër onderwys bekend te stel, die kennis van ervare dosente te verfris en geleenthede vir akademiese personeel van al die kampusse te bied om hul ervarings te deel.

Sommige van die praktiese aangeleenthede waarop daar in 2013 gefokus is, het die ontwikkeling van studiegidse, e-gidse, eksamen vraestelle en die gebruik van tegnologie in die klaskamer ingesluit. Filosofiese en etiese kwessies in hoër onderwys is ook bespreek, met kundiges in nasionale en internasionale onderwys wat hul kundigheid met akademiese personeel gedeel het. Gedurende 2013 het altesaam 284 akademiese fases een en twee van die IKND bygewoon. In 2014 sal 'n doelgerigte poging aangewend word om te verseker dat alle akademiese personele wat sedert 2010 aangestel is en nog nie die IKND bygewoon het nie, hierdie kursus voltooi.

► Akademiese ondersteuning aan die Eenheid vir Oop Afstandsl eer (EOAL)

Die taak van ondersteuning van die EOAL gedurende 2013 is aan die Potchefstroomkampus se Akademiese Steundienste gedelegeer, wat 'n aantal inisiatiewe van stapel gestuur het. Dit het besoeke ingesluit aan leersentrums om die opleidingsbehoefte van dosente in OAL vas te stel, dosente aan slimtegnologie bekend te stel en 'n pasgemaakte oriënteringsprogram vir dosente in die OAL-verpleegkundeprogram te ontwikkel.

► **Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU)**
ITOU is 'n meganisme ter erkenning en aanmoediging van dosente om hul onderrigvaardighede te ontwikkel. Die ITOU-proses sluit aktiwiteite in soos waarneming van drie kontaksessies deur 'n evalueringspaneel, studentet terugvoer, bewys van innoverende strategieë en benaderings tot onderrig-leer (insluitende e-leer), en die evaluering van 'n onderrigportefeulje. In 2013 het altesaam 55 dosente ITOU-toekennings op grond van die 2012-evalueringsproses ontvang. Gedurende die jaar is die proses vir die ITOU-toekennings hersien en is 'n hersiene ITOU-raamwerk deur die Senaat goedgekeur.

Volgens die hersiene beleid sal daar in die toekoms drie toekenningskategorieë wees:

- > Die Toekenning vir Ontwikkelende Onderriguitnemendheid, wat erkenning aan ontwikkelende dosente verleen, met 'n monetêre toekenning van R15 000.
- > Die Toekenning vir Onderriguitnemendheid, wat uitsonderlike en bewese prestasies in onderriguitnemendheid erken, met 'n monetêre toekenning van R30 000.
- > Die Toekenning vir Uitsonderlike Onderriguitnemendheid, wat erkenning aan uitsonderlike vakkundiges op die gebied van leierskap en prestasies in die vakkundigheid van onderrig en leer erken. Die monetêre toekenning is R50 000, met 'n bykomende jaarlikse R4 000 vir drie jaar.

► *Rapport-Topdosenttoekennings*

Vir die vierde agtereenvolgende jaar het *Rapport* 'n aansienlike bedrag geld vir hierdie toekennings bewillig. Nadat die voltydse voorgraadsde studente vir die dosente gestem het wat hulle die meeste geïnspireer het, het die fakulteitsweners elk 'n kontantprys van R50 000 ontvang. Die vlakke van studentebetrokkenheid by die nominasies het wesenlik toegeneem, met twee van die drie NWU-kampusse wat in 2013 studentebetrokkenheid van byna 60% bereik het. Die proses is aan die toesig van die NWU se afdeling Interne Oudit onderwerp.

► **Vakkundigheid van Onderrig en Leer (VOL)**

Volgens die Institusionele Plan vir 2013 moet die universiteit projekte in die Vakkundigheid van Onderrig en Leer (VOL) ondersteun. Met dit in gedagte het die NWU aan die begin van 2013 R1 miljoen uit strategiese fondse toegewys. Hierdie fondse is aan die drie kampusse en die Institusionele Kantoor versprei. Die Institusionele Kantoor het sy fondse gebruik om die jaarlikse VOL-konferensie van 19 tot 21 November aan te bied, met die tema "Die universiteit in die 21e eeu: kweking van ondersoekgedrewe studente". Die gassprekers was prof Clifton Conrad van die Universiteit van Wisconsin-Madison in die VSA, en dr Melissa Layne van die *American Public University System*. Fondse wat aan kampusse toegeëtel is, is aan 52 ontvangers van VOL-toekennings (akademici) regdeur die NWU toegeëtel. Op elk van die kampusse het die verantwoordelike viserektor vir akademie of onderrig-leer die voorstelle vir VOL-toekennings met gebruik van vasgestelde kriteria goedgekeur. Daar is van die ontvangers vereis om vorderingsverslae aan hul kampusviserektore voor te lê en aanbiedings oor werk wat nog aan die gang is of voltooië projekte by die VOL-konferensie te doen.

► **Onderrig-en-leertegnologie**

Onderrig-en-leertegnologie (OLT) is deel van die ontwikkeling van 'n Strategie

vir Onderrig en Leer, volgens die 2013 Institusionele Plan. Die aktiwiteite in hierdie domein van steun aan die NWU word deur die tegnologiesaamwerk vir onderrig en leer gereguleer. Die visie van hierdie raamwerk is om die kwaliteit van onderrig-en-leertegnologie wat by die NWU gebruik word te verseker. In November 2013 het die NWU by die *Open Educational Resources University-network* (OERU-netwerk) as 'n ankervennoot aangesluit om te deel in die samewerking oor die ontwikkeling van oop opvoedkundige hulpbronne (OOH) met vennootinstellings van dwarsoor die wêreld. Hierdie internasionale blootstelling sal na verwagting tot groot voordeel van die ontwikkeling van die algehele Onderrig-en-Leerstrategie strek.

In 2013 is samewerking met bestaande vennote en ander gebruikers van onderrig-en-leertegnologie aan hoëronderriginstansies in Suid-Afrika en die buiteland uitgebrei. Die doel van hierdie samewerking is om normering te doen, nuwe en intern ontwikkelde tegnologie tot die voordeel van die NWU en deelnemende vennote te vind en met mekaar te deel. Die eNdaba-werksgroep, wat toesig oor die implementering van onderrig-en-leertegnologie aan die NWU hou, was by verskeie projekte betrokke. Dit het die implementering en toetsing van die Sakai 2.9-leerbestuurstelsel, ontwikkeling van e-gidse en ondersteuning van die kampusse met die aanvaarding van onderrig- en -leertegnologie ingesluit. In 2013 is 'n bedrag van R250 000 per kampus beskikbaar gestel om multimedietoerusting in lesinglokale in stand te hou.

► **Produksie van studiemateriaal**

Op die Potchefstroomkampus is die produksie van sekere papierstudiegidse ten gunste van die ontwikkeling van e-gidse gestaak. Die Vaaldriediehoekskampus het ook 'n aantal e-gidse geproduseer. Gedurende die jaar is daar, benewens studiegidse, 74 nuwe produkte vir addisionele studiemateriaal en studiehulpbronne op die Potchefstroomkampus geskep. Verder is nog 25 projekte ter ondersteuning van die instandhouding van huidige leermateriaal onderneem.

► **Implementering van eFundi by die NWU**

By die NWU gebruik ons 'n leerbestuurstelsel genaamd eFundi. In 2013 het soveel as 28 329 van die 36 125 kontakstudente by die NWU eFundi gebruik. Dit weerspieël 'n gebruiksyfer van 78%, wat baie gunstig vergelyk met die leerbestuurstelsels wat by die meeste ander toonaangewende universiteite gebruik word. Die stelsel is ook gedurende 2013 deur 1 072 NWU-akademici gebruik.

loopbaansentrum

Die Loopbaansentrum is betrokke by 'n verskeidenheid aktiwiteite om die aanstelbaarheid van NWU-studente te bevorder en om netwerke te skep wat werkgewers bewus maak van die sterk punte van die universiteit se studente en aan ons terugvoer oor die kenmerke van ons graduandi voorsien. 'n Aantal sleutelaktiwiteite het tot die universiteit se aanstelbaarheidstrategie in 2013 bygedra.

► **Ondersteuning van onderrig-leer**

In 2013 het die Loopbaansentrum ten nouste met die onderrig-leer-portefeulje saamgewerk, byvoorbeeld deur gereelde terugvoer te gee oor spesifieke

behoefte wat werkgewers en professionele groepe uitgespreek het. Voorbeelde spesifiek met betrekking tot 2013 was 'n vennootskap tussen Senwes en die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die Potchefstroomkampus, farmaseutiese maatskappye se betrokkenheid by die jaarlikse Farmasiesimposium, en beurse wat aan NWU-studente gebied is, asook kurrikulumhervorming in die Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe, ook op die Potchefstroomkampus.

► Betrokkenheid by alumni

In ooreenstemming met die Institusionele Plan het die Loopbaansentrum die platform voorsien vir die netwerk van NWU-alumni om hul kundigheid deur verskeie meganismes met studente te deel. Dit behels vrywillige aanbieding van hul dienste as mentors, die aanbieding van gaslesings en die akkommodering van studente-interns binne hul organisasies. Alumni het ook die *CareerZone* vir hul persoonlike soektogte na loopbaangeleenthede gebruik.

► Bystand aan ons studente

Die hoofverantwoordelikheid van die loopbaankonsultant is om NWU-studente wat betref die skryf van CV's en voorbereiding vir werksonderhoude te bemagtig. Werkswinkels word vir hierdie doel gehou, maar studente kan ook individuele konsultasies reël.

Die oorsigjaar het 'n styging gesien in die getal akademiese personeel wat die loopbaankonsultant genooi het om aanbiedings aan hul studente te maak. Die loopbaankonsultant het gedurende 2013 al die kampusse besoek en die getal studente wat bereik is, het van 1 310 in 2012 tot 1 702 in 2013 toegeneem.

Ses loopbaanskoue, wat deur 106 maatskappye bygewoon is, is gehou en het aan studente die geleentheid vir netwerking met werkgewers gebied. Die Loopbaansentrum het voortgegaan om elektroniese studenteplatforms soos die *CareerZone*, sosiale media (veral Facebook) en e-Fundi (die universiteit se leerbestuurstelsel) te gebruik om vakatures by werkgewers, aanbiedings deur werkgewers en enige ander loopbaanverwante geleenthede en artikels te adverteer.

Hulpbronne wat beskikbaar is vir studente wat werk soek, insluitende wenke oor aanlyn-aansoeke, skakels na webwerwe vir werksoekers, en inligting oor werkgewervoorkeure.

► Ander inisiatiewe

Ander inisiatiewe wat die Loopbaansentrum in 2013 onderneem het, het die volgende ingesluit:

- > Die Loopbaansentrum, in assosiasie met die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsagentskap vir Graduandi, het vir elke kampus 'n bemagtigingseminaar vir graduandi gereël. Ongeveer 150 NWU-studente het hierdie seminare bygewoon.
- > Die Loopbaansentrum het 'n gereelde weeklikse tydgleuf genaamd "Bridging the Gap" op die studenteradiostasie, *PUKFM*, gehad. Die loopbaankonsultant het by vier geleenthede regstreeks op die program oor onderwerpe soos die skryf van CV's, werksonderhoude en die bemagtigingseminare vir graduandi gepraat.
- > Gedurende 2013 het die Loopbaansentrum aan drie opnames deelgeneem. Dit het ingesluit Universum-opnames oor Suid-Afrikaanse

studente en beroepslui, en *South African Graduate Recruitment Association*-opnames oor werkgewers en kandidate. Personeel van die Loopbaansentrum het ook die jaarlikse konferensie van die *Association of Graduate Careers Advisory Services* in die Verenigde Koninkryk en die *National Association of Graduate Careers Advisory Services* in Australië bygewoon.

biblioteek- en inligtingsdienste

Aansienlike ontwikkeling van die universiteit se biblioteekdienste en -hulpbronne het sedert 2011 plaasgevind, toe institusionele bestuur R5 miljoen toegewys het om die biblioteke in staat te stel om hul boekevoorraad te verbeter. Hierdie fondse is gebruik om voorsiening van toereikende hulpbronne in biblioteke regdeur die NWU te ondersteun.

Op al drie kampusse het Biblioteekdienste 'n herwinningsprojek oor die akkuraatheid van biblioteekbesit op die databasisse van die Aanlyn-rekenaarbiblioteeksentrum uitgevoer.

Daar is geverifieer dat die NWU-biblioteke toegang tot ongeveer 7 000 aangekoopte e-boeke het en op 872 elektroniese vaktidskrifte en 95 elektroniese databasisse ingeteken is, wat aan die NWU toegang tot ongeveer 39 000 bykomende elektroniese vaktidskriftitels verleen.

In Augustus 2012 het Biblioteek- en Inligtingsdienste begin om alle personeelposte regdeur die universiteit se biblioteke te belyn. Dit het uitgeloop op 'n soortgelyke posstruktuur vir biblioteekpersoneel regdeur die NWU teen April 2013.

'n Omvattende portuurevaluering is vir die biblioteek op die Potchefstroomkampus uitgevoer, gevolg deur twee "sagte" (breë eerder as gedetailleerde oorsigte) vir die biblioteke op die Mafikeng- en Vaaldriehoekskampus. Tekortkominge wat geïdentifiseer is, is reggestel.

Spesifieke ontwikkelings by die verskillende kampusbiblioteke is soos volg:

- Alle verouderde en oortollige boeke is uit die Mafikengkampus se biblioteek verwyder.
- Die Potchefstroomkampus se biblioteek word in drie fases van 2013 tot 2015 opgradeer. 'n Gemeenskaplike navorsingsruimte vir nagraadse studente, 'n gemeenskaplike inligtingsruimte vir voorgraadse studente, 'n selfuitneemstelsel en 'n eBoek-projek word onder andere in die vooruitsig gestel.
- 'n Nuwe biblioteekgebou is op die Vaaldriehoekskampus opgerig en behoort teen Januarie 2014 ten volle in bedryf te wees. Die nuwe biblioteekgebou is deel van 'n groter gemeenskaplike leerruimte en sal ook die lees- en skryfsentrum, Akademiese Ontwikkelings- en Ondersteuningsdienste asook Studentevoorigting huisves. Tussen 2011 en September 2013 het die biblioteek 5 159 nuwe boeke verkry en 4 583 verouderde items verwyder.

ons navorsing en innovasie

In ons strewe daarna om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, het die NWU sorgvuldige doelgerigte beleggings in die bou van navorsingskapasiteit en die skepping van 'n bevorderlike omgewing vir navorsingspersoneel gemaak. Oor die afgelope paar jaar het hierdie beleggings goeie opbrengste vir die universiteit gelewer, wat nou onder die vyf voorste navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika tel.

hoogtepunte

- In 2013 het die NWU 781 meesters- en 168 doktorsgrade toegeken, vergeleke met die 670 en 154 onderskeidelik in 2012, en het 2 871 meesters- en 1 171 doktorsgrade studente vergeleke met die vorige jaar se 2 829 en 1 048 onderskeidelik ingeskryf. Die aansienlike styging in uitsette wat betref nagraadse grade sluit 'n styging in navorsingsmeestersgrade in van 462 in 2012 tot 506 in 2013.
- Die getal postdoktorale genote aan die universiteit het van 118 tot 140 toegeneem, en Nasionale Navorsingstigting- (NNS-) gegradeerde navorsers het van 140 tot 169 gestyg. Ná 'n toename in uitsette wat betref artikelekwivalente van 22% in 2012, was die styging in 2013 41%, van 869 (goedgekeur) in 2012 tot 1 227 (voorlopige) artikelekwivalente.
- Die idee van navorsingsklusters is deur verdere werkswinkels en persoonlike samesprekings met moontlike navorsingsleiers ontwikkel. Minstens twee potensiële klusters (Bio-ekonomie en Digitale Geesteswetenskappe) is in die proses van vorming. In 2014 sal meer innovasieklusters ontwikkel word. 'n Streeksinnovasiestruktuur, die Noordwes-tegnologie-innovasiekantoor, is gekonseptualiseer en sal die innovasieklusters ondersteun. Vier innovasiespesialiste is gewerf. Hierdie poste word finansiële deur die Nasionale Organisasie vir Intellektuele Eiendomsbestuur ("NIPMO") vir 'n tydperk van drie jaar finansiële ondersteun.
- Die NWU het befondsing ontvang vir 'n vlagskipprojek van die Mediese Navorsingsraad (MNR) getitel "Ontwikkeling van die kliniese fase van oksidant- en redoksgeneesmiddelskemas vir die Behandeling van Malaria, TB en Verwante Siektes (MALT REDOX)" ontvang.

ons navorsingstatistiek

Die volgende tabel toon die styging in navorsingsuitsette in die sleutelkategorieë sedert 2004:

Navorsingsuitset	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
Artikelekwivalente	272	318	352	358	471	409	511	653	791	1 061
Konferensieverrigtinge-publikasies	3	8	8	13	18	34	43	84	50	126
Boeke	0	0	2	5	13	5	24	36	28	40
Totale artikelekwivalente gepubliseer	275	326	361	376	503	448	589	734	869	1 227 voorlopig
Getal NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95	103	116	117	125	140	169
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583	659	633	639	670	781
Navorsingsmeestersgrade	262	293	384	313	281	369	353	365	462	506
Navorsingsmeestersgrade, geweeg	262	293	384	313	281	369	353	365	462	506
Doktorsgrade toegeken	87	82	110	124	100	123	129	115	154	168
Doktorsgrade beswaar	261	246	330	372	300	369	387	345	462	504
Totale geweegde navorsingsuitset	798	865	1 074	1 061	1 083	1 186	1 318	1 483	1 793	2 237
Postdoktorale genote	9	17	18	34	38	48	69	89	118	140

Opmerking: Alle navorsingsuitsette waarvoor gerapporteer word, is soos dit op 15 Mei 2014 aan die Departement van Hoëronderrig en Opleiding voorgelê is, en kan moontlik ná daardie datum verander.



► Publikasie-uitsette

Die NWU se gesubsidieerde publikasie-uitset bestaan uit geakkrediteerde vaktyskrifartikels, boeke en konferensieverrigtinge-publikasies. Totale publikasie-uitset vir die jaar het op 1 227 eenhede (voorlopig) te staan gekom, wat 'n toename van 41% teenoor die vorige jaar se 869 (goedgekeurde) eenhede is.

Per capita-uitset, wat verwys na artikels wat per akademikus per jaar gepubliseer is, het van 0,7 in 2012 tot 0,94 (voorlopig) in 2013 gestyg. Van die vaktyskrifartikels wat gepubliseer is, het 64% (676 eenhede) in die vaktyskrifte van die Instituut vir Wetenskaplike Inligting (IWI) verskyn, vergeleke met 66% in 2012.

► Postdoktorale genote

Die NWU het sy tendens van 'n styging in die getal postdoktorale genote voortgesit. In 2014 was daar 140 by die NWU, vergeleke met 114 die vorige jaar. Hierdie genote het almal toekennings van die universiteit ontvang. In 2013 is altesaam R21,56 miljoen aan toelaebefondsing bestee, vergeleke met die R19,48 miljoen wat in 2012 bestee is. Die volgende grafiek weerspieël die egalige styging in die getal postdoktorale genote op die NWU-kampusse sedert 2006.



► NNS-graderings

Die universiteit het die akademiese jaar met 125 NNS-gegradeerde navorsers begin en het in Februarie 2013 40 graderingsaansoeke by die NNS ingedien.

Van die 40 aansoeke om nuwe graderings was 25 geslaagd en is een nog uitstaande. As gevolg van die natuurlike wegbewyning van navorsers het die NWU aan die einde van Desember 2013 169 NNS-gegradeerde navorsings gehad.

Die volgende tabel weerspieël die getal gegradeerde navorsers per kategorie op elk van die NWU-kampusse:

Kampus	Kategorie	2009	2010	2011	2012	2013
Mafikeng	B	-	-	1	1	1
	C	1	2	6	10	16
	L	1	1	1	0	0
	Y	1	1	1	2	2
Totaal		3	4	9	13	19
Potchefstroom	A	2	2	2	2	3
	B	12	11	13	15	14
	C	70	70	74	79	96
	L	3	3	2	2	2
	P	1	1	-	1	2
	Y	20	20	16	17	21
Totaal		108	105	107	116	138
Vaaldriehoek	B	-	-	1	1	1
	Y	3	3	2	2	3
	C	2	3	5	8	7
	L					1
Totaal		5	6	8	11	12
NWU Totaal		116	117	125	140	169

beloning van ons navorsers

Tydens die jaarlikse galadinee op 1 November 2013 het die universiteit die prestasies van sy toppresterende navorsers erken. Hieronder was daar:

- Die ontvangers van die S2A3- en ABSA-bronsmedaljes vir die beste meestersgraad wat op die onderskeie kampusse ingedien is;
- 36 navorsers wat 'n NNS-gradering of -hergradering behaal het;
- Vyf personeellede wat vir hul kreatiewe uitsette erkenning ontvang het;
- Ses groepe wat vir hul verbintenis tot gemeenskapsbetrokkenheid erkenning ontvang het;
- Vier groepe wat vir hul verbintenis tot gemeenskapsbetrokkenheid erkenning ontvang het;
- Een personeellid het 'n toekenning vir uitsonderlike leierskap en bydraes tot internasionale organisasie ontvang; en
- Die mees produktiewe junior en senior navorser en die mees produktiewe navorsingsentiteit.

ontwikkeling van ons navorsingskapasiteit

In 2011 het die NNS weer eens 'n beduidende bydrae gelewer om meesters- en doktorsale studente in die kategorie van skaars vaardighede te ondersteun. Die volgende tabel toon hoe hierdie fondse toegeedeel is:

	Waarde (R)	Studente
Honneurs	4 190 000	145
Meesters	7 213 398	119
PhD	6 513 650	66
Totaal	17 917 048	330

In 2013 het die NWU finansiële steun ter waarde van R1 401 772 aan personeellede verleen wat doktorsgrade voltooi het. Dit is gedoen in die vorm van beurse wat aan 51 personeellede toegeken is.

Hierbenewens het die NWU R337 800 aan kapasiteitsbouwerkswinkels bestee wat deur 503 navorsers bygewoon is. Die onderwerpe van hierdie werksinkels het gewissel van, onder andere, skryf vir publikasies tot vraelysontwerp, navorsingsgeleenthede en wetenskaplike kommunikasie.

ons navorsingsentiteitmodel

Die navorsingsentiteitmodel is nou ten volle by die NWU geïmplementeer en dra by tot 'n sterk toename in navorsingsuitsette.

Ses navorsingsentiteite is in 2013 ekstern geëvalueer, almal met positiewe gevolge. Die evalueringsaanbevelings word in aksieplanne geïnkorporeer.

In 2013 is twee nuwe navorsingsentiteite op die Potchefstroomkampus vir 2014 goedgekeur:

- Die nisarea Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdisiplinêre en Praktijkgeleide Navorsing, en
- Die fokusarea, Selfgerigte Leer en Tegnologieversterkte Leer (SGL en TVL).

Twee nuwe entiteitskategorieë is in 2012 bygevoeg en het in 2013 aktief geraak, naamlik gehuisveste entiteite (sentrums, platforms en institute) en kommersiële entiteite. Die NWU-navorsingsentiteite soos op 31 Desember 2013 word in die volgende tabel gelys:

NWU-NAVORSINGSENTITEITE	
Navorsingsnisareas	Fakulteit en kampus
Voedselsekureit en -veiligheid in die Noordwesprovinsie	Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus
Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MVSA)	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus
Meertalige Spraaktegnologieë (MuST)	Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, Vaaldriehoekskampus
Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA)	Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomkampus
Bevolking en Gesondheid	Geestes- en Sosiale Wetenskappe, Mafikengkampus
Handel en Ontwikkeling (TRADE)	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus
Navorsingsfokusareas	
Chemiese Hulpbronveredeling	Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
Instaatstelling tot optimale uitdrukking van individuele, maatskaplike en institusionele potensiaal (OPTENTIA)	Geesteswetenskappe, Vaaldriehoekskampus
Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus
Materiaalwetenskap-innovasie en -modellering (MaSIM)	Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus
Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus
Kwaliteit in Verpleegkunde en Verloskunde (INSINQ)	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus
Maatskaplike Transformasie	Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomkampus
Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Gemeenskap ("TREES")	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus
Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET)	Geesteswetenskappe, Vaaldriehoekskampus

Navorsingseenhede	
Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika	Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
Navorsingseenheid: Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat	Regte, Potchefstroomkampus
Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRights)	Opvoedingswetenskappe, Potchefstroomkampus
Eenheid vir Energiestelsels	Ingenieurswese, Potchefstroomkampus
Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur	Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
Eenheid vir Taal en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks	Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomkampus
Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die SA Samelewing	Teologie, Potchefstroomkampus
Afrika-Eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHer)	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus
Workwell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus
Navorsingsentrum van uitnemendheid	
Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV)	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus
Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (PharMaCen)	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus
Sentrum vir Ruimtenavorsing	Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
Gehuisveste entiteite (sentrum, platform of instituut)	
Sentrum vir Menslike Metabonika	Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
DWT HySA Infrastruktuursentrum van Uitnemendheid in Waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en -veiligheidskodes en -standaarde	Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus
Die dti Sentrum van Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging	Ingenieurswese, Potchefstroomkampus
Die DWT-Sentrum van Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels (IKS)	Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus
Kommersiële navorsingsentiteite	
Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus
NNS-navorsingsleerstoele	
Astrofisika en Ruimtefisika	Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus
Steenkoolnavorsing	Ingenieurswese, Potchefstroomkampus
Biobrandstowwe en Ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe	Ingenieurswese, Potchefstroomkampus
Kernenergie	Ingenieurswese, Potchefstroomkampus
Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in SA	Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus

Twee aansoeke vir NNS/DVT-sentrums van Uitnemendheid het die eerste rondte van evaluering geslaag, en die aansoekers is genooi om volledige voorstelle in te dien. Dit was Astropartikelfisika, en die Sentrum vir Innovasie in Omgewings- en Klimaatsveranderingsreg en Korporatiewe Bestuur, albei op die Potchefstroomkampus.

navorsingsbefondsing

Navorsingsbefondsing is weereens van die NNS ontvang, asook van die NNS se Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid (THRIP). Die

volgende tabel som die NNS-befondsing op wat die NWU vir navorsing ontvang het. Die NWU se inkomste uit die NNS vir beurse vir nagraadse studente groei steeds.

Jaar	Bedrag	Aangesuiwerde	Toegeken
2010	22 979 510	16 707 197	39 686 708
2011	30 119 319	3 863 175	33 982 494
2012	36 599 173	10 808 456	47 407 629
2013	47 510 962	8 135 673	55 646 635

Die NWU bly steeds een van die topverdieners van THRIP. 'n Goeie THRIP-prestasie is 'n aanduiding van 'n begrip van drievoudigheleiks-verhoudings waar hoërondewysinstellings, die private sektor en die openbare sektor by volhoubare, innoverende samewerking betrokke raak.

Die fondse wat in 2013 vir THRIP-projekte verdien is, verskyn in die tabel hieronder. Dit is belangrik om daarop te let dat alle THRIP-geld wat van die NNS ontvang word, ook 'n bydrae vanaf die nywerheid veronderstel.

Jaar	Bedrag	Toegeken
2010	22 979 510	39 686 708
2011	31 673 631	35 748 806
2012	11 589 866	31 660 131
2013	19 120 477	30 153 932

ondersteuning tov tegnologie-oordrag en innovasie

Gedurende 2013 het die NWU se Ondersteuningskantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasie die innovasie- en kommersialiseringsaktiwiteite van die universiteit ondersteun deur 'n wye verskeidenheid ondersteuningsdienste te lewer. Hierdie dienste het van bystand met patentaansoeke tot bedinging van innovasieverwante ooreenkomste, die ondersoek van nuwe sakegeleenthede en die aanbieding van opleiding en kapasiteitsbou gewissel. Die span het sterk verhoudings met innovasieagentskappe in die sakewêreld, nywerheid en regering. Die direkteur van die kantoor is byvoorbeeld die voorsitter van die Departement van Handel en Nywerheid se Sentrum van Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging. Hulle het ook die NWU se omvattende patentportefeulje bestuur, wat oor 47 lande strek bestuur. Die totale getal RSA-gepatenteerde uitvindings is 50, wat 20 meer is as in die tydperk 2004 tot 2008. Die NWU het tot op datum 14 VSA-geregistreerde patente verkry.

Die Nasionale Kantoor vir die Bestuur van Intellektuele Eiendom (NKBIE) ondersteun die NWU met tot 50% van die koste van patentering en ken aansporings aan individuele uitvindings toe. Nadat 'n eis in Oktober ingedien is, verwag die universiteit om 50% van sy totale uitgawes van R4,8 miljoen vir die eistydperk terug te ontvang.

Patentportefeulje

Openbaarmakings, indienings en registrasies	2004-2008	2009	2010	2011	2012	2013
Openbaarmakings	21	11	11	3	6	4
Voorlopige aansoeke	20	5	8	1	2	4
SA finaal toegestaan	19	5	3	2	2	8
Totale getal RSA-gepatenteerde uitvindings	30	35	38	40	42	50
Getal patente in medebesit ingesluit by RSA	0	0	4	4	5	5
Eerste internasionaal toegekende patente	0	5	1	1	2	2
Totale getal eerste internasionaal gepatenteerde uitvindings	0	14	15	16	18	20

Kennis moet geneem word dat een uitvinding in talle lande geregistreer kan word. Dit word hier slegs as een gerapporteer.

Patentondersteuning

Jaar ontvang	2004-2008	2009	2010	2011	2012	2013
Bedrag aan NWU toegeken	3 739 135	1 233 269	1 247 855	1 438 505	1 750 451	Hangende

Lisensiëring, tantième en produkverkope

	2004- 2008	2009	2010	2011	2012	2013
Nuwe lisensie-ooreenkomste	13	1	0	1	1	1
Totale aktiewe ooreenkomste	12	14	14	14	15	16
Totale tantième-inkomste (produkverkope uitgesluit)	5 681 088	1 593 006	2 144 448	1 427 107	912 378	1 040 870
Tantième aan uitvindings uitkeer	671 616	31 026	66 548	16 337	71 263	Hangende
Bruto inkomste uit produkverkope gegrond op eie Intellektuele Eiendom	13 375 625	1 026 251	1 530 243	1 937 142	1 373 055	1 908 651

Newemaatskappye (onafhanklik, geassosieer en filiale)

	2004-2008	2009	2010	2011	2012	2013
Nuwe newemaatskappye	7	1	0	0	0	1
Totale tegnologie-newemaatskappye sedert 1999	15	16	16	16	16	17
Tegnologie-newemaatskappye steeds aktief	12	13	13	13	13	10
Nuwe beleggings in maatskappye (insluitende newemaatskappye)	4	0	0	0	0	0
Getal onttrekkings/disinvesterings	3	1	1	0	1	0
NWU-filiale en geassosieerde maatskappye op jaareinde	6	5	4	4	3	3
Inkomste verkry uit disinvesterings	250 000	Ondersteuning	76 000	39 107	0	0

internasionalisasie

Die NWU is 'n lid van internasionale liggame soos die Association of Commonwealth Universities (ACU) en het samewerkingsvennootskappe met meer as 80 organisasies regoor die wêreld. Die universiteit is 'n aktiewe deelnemer aan internasionale beleids- en besprekingsforums oor hoër onderwys en soek geleenthede om aan personeel en studente nasionale, streeks- en internasionale blootstelling te verleen.

► Konferensies

Gedurende 2013 het die universiteit voortgegaan om sy horisonne te verbreed en sy internasionale profiel by verskeie konferensies, seminare en werksinkels te verhoog. Dit sluit 'n SANTRUST-werksinkel, die Afrika-instituut van Suid-Afrika (AISA) se Konferensie vir Jong Gegradeerde Vakkundiges, die G20-Jeugforum vir jong leiers en twee Eidos-konferensies in.

NWU-personeel was ook by die tweejaarlikse kongres van die Internasionale Hervormde Teologiese Instituut, die 17e Internasionale Onderwysvereniging van Suid-Afrika (IOVSA) se konferensie, verskeie werksinkels van die Suider-Afrikaanse Navorsings- en Innovasiebestuursvereniging (SANIBV) en 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Streeksuniversiteite (SAVSU) betrokke.

► Internasionale besoeke

Die NWU het gedurende die jaar talle internasionale besoekers as deel van bestaande samewerkingsooreenkomste of met die oog op die ondersoek van potensiële vennootskappe gehuisves. Talle van hierdie besoekers het die akademiese en navorsingskarakter van die universiteit verryk deur lesings of seminare aan te bied. Besoekers was afkomstig van instansies soos die Oberlin College Conservatory in die VSA, Oxford-universiteit, die Universiteit van Glasgow, die Namibiese Politechnikon, Gent-universiteit in België en Duitse universiteite soos die Friedrich-Alexander-universiteit van Erlangen-Nürnberg, Bauhaus-universiteit en die Universiteit van Potsdam.

► Internasionale graderings

Die universiteit aspireer daarna om as een van die wêreld se 500 tophoër-onderwysinstellings gegradeer te word en met die oog hierop het ons aan die eerste siklus van die Quacquarelli Symonds- (QS-) graderingsproses vir 2013 deelgeneem. Die universiteit het 'n driestergradering ontvang en het die eerste universiteit in Afrika geword om op hierdie wyse gegradeer te word. Die gradering het 'n aantal kategorieë gedek, met inbegrip van onderrig, waarvoor ons twee sterre ontvang het, aanstelbaarheid (drie sterre), navorsing (twee sterre), internasionalisering (drie sterre), fasiliteite (vier sterre),

betrokkenheid (drie sterre), innovasie (vyf sterre) en spesialisasie (twee sterre, in Lewenswetenskappe en in Gesondheid).

In April 2013 is die NWU genooi om deel te wees van 500 internasionale universiteite wat U-Multirank uitgetoets het, wat 'n nuwe universiteitsgradering vir hoëronderriginstellings van alle tipes is, van alle dele van Europa en die res van die wêreld. Dit is gebruikersgedrewe en ondersoek instellings se prestasie oor 'n wye verskeidenheid hoëronderrigmissies. Die eerste resultate sal in 2014 gepubliseer word.

slot

Regdeur 2013 het die Senaat verseker dat die akademiese en navorsingsbesigheid van die universiteit glad verloop, terwyl daar na die uitdagings op die medium en langer termyn vooruitgekyk is, asook na geleenthede in hoër onderrig. Die NWU verwelkom die geleentheid om 'n uitgebreide rol in die verskaffing van tersiêre onderrig van hoë gehalte in Suid-Afrika en verder in Afrika te speel, en is besig om hiervoor voor te berei deur geleenthede rakende vervlegte leer, die verbetering van afstandsonderrig-aflowering en die versterking van beleid ten opsigte van voortgesette onderrig en kapasiteit te verbeter. Sleutelmylpale op hierdie gebiede in 2013 was die van stapel stuur van die Eenheid vir Oop Afstandslêer en die ontwikkeling van 'n raamwerk vir voortgesette onderrig. Meer werk is nodig aan die portefeulje vir voortgesette onderrig, wat as 'n area

vir onmiddellike, deurlopende aandag in die NWU-risikoregister geïdentifiseer is. Die oorsig van die stand van onderrig en leer aan die NWU is nog 'n belangrike inisiatief wat oor die potensiaal beskik om inligting vir die ontwikkeling van die universiteit se hersiene Onderrig-en-Leerstrategie te voorsien. Dit is noodsaaklik dat die grootste moontlike verskeidenheid menings gedurende die oorsig in aanmerking geneem word, en die Senaat is daartoe verbind om die inklusiwiteit van die proses en die uitkomst daarvan te verseker.

Net so kyk die Senaat met belangstelling na die evolusie van die universiteit se strategie vir Onderrig-en-Leertegnologie en die potensiaal daarvan om toegang tot hoër onderrig in Suid-Afrika en wyer te verbeter. Studentedeurvloei- en graderingsyfers sal vir die universiteit 'n prioriteit bly, en die Senaat doen noukeurige monitering van die impak van grondslagprogramme, aanvullende onderrig en die verskillende kampusinisiatiewe, soos portuurondersteunde leer op die Mafikeng-kampus.

Terselfdertyd maak die universiteit 'n aansienlike belegging in die ontwikkeling van die onderrigvaardighede van ons dosente en beloon hulle diegene wat hul studente inspireer en rolmodelle van uitnemendheid vir hul eweknieë is. Die akademiese en navorsingsresultate van 2013 demonstreer dat die NWU vaardighede en oplossings genereer wat die ekonomie nodig het om te groei en mededingend te wees, en om die talle sosio-ekonomiese uitdagings die hoof te bied waarmee Suid-Afrika as 'n ontwikkelende nasie te kampe het.

	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 709	44 726	47 008	50 589	55 732	56 641	58 752	60 975
Voorgaardse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,20%	78,80%	78,36%	79,48%	81,20%	83,60%	83,50%	85,20%	88,20%	85,10%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 825	11 345	12 337	13 445	15 083	15 904	14 669	15 464
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583	659	633	639	670	781
PhD's toegeken	87	85	110	124	100	123	129	115	154	168
Artikelekwivalente gepubliseer	275	326	361	376	503	448	578	734	869	1 227 voorlopig
Totale beswaarde navorsingsuitset-eenhede	798	865	1 074	1 061	1 083	1 190	1 318	1 483	1 793	2 237
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95	103	116	117	125	140	169
Graderingsyfer	24%	20%	25%	25%	26%	27%	27%	27%	25%	25%
Postdoktorale genote	9	17	18	34	38	48	69	89	114	140

Opmerking: Alle navorsingsuitsette waaroor gerapporteer word, is soos dit op 15 Mei 2014 aan die DHOO voorgelê is, en kan moontlik ná daardie datum verander.



DR T ELOFF
VOORSITTER VAN DIE SENAAT

Gedurende die afgelope dekade het die NWU gegroei en presteer om in die behoeftes van ons land te voorsien.



93%

toename in doktorsgrade
toegeken
2004 tot 2013

346%

toename in artikel-ekwivalente
gepubliseer (voorlopig)
2004 tot 2013

66,6%

toename in RSA-gepatenteerde
uitvindings
2004 tot 2013

171%

toename in die getal
rekenmeesters aan die
SA-arbeidsmag gelewer
2004 tot 2013



NWU-studente

2004 2013
40 146 60 975

2013

7 608 NWU-personeellede
= 3 234 mans
= 4 374 vroue

2013
R130,7 miljoen finansiële
steun vir studente

54 NWU-beleide
 deur die Raad
 goedgekeur

14 025
NWU-webbladsye

91
personeellede
geïdentifiseer vir
opvolgingsbeplanning-
program

17
ondersteuningsdepartemente
doen selfevaluering

hoe ons die NWU bestuur

- 60 ontmoet ons institusionele bestuur
- 61 so bereik ons ons teikens (institusionele plan)

- 68 verslag van die visekanselier
- 70 interaksie met ons mense
 - > ons bemagtig ons werknemers (mensekapitaal)
 - > ons ondersteun ons studente
 - > ons gee om vir ons gemeenskappe (gemeenskapsverbintenis)
- 79 hoe ons ons kernbesigheid bystaan
 - > ons verseker goeie korporatiewe en ander bestuur (institusionele registrator)
 - > ons bou op soliede fundamente (finansies en fasiliteite)
 - > ons verseker die vloei van inligting (inligtings- en kommunikasietegnologie)
 - > ons praat met ons belanghebbers (institusionele bevordering)

ontmoet ons. *Institusionele Bestuur*



Die institusionele bestuur is as uitvoerende arm van die NWU verantwoordelik vir die implementering van die strategieë, planne, begrotings, beleide en reëls wat deur die Raad goedgekeur word.

Ná die samesmelting-inkorporasie in Januarie 2004 het die universiteit 'n tweevlak-besigheidsmodel aanvaar wat by sy bedrywighede pas, wat oor twee kampusse sowel as 'n aantal leerterreine in twee provinsies strek. Hierdie model bestaan uit 'n kern- institusionele vlak wat konsekwenheid deur die universiteit in die geheel verseker, en drie kampusse wat as gedesentraliseerde en gekoördineerde besigheidseenhede funksioneer. Dr T Eloff, die visekanselier, is die NWU se hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte en doen aan die NWU-raad verantwoording vir die instansie se oorkoepelende prestasie.

VISEKANSELIER



Dr Theuns
Eloff

Adjunk-visekanselier
vir onderrig-leer



Prof Martin
Oosthuizen

Adjunk-visekanselier
vir navorsing,
innovasie en
tegnologie



Prof Frikkie
van Niekerk

Waarnemende
institusionele
registrateur



Mnr James
Botha

Uitvoerende
direkteur vir finansies
en fasiliteite



Prof Johan
Rost

Uitvoerende
direkteur vir
mensekapitaal



Mnr Victor
Mothobi

Uitvoerende direkteur
vir institusionele
bevordering



Me Phumzile
Mmope

Rektor van die
Mafikengkampus



Prof Dan
Kgwadi

Rektor van die
Potchefstroom-
kampus



Prof Herman
van Schalkwyk

Rektor van die
Vaaltriehoekkampus



Prof Thanyani
Mariba

so bereik ons ons teikens (institusionele plan)

Missie-element 1

Dryf transformasie as geïntegreerde, dringende, regverdigde en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering om institusionele ongelykhede en die behoeftes van die land en al sy mense aan te spreek. Die NWU doen dit deur die bemagtiging van mense deur gehalteonderrig, wêreldklasnavorsing en die betekenisvolle implementering van sy kundigheid.

Ons doelwit	Ons vordering	Waar om meer besonderhede te vind
Transformasie	► 'n Transformasie-module is vir die Leierskapsakademie geïmplementeer. ► Transformasie is ook ingesluit in die ontwikkelings- en oriëntasieprogramme vir nuwe bestuurders.	Visie, missie en strategie p 1 Verslag van die voorsitter van die Raad, p 26 Raadsverslag oor korporatiewe bestuur, p 30 Verslag van die Institusionele Forum, p 40
Toegang	► Die UniPrep-program is voortgesit ten einde die gereedheid van eerste toetreders te verhoog. Die studentetalle het van 26 in 2012 tot 102 in 2013 gegroei. ► Redelike vordering is gemaak met die nastrewing van die minimum diversiteitsteikens waartoe die Raad in November 2012 toegestem het.	Senaatsverslag, p 47
Belyning	► Vordering is gemaak met die benutting van die uitgebreide Hoëronderrys-kwalifikasie-subraamwerk (HOKSR) -projek om 'n beeld van die huidige situasie asook 'n ideale toekomstige beeld van akademiese programbelyning by die NWU te bepaal.	Verslag van die visekanselier, p 76 Senaatsverslag, p 46
Diversiteit	► 'n Projek is uit die kantoor van die visekanselier van stapel gestuur om alle akademiese personele aan te moedig om betrokke te raak by gesprekke oor transformasie by die NWU. ► Die NWU het implementering voortgesit van die hersiene NWU-taalbeleid wat funksionele meertaligheid in alle NWU-omgewings nastreef.	Verslag van die visekanselier, p 72
Hantering van histories gevestigde vorme van diskriminasie en bereiking van die ooreengekome minimum diversiteitsteikens.	► Die "ontwikkel ons eie mensekapitaal"-riglyne is deur die institusionele bestuur goedgekeur. ► 'n Nuwe Menseregtekomiteestruktuur, verteenwoordigend van alle kampusse en werksplekke, is goedgekeur.	Verslag van die visekanselier, p 71, p 72
Verhoogde eenheid.	► Vier nuwe beleide/stelle reëls en 10 hersiene beleide is vir implementering regoor die NWU goedgekeur.	Verslag van die voorsitter van die Raad, p 26
Kwaliteit	► Die ontwikkeling van al 15 fakulteitkwaliteitshandleidings is voortgesit. ► 21 kwaliteitshandleidings vir ondersteuningsdepartemente is herontwikkel, bygewerk en op die intranet geplaas. ► Die jaarlikse Kwaliteitsindaba het in Oktober 2013 plaasgevind om bewustheid van kwaliteitsbestuur onder ondersteuningsdepartemente te verhoog.	Senaatsverslag, p 46 Verslag van die visekanselier, p 79
Regstelling	► Bestepraktijkbeginsels vir strategiese verkrygingsbestuur, breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging en plaaslike sakesteun is nagestreef. ► Die kriteria vir die tenderevalueringsprosedure is konsekwent toegepas. ► Van die R824 miljoen in goedere en dienste wat in 2013 verkry is, het 78,6% as Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging- (BGSEB-) verkryging gekwalifiseer. (Die teiken was 50%.)	Verslag van die visekanselier, p 82
Hulpbrontoedeling	► Die NWU het voortgegaan om die begrotingsproses te optimaliseer. Drie veranderinge is aan die proses aangebring wat in 2013 geïmplementeer is. ► Die Institusionele Begrotingskomitee het op billike hulpbrontoedeling gefokus wat met die Institusionele Plan (IP) belyn is.	Verslag van die visekanselier, p 82
Studente-ervaring	► 'n Gesonde en gebalanseerde studente-ervaring is gehandhaaf. ► 'n Opname is gebruik om die gehalte van die akademiese ervaring van eerstejaarstudente te monitor.	Verslag van die visekanselier, p 82 Verslag van die visekanselier, p 77 Kampusoorsigte, p 94, p 98 en p 104

Missie-element 2

Om deur middel van innoverende onderrig en leer van gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink en in staat is om die land en sy mense, die vasteland en die wêreld te dien.

Ons doelwit	Ons vordering	Waar om meer besonderhede te vind
Verbeter gehalte van onderrig-leer op 'n deurlopende basis.	- Die NWU het 'n konsultant gekontrakteer om die status van onderrig en leer aan die NWU te hersien. - Verdere vordering is gemaak met die NWU se hersiene konsep-Onderrig-en-Leerraamwerk. - Die NWU het as 'n ankervennoot by die Open Educational Resources University- (OERU-) netwerk aangesluit.	Senaatsverslag, p 45
Implementeer 'n vervlegteleermodel en sit ondersoek voort na die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologieë in alle onderrig-en-leeromgewings.	- Die strategie wat die NWU se benadering tot Oop Afstandsleer kan vorm, word tans hersien. - Loodsprojekte vir vervlegte leer het in 2013 'n aanvang geneem.	Senaatsverslag, p 45, p 46
Verseker doeltreffende akademiese beplanning en programontwikkeling.	- Die NWU het 'n inskrywingsplan vir die volgende inskrywingsiklus aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê. 'n "Grootte en vorm"-oefening is uitgevoer om die kwantitatiewe parameters vir akademiese beplanning te bepaal en 'n akademiese profiel van die NWU te ontwikkel deur sy akademiese programme te klassifiseer. - Die NWU het die finansiële lewensvatbaarheid van akademiese modules en programme geëvalueer om seker te maak dat die NWU se personeelkomplement beide optimaal en doeltreffend is. Dit is in die begrotingsproses vir 2014 gebruik. 15 programklusters is saamgestel om die belyningsproses te koördineer. Die interne goedkeuringsproses van die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde is gestroomlyn.	Senaatsverslag, p 45
Gaan voort om die inskrywingsplan te gebruik om in nasionale behoeftes te voorsien.	- Die NWU se goedgekeurde inskrywingsplan het 'n stuurmeganisme gebly. 'n Inskrywingsmoniteringsverslag vir 2014 is aan die Senaat voorgelê.	Senaatsverslag, p 45
Sit kurrikulumtransformasie voort.	- Die NWU het ontwikkeling van akademiese geletterdheid in die vorm van verpligte modules asook skryf- en leessenstrums op elke kampus voorsien. - Die HOKSR-belyningsprojek is voortgesit.	Senaatsverslag, p 46, p 47
Ontwikkel doeltreffende programbestuursprosesse wat konsekwenheid regoor die NWU verseker.	- Twee belangrike aspekte is geïdentifiseer wat met die prosesse van programontwikkeling, -bestuur en -hersiening verband hou. Hersiene beleide en prosedures moes toe opgestel en stelselontwikkeling voltooi word. As 'n tussentydse maatreeël is dringende aandag aan die gehalte van voorleggings aan eksterne liggame geskenk. - Die Bestuursbeleid vir Akademiese Programme is ontwikkel tot die Konsepbeleid vir die Ontwikkeling, Bestuur en Hersiening van Programme.	Senaatsverslag, p 45

Optimaliseer die werk van die Loopbaansentrum.	► Bemagtigingseminare vir graduandi is op die kampusse gehou. ► Die sentrum was betrokke by 'n verskeidenheid aktiwiteite om die aanstelbaarheid van NWU-studente te bevorder. ► Werkgewerterugvoer oor NWU-graduandi is verkry deur aan verskeie nasionale meningspeilings deel te neem. ► Die sentrum het die platform voorsien vir NWU-alumni om hul kundigheid met studente te deel. ► 'n Loopbaandienstebestuurstelsel om die verwerking en deel van inligting te verbeter is ondersoek. ► Die sentrum het rolspelers in onderrig-leer ingelig omtrent die behoeftes wat deur werkgewers en professionele groepe uitgespreek is.	Verslag van die visekanselier, p 49
Optimaliseer leerderdeelname aan werkgeïntegreerde leer en diensleer.	► Die Konsepbeleid vir Werkgeïntegreerde Leer is aan die Institusionele Komitee vir Onderrig-Leer voorgelê.	
Optimaliseer voortgesette professionele ontwikkeling.	► Werk het begin aan die ontwikkeling van 'n raamwerk vir die voorsiening van voortgesette onderrig. ► 'n Omvattende oudit van alle kortkursusse is deur Interne Oudit onderneem.	Senaatsverslag, p 45
Bestuur kwaliteit as deel van alle fasette van onderrig-leer.	► Interne en eksterne evaluering van akademiese programme is voortgesit.	Senaatsverslag, p 46
Verbeter studentesukses.	► 'n Verslag oor studentesukses vergeleke met NWU-teikens is aan die Senaat voorgelê. ► 'n Verslag oor die implementering van Aanvullende Onderrig in 30% van risikomodules is aan die Senaat voorgelê.	Senaatsverslag, p 43, p 47
Ontwikkel vakkundigheid van onderrig-leer.	► Die jaarlikse konferensie oor Vakkundigheid van Onderrig en Leer is in November 2013 gehou. ► Die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente is in Februarie, Junie en November 2013 aangebied. ► Die proses vir die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) is hersien om optimale deelname en konsekwenheid in die maak van toekennings te verseker. ► Praktykgemeenskappe is ontwikkel. ► 'n Strategie vir implementering van 'n mentorskap-van-mentors-program is hanteer.	Senaatsverslag, p 47, p 48



Missie-element 3

Om ooreenkomstig nasionale prioriteite relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.

Ons doelwit	Ons vordering	Waar om meer besonderhede te vind
Maak navorsing moontlik.	► Taakooreenkomste is gebruik om personeeltydtoedeling aan kernbesigheidsaktiwiteite te balanseer. ► Die getal postdoktorale genote het van 114 tot 140 gestyg. ► Die NWU het aan nege navorsingsprogramme deelgeneem wat deel van die Europese Unie se Raamwerkprogram uitgemaak het. Die aktiwiteite van die kantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun het, onder andere, kommersialisering van die ontstekingsprojek in Europa ingesluit.	Senaatsverslag, p 50 Senaatsverslag, p 54
Verbeter die navorsingsprofiel.	► Die getal NNS-gegradeerde navorsers het van 140 tot 169 toegeneem. ► In 2013 het die NWU 781 meesters- en 168 doktorsgrade toegeken, vergeleke met die 670 en 154 onderskeidelik in 2012. ► 'n Nuwe nagraadse beurskema is geïmplementeer. Die NWU het R7 213 398 van die NNS vir meesterstudente en R6 513 650 vir doktorsgrade ontvang. ► Die styging in artikel ekwivalent-uitsette in 2013 was 41%, vanaf 869 (goedgekeur) in 2012 tot 1 277 (voorlopig). ► R23 miljoen is toegeken vir duur navorsingstoerusting op al drie kampusse. ► Twee nuwe NNS-vlaktwee-leerstoele is aan die NWU toegeken. ► 64% van alle vaktydskrifretrate is in ISI-vaktydskrifte en 34% in plaaslike vaktydskrifte gepubliseer. Die ITNU-aansporingskema is hersien om meer op ISI-vaktydskrifte te fokus. ► Die NWU het aan die Quaquarelli Symonds-stergraderingstelsel deelgeneem en het 'n driestergradering ontvang. ► Die NWU het ook deelgeneem aan die internasionale U-Multirank, 'n nuwe universiteitsgradering vir hoëronderwysinstellings. Die uitslae sal in 2014 gepubliseer word.	Senaatsverslag, p 50 – p 56
Ontwikkel navorsingspersoneel-kapasiteit.	► 'n Nuwe nagraadse beurskema is geïmplementeer. ► 'n Bedrag van R285 876 is aan navorsingskapasiteitsbou-werkswinkels bestee en beurse is aan 51 personeellede toegeken wat in die proses van voltooiing van doktorsgrade was. ► Die ITNU-aansporingskema is hersien om verdere aansporing vir publikasie in internasionaal geakkrediteerde vaktydskrifte te bied.	Senaatsverslag, p 52
Moniteer die navorsingsentiteite-model.	► Vyf navorsingsentiteite in die Sentrum vir Menslike Metabolomika is deur 'n eksterne paneel geëvalueer. ► Ooreenkomste is aangegaan vir verskeie ontwikkelings- en befondsingsgeleenthede. ► Navorsingsentiteite was by veelvuldige nasionale en internasionale navorsingsamewerkingsprogramme betrokke. ► Die idee van navorsingsklusters is verder ontwikkel. ► Die Navorsingsinfrastruktuurbeleid is hersien. ► Nuwe navorsingsamewerkingsgeleenthede is geïdentifiseer wat die regering, die nywerheid en gemeenskappe betrek. ► Die NWU het daarop gefokus om nisareas te ondersteun met kommersialisering, ondersteuning van bedryfsbehoefte en die totstandbrenging van tegnologieplatforms van wêreldgehalte.	Senaatsverslag, p 52 Senaatsverslag, p 54
Meet en verbeter deurvloei van nagraadse studente.	► 'n Projekplan en vorderingsverslag is aan die Senaat voorgelê. ► Verskeie aspekte van die bestuurstelsel vir nagraadse studente is geïmplementeer.	Senaatsverslag, p 51
Verfyn kwaliteitsversekeringsprosesse.	► Die program is aan die gang en word deur die Kwaliteitskantoor bestuur.	Senaatsverslag, p 52
Ondersoek navorsingsbefondsings-geleenthede.	► Die Strategiese Plan vir Navorsing, Innovasie en Gemeenskapsverbintenis is hersien.	Senaatsverslag, p 53

Missie-element 4

Implementeer ons kundigheid in onderrig-leer en navorsing, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig, tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland en uiteindelik die wêreld.

Ons doelwit	Ons vordering	Waar om meer besonderhede te vind
Implementeer kundigheid en kommersialiseer navorsingsresultate.	▶ Derdegeldstroominkomste het in 2013 met 9,29% gegroei. ▶ Interne bewustheid van innovasie is deur werkwinkels en seminare verhoog. ▶ 'n Innovasiekompetisie en 'n Entrepreneur van die Jaar-kompetisie is gereël. ▶ Die NWU het gefokus op verkenning van intellektuele eiendom. ▶ Een interne korporatiewe onderneming is begin en ander moontlike is ondersoek. ▶ Nege RSA-patente is in 2013 toegeken en derdegeldstroominkomste uit tantieme en verkope het met R700 000 gestyg.	Senaatsverslag, p 54
Brei gemeenskapsverbintenis uit.	▶ Vennootskappe is verder nagestreef en geouditeerde state is beskikbaar gestel. ▶ Skenkings en rente wat ontvang is, het R444 930 beloop. ▶ Die vaardighede van drie deelydse werknemers wat deel van die mentorskapprogram vir sosiale entrepreneurskap uitgemaak het, is benut en verder ontwikkel.	Verslag van die visekanselier, p 54
Belyn kommersialisering en maatskaplikebetrokkenheids-aktiwiteite met kernaktiwiteite.	▶ Die 'n "Sagte oorsig" (nie so gedetailleer nie) van Gemeenskapsverbintenis is uitgevoer. ▶ Die Groenkampus-komitee het vergader om voldoening aan die bevindinge van die omgewingsvoldoeningsoudit te verseker.	Ons verbintenis tot volhoubaarheid, p 6
Verfyn kwaliteitsversekering.	▶ Daar is 'n oorsig van die toepaslike aspekte van die HOKR-oudit gedoen. ▶ Alle gapings is oorbrug, behalwe vir die ontwikkeling van 'n ondersteuningstelsel vir nagraadse studente, wat in die volgende finansiële jaar afgehandel sal word.	Verslag van die visekanselier, p 79
Integreer volhoubaarheid in alle kernbesigheidsaktiwiteite.	▶ Die Geïntegreerde Verslag is tot 2014 uitgestel as gevolg van 'n gebrek aan hulpbronne. 'n Kontrakaanstelling is gemaak vir die uitvoering van 'n wesenlikheidsstudie in 2014.	Geïntegreerde verslagdoening, p 8



Missie-element 5

Posisioneer die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansiële lewensvatbare en innoverende instelling, met 'n sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker.

Ons doelwit	Ons vordering	Waar om meer besonderhede te vind
Sit die bou van 'n belynde NWU-handelsmerk voort.	▶ 'n Belynde handelsmerkstrategie en kreatiewe konsep is geïmplementeer. ▶ Die handelsmerkbeleid en -prosedures en die riglyne vir gelukbringers is deur die Raad goedgekeur.	Verslag van die visekanselier, p 86 – p 90
Ontwikkel 'n geïntegreerde aanlyn-inligtingstrategie.	▶ Die hersiening van die riglyne rakende sosiale media het begin en sal in 2014 voltooi word. ▶ Die Webbeleid is hersien en die naam daarvan is verander na die NWU-beleid vir Aanlynpublikasies. Die beleid is deur die Raad goedgekeur. ▶ Die NWU-web is opgegradeer. ▶ 'n Nuwe intranetomgewing is geskep en 'n gesentraliseerde bestuurproses is in plek gestel, en konsepintranetriglyne is opgestel. ▶ Die NWU-toepassing is geïmplementeer en nuus sal op 'n daaglikse grondslag bygewerk word, indien moontlik. ▶ Navorsers is opgelei om met die media te praat.	Verslag van die visekanselier, p 86 – p 90
Verbeter nasionale mediablootstelling.	▶ 'n Konvergensienuuskamer op die universiteit se webwerf, soos deur die Potchefstroomkampus ontwikkel is, is vir die Mafikeng- en Vaaldriehoekskampus tot stand gebring.	Verslag van die visekanselier, p 86 – p 90
Ontwikkel 'n doeltreffende belanghebbersbestuurstelsel.	▶ 'n Databasis waarop soektogte gedoen kan word, is vir kommunikasie met ons alumni geïmplementeer. ▶ Die NWU het voortgegaan om gesonde verhoudings met verskillende belanghebbers uit te bou. ▶ Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het op 30 Junie 2013 die NWU-jaarverslag ontvang. In Augustus is 'n jaarverslag vir belanghebbers gepubliseer. Hierdie weergawe was in ooreenstemming met huidige tendense en het 'n beweging na die voldoening aan geïntegreerde verslagdoening verteenwoordig. ▶ Die NWU se verhouding met sy skenkers is verstewig en 'n Raad van Donateursvergadering is gehou. ▶ 'n Verskeidenheid elektroniese media is gebruik om met interne belanghebbers by die NWU te kommunikeer. ▶ Strategiese aangeleenthede uit die visekanselier se kantoor is deur bestaande kanale gekommunikeer.	Verslag van die visekanselier, p 86 – p 90
Bring 'n kantoor vir institusionele bevordering tot stand.	▶ Goeie vordering is gemaak met die totstandbrenging van 'n geïntegreerde strategie vir institusionele bevordering. ▶ Fondse is uit die Noordwes-Trust vir Hoër Onderwys aan die kampusse versprei. ▶ Die NWU het op die hersiening van beleide en prosedures vir derdegeldstroomaktiwiteite gefokus.	Verslag van die visekanselier, p 86 – p 90
Implementeer 'n raamwerk vir internasionalisering.	▶ Ná die QS-graderingsproses is 'n verslag opgestel as die eerste stap onderweg na sinvolle regstellende optrede. ▶ 'n Werkswinkel oor internasionalisering is deur afgevaardigdes van die kampusse se internasionale kantore bygewoon. ▶ Kontrakte is op die nuwe Intium-stelsel geplaas. ▶ Interaktiewe data vir inkomende internasionale studente en vertrekkende NWU-studente is op die NWU-webwerf beskikbaar gestel, en die internasionaliseringswebblaai is herontwerp.	Senaatsverslag, p 55

Deel hulpbronne toe om die implementering van kampusnise te verseker (met ander woorde, die strategiese rigting vir elke kampus).	▶ Hulpbrontoedeling is oor die drie kampusse belyn. ▶ Uitrol van die 10-jaarinfrastruktuurplan is voortgesit.	Verslag van die visekanselier, p 84
Verseker toereikende ondersteuningsfunksies en geïntegreerde besigheidstelsels om sukses van die kernbesigheid te verseker.	▶ Kampusse het begin met projekte om bewustheid te skep van die remmende uitwerking van burokrasie op doeltreffendheid en effektiwiteit. Hierdie projekte sal in 2014 voortgesit word. ▶ Die Institusionele Kwaliteitskantoor het 'n projek gedryf om die persepsies en vlakke van dienstevredenheid van belangrike ondersteuningsdepartemente aan die NWU te bepaal. ▶ Die FinOps-projek – wat met finansiële bestuur en administrasie te make het – het 'n aanvang geneem. ▶ 21 ondersteuningsdepartemente se kwaliteitshandleidings is herontwikkel, bygewerk en op die intranet geplaas. ▶ Die NWU het prosesse in bestuursrekeningkundedienste gestroomlyn. ▶ Die Oracle-MH-stelsel is na weergawe 12 opgegradeer en die MH-verslagdoeningsplatform is verder ontwikkel om toegang tot MH-inligting te verbeter. ▶ Bestuursinligting het instrumente ontwikkel om kliëntebehoefes te diens. Merkwaardige vordering is gemaak met stroomlyning van die datapakhuis om 'n betroubare instrumentspaneel-koppelvlakomgewing te voorsien. ▶ Die Inligtings- en Kommunikasietegnologie-eenheid is aan 'n grootskaalse portuur-evalueringsproses onderwerp. ▶ 'n Studie oor die voorsiening van “eenstop”-studentedienste is uitgevoer. ▶ IT-strategieë het steeds die NWU se kernbesigheid ondersteun. ▶ Verskeie stappe is gedoen om biblioteekdienste op alle kampusse te verbeter. ▶ Kual Ready is as 'n toepaslike platform vir die Besigheidskontinuïteitsplan geselekteer.	Verslag van die visekanselier, p 79 Verslag van die visekanselier, p 82 Verslag van die visekanselier, p 86
Bevorder personeelwelstand.	▶ Om die dienste te verbeter wat aan werknemers gebied word, is eksterne gesondheids- en welstandsvoorsiensers gekontrakteer om dienste aan werknemers te voorsien onder die vaandel van die Wellness 4U-program. ▶ 1 324 NWU-studente en personeel het aan 'n nasionale MIV/Vigs-bewusmakings- en -toetsingsveldtog deelgeneem.	Verslag van die visekanselier, p 72
Handhaaf 'n sterk fokus op risikobestuur en nakoming.	▶ Die risikoregister is bygewerk en 'n begin is gemaak met die hersiening van die risikobestuursproses. Risikobestuur is in die institusionele bestuur se prestasieooreenkomste ingesluit. ▶ Gekombineerde vergaderings van die Gerusstellingsforum en die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee is deurlopend gedurende die jaar gehou.	Verslag van die visekanselier, p 83 Verslag oor korporatiewe bestuur, p 31



verslag van die *Visekanselier*

DR THEUNS ELOFF

Mense, prosesse en beleide is die hartklop van 'n goedbestuurde universiteit. Ons het 'n welverdiende goeie naam tot stand gebring as 'n instelling wat ons personeel en studente in staat stel om sukses te behaal, en ons omliggende gemeenskappe bystaan om volhoubaar te ontwikkel, terwyl ons ons eie lewensvatbaarheid op die lange duur verseker. Hierbenewens is dit die visekanselier se verantwoordelikheid om gesonde bestuur ter ondersteuning van ons kernbesigheid te verseker. Dit sluit in om seker te maak dat studente en dosente doeltreffende ondersteuning ontvang en dat die infrastruktuur – wat wissel van geboue tot IT-infrastruktuur – 'n omgewing voorsien wat bevorderlik vir onderrig-leer en navorsing is.

hoe om hierdie afdeling te lees

Hierdie verslag vloei van binne na buite. Dit begin by die hart van die instelling, ons mense – met ander woorde, ons personeel, studente en die gemeenskappe rondom ons kampusse. Van daar af beweeg die verslag uitwaarts en toon hoe die NWU se werknemers goeie korporatiewe en ander bestuur, gesonde finansies, stewige infrastruktuur en ultramoderne tegnologie moontlik maak. Die verslag sluit af met ons betrokkenheid by ons eksterne belanghebbers in die buitewêreld.

gesprekvoering met ons
belanghebbers

inligtingstegnologie

finansies en
fasiliteite

korporatiewe bestuur en
bestuursondersteuning

werknemers,
studente,
gemeenskappe

interaksie met ons mense

70 ons bemagtig ons werknemers

versekering van toereikende personeelvlakke
indiensnemingsgelykheidsprofiel
billikheidsteikens
verbetering van indiensnemingsgelykheid
diversiteitsbestuur
stel menseregte eerste
werknemerverhoudings
werknemerwelstand
miv/vigs-bestuur
opleiding en vaardigheidsontwikkeling
vergoeding en organisatoriese ontwikkeling
mensekapitaalbedrywighede en kliëntedienste

75 ons ondersteun ons studente

ons studentestatistiek
klasgelde
finansiële steun aan studente
studentsteundienste
institusionele studentesake en sport

78 ons gee om vir ons gemeenskappe

gemeenskapsverbintenis

hoe ons ons kernbesigheid bystaan

79 ons verseker goeie korporatiewe en ander bestuur

regs- en regulatoriese responsiwiteit
ons verbintenis tot kwaliteit
dienslewering aan studente
ondersteuning van institusionele korporatiewe bestuur
rekordbestuur en administrasie: die grondslag van
nakoming
verskaf betroubare bestuursinligting
bewaring van ons erfenis

82 ons bou op soliede fondamente

ons finansies
finansiële beplanning en begroting
verkryging en betalings
betaalstaat
finansiële verslagdoening
geldmark
belastingdienste
interne oudit
sake- en ondernemingsontwikkeling
meerdoeligestudentekaart-projek
kapitaaluitgawes

86 ons verseker die vloeï van inligting

inligtings- en kommunikasietegnologie

88 ons praat met ons belanghebbers

eksterne kommunikasie
interne kommunikasie
bestuur van ons handelsmerk
ons gee om vir ons alumni
institusionele bevordering
kampusse werk saam

90 verklaring van selfevaluering van die visekanselier

90 slot

interaksie met ons mense

In hierdie afdeling kan u lees van die NWU se impak op drie van die belanghebbersgroepe wat vir ons van waarde is, naamlik ons werknemers, ons studente en die gemeenskappe rondom ons kampusse.

ons bemagtig ons werknemers

Die NWU besef dat ons volhoubare sukses in die hande van ons werknemers is. Daarom skep ons 'n werksplek waarin ons werknemers veilig voel, bemagtig is om te groei en bereid is om die ekstra myl te loop in die nastrewing van ons doelwitte. In hul interaksie met ons werknemers word Mensekapitaal gelei deur beleide wat belangrike aangeleenthede dek, soos onder andere indiensnemingsgelykheid, diversiteitsbestuur, menseregte en werknemersverhoudings, werknemerswelstand en die bestuur van MIV/Vigs, asook opleiding en vaardigheidsontwikkeling.

versekering van toereikende personeelvlakke

In 2013 het die universiteit voortgegaan om spesifieke akademiese en ondersteuningsdepartemente te monitor ten einde toereikende personeelvlakke te verseker, in die besonder in kritieke velde.

► Werknemer-kategorieë

Kategorie	2012	2013
Professionele onderrig/navorsingspersoneel	3 358	3 574
Uitvoerende/administratiewe/bestuursberoepslui	102	109
Professionele gespesialiseerde/ondersteuningspersoneel	586	693
Tegnies	299	283
Nieprofessioneel administrasie	2 265	2 505
Ambagte	31	27
Diens	415	417
Totaal *	7 056	7 608

* Totaal sluit tydelike en permanente personeel in

► Personeelkomplement van die NWU

NWU-werknemers	2012	2013
Permanent	3 287	3 477
Tydelik	3 769	4 131
Totaal	7 056	7 608

indiensnemingsgelykheidsprofiel

► Geslagprofiel

Besigheidseenheid	Vroulik	Manlik	Groototaal
Institusionele Kantoor	397	287	685
Mafikengkampus	563	727	1 289
Potchefstroomkampus	2 826	1 860	4 686
Vaaldriehoekskampus	588	360	948
Groototaal	4 374	3 234	7 608

► Demografiese samestelling - Suid-Afrikaanse burgers

Besigheidseenheid	Afrikaan	Kleurling	Indiër	Wit	Groototaal
Institusionele Kantoor	168	33	8	471	680
Mafikengkampus	995	26	24	108	1 153
Potchefstroomkampus	913	192	38	3 464	4 607
Vaaldriehoekskampus	425	19	17	476	937
Groototaal	2 501	270	87	4 519	7 377

► Buitelandse burgers

Besigheidseenheid	Vroulik	Manlik	Groototaal
Institusionele Kantoor	3	1	4
Mafikengkampus	48	89	137
Potchefstroomkampus	31	48	79
Vaaldriehoekskampus	3	8	11
Groototaal	85	146	231

billikheidsteikens

Werkspokesteikens en verlangde verandering

Mafikengkampus	Swart	Wit	Vroue
Huidig	87,94%	12,06%	47,08%
Teiken	91,30%	8,70%	47,10%
Potchefstroomkampus	Swart	Wit	Vroue
Huidig	24,95%	75,05%	58,76%
Teiken	26,70%	73,30%	55,40%
Vaaldriehoekkampus	Swart	Wit	Vroue
Huidig	35,88%	64,12%	64,64%
Teiken	35,30%	64,70%	54,00%
Institusionele Kantoor	Swart	Wit	Vroue
Huidig	21,49%	78,51%	56,47%
Teiken	22,10%	77,90%	55,70%
Noordwes-Universiteit	Swart	Wit	Vroue
Huidig	35,71%	64,29%	57,36%
Teiken	38,02%	61,98%	53,05%

verbetering van indiensnemingsgelykheid

Om die NWU se vermoë om werknemers uit die aangewese groepe aan te stel en te behou, wesenlik te verbeter het die universiteit 'n aantal institusionele strategieë aanvaar.

► Kapasiteitsboufonds

Hierdie fonds fasiliteer die aanstelling van kandidate uit die aangewese groepe deur oorbruggingsfinansiering vir 'n maksimum tydperk van drie jaar, waarna die pos deur die normale personeelbegroting befonds word. Ongeveer 81,31% van werknemers wat deur die kapasiteitsbouprogram in diens geneem is toe dit in 2006 ingestel is, is steeds in diens van die NWU.

► Ontwikkel ons eie mensekapitaal

Gedurende 2013 het die NWU voortgegaan om die "ontwikkel ons eie mensekapitaal"-program te implementeer, wat daarop gemik is om die NWU se indiensnemingsgelykheidprofiel te verbeter. As deel van hierdie inisiatief is die voorgaande kadetprogram in die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus voortgesit. Ses kadetbeurshouers wat hul studies voltooi

het, is in hierdie fakulteit aangestel. Die kadetprogram sal nou na twee fakulteite op die Mafikengkampus en na drie op die Potchefstroomkampus uitgerol word.

In 2013 het die Potchefstroomkampus 'n nagraadse program van stapel gestuur wat voorsiening maak vir een beurs ter waarde van R80 000 per jaar vir elk van hul agt fakulteite. Hierdie beurse sal studente help om hul nagraadse studie te voltooi. Beurshouers sal kontraktueel verplig wees om 'n ooreenstemmende getal jare vir die NWU te werk. Deur 'n internskapprogram stel die universiteit studente in staat om praktiese ervaring op te doen. Dit het bygedra tot die vervulling van die uitdaging van kapasiteitsbou, aangesien moontlike werksgeleenthede by die NWU vir hulle ná voltooiing van hul internskappe geskep sal word.

Die NWU se opvolgingsbeplanningprogram het in 2013 'n aanvang geneem. Van die 191 werknemers wat as potensiele toekomstige bestuurders geïdentifiseer is, was 84 swart en 72 vroulik. Die aanvanklike fokus van die program is op die bou van 'n volhoubare leierskapsopleiding wat met die universiteit se indiensnemingsgelykheidsteikens in ooreenstemming is. Gedurende 2014 sal individuele ontwikkelingsprogramme geïmplementeer word wat sal verseker dat kandidate in die opvolgingspoel goed vir hulle toekomstige rolle toegerus is.

diversiteitsbestuur

► Diversiteitsbewustheid

Die NWU is trots op ons diverse werkerskorps en herken die behoefte daaraan om diversiteitsbewustheid en 'n kultuur van inklusiwiteit te erken. Diversiteitsbewustheid is intussen in mensebestuursopleiding vir 2013 ingesluit en maak nou ook deel uit van die oriëntasieprogram vir nuwe werknemers en bestuurders.

► Werknemers met gestremdhede

In 2013 het altesaam 22 werknemers met gestremdhede by die NWU geregistreer, wat 0,70% van die totale permanente werkerskorps van die universiteit uitmaak.

Dit is duidelik dat die NWU 'n poging moet aanwend om mense met gestremdhede aan te stel, aangesien die Kommissie vir Indiensnemingsgelykheid se jaarverslag vir 2012/2013 'n nasionale gemiddelde van 1,4% indienseneming van mense met gestremdhede toon.

Gedurende 2013 was die fokus op die ontwikkeling en ondersteuning van bestuurstrategieë vir mense met gestremdhede. Die nuwe Gestremdhede-eenheid op die Potchefstroomkampus, asook 'n aangewese gestremdhede-kantoor op die Vaaldriehoekkampus, het goeie vordering gedurende die jaar getoon, terwyl die gevestigde Gestremdhede-eenheid op die Mafikengkampus steeds 'n suksesvolle en baie nodige diens aan studente gelewer het.

Intussen het die Institusionele Gestremdhedekantoor (hoofsaaklik vir werknemers) as 'n fasiliteerder opgetree deur behulpsaam te wees met en leiding te bied aan gestremdhede-eenhede en deur redelike akkommodering van werknemers met gestremdhede te voorsien.

Wat infrastruktuur betref, is vier hysers of trapfysers vir installasie op die Potchefstroomkampus uit DHOO-fondse goedgekeur en word 'n formele, professionele audit van alle fasiliteite en infrastruktuur vir die nabye toekoms voorsien.

Dit maak deel uit van die Strategiese Aksieplan vir die Bestuur van Gestremdhede, wat huidige tendense uit navorsing oor goedgevestigde gestremdhede-eenhede en aanbevelings van die nasionale Departement vir Vroue, Kinders en Mense met Gestremdhede in aanmerking neem.

stel menseregte eerste

Die Noordwes-Universiteit erken die fundamentele regte en waardes wat in die Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika vervat is.

Ons is oortuig dat hierdie fundamentele waardes en regte in die universiteitsgemeenskap gerespekteer en gehandhaaf en as 'n integrerende deel van die universiteit se praktyke en beleide toegepas moet word. Gedurende 2013 het

die NWU se Menseregtekomitee, wat deur die Raad ingestel is, voortgegaan om onafhanklik en onpartydig te goeder trou en sonder vooroordeel te funksioneer. Die doel van hierdie komitee is om na die regte van alle personeellede en studente om te sien sonder om inbreuk op ander mense se regte te maak.

Die komitee bestaan uit 12 lede, wat die universiteitsgemeenskap ten opsigte van ras, geslag en gestremdheid verteenwoordig.

Die Menseregtekomitee is deel van die Werknemersverhoudingeportefeulje wat gereeld aan die institusionele bestuur en die Raad verslag doen.

Onder die leierskap van adv Rehana Rawat het die NWU se Menseregtekomitee die een saak wat gerapporteer is, suksesvol hanteer. 'n Seminaar oor menseregte is op 17 September 2013 gehou oor die onderwerp van gestremdhede in die werksplek. Van die belangrikste aanbieders was adv Bokankatla Malaltji van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, mnr Jace Nair van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes en me Christel van Eeden, 'n voormalige student van die NWU.

'n Werkswinkel met die visekanselier, kampusrektore en studentedekane het op 23 Oktober 2013 plaasgevind. Die wese van die werkswinkel was om menseregte aktief onder studente sowel as werknemers te bevorder. Interaksie met studente-leiers sal in 2014 by wyse van werkswinkels verder gevoer word. Twee seminare oor menseregtekwesties sal vir werknemers, studente en die publiek gehou word.

werknemerverhoudings

Die opleiding van alle personeel oor die Gedragshandleiding het in 2013 'n aanvang geneem en sal in 2014 voortgaan. Die handleiding sit die prosedures uiteen om onder andere dissiplinêre stappe, dros, skorsing, dronkenskap en werknemersgriewe te hanteer.

Die goedgekeurde prosedure oor seksuele teistering maak voorsiening vir 'n eksterne ombudspersoon. Vervolgens is me Lizelda Goslin van Klerksdorp in 2013 aangestel vir sielkundige beradingsessies met NWU-personeel en -studente wat op enige wyse geteister voel. 'n Spesiale e-posadres is geskep om met haar in aanraking te kom.

Die universiteit het tans twee erkende vakbonde, SAPTU in die Institusionele Kantoor en op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus, en NEHAWU op die Mafikengkampus. In Februarie 2014 sal amptenare van SAPTU en NEHAWU werkswinkels oor die Gedragshandleiding en verbandhoudende prosedures asook oor onderhandelingsvaardighede bywoon.

werknemerwelstand

Aangesien die welstand van ons personeel 'n prioriteit by die NWU is, is daar 'n goed gestruktureerde Werknemersgesondheid- en Welstandprogram (WGW-program) wat die psigososiale, emosionele en fisieke welstand van personeel in aanmerking neem.

► Wellness4U-program

Om die dienste wat aan werknemers gebied word, te verbeter, is die eksterne gesondheids- en welstandsverskaffers ICAS en PLP gekontrakteer om dienste aan voltydse en vastetermynwerknemers te lewer onder die vaandel van die Wellness 4U-program, wat in Oktober 2013 'n aanvang geneem het. Die algehele benuttingskoers in die program, op grond van werknemerwelstands-data wat van Oktober tot Desember 2013 ingesamel is, staan op 16,2%.

Individuele benutting van die dienste, op 6,7%, is effens hoër as die ICAS-gemiddelde van 6,3% vir vergelykbare organisasies in die openbare sektor. Dit dui daarop dat die WGW-program wye aanvaarding as 'n ondersteunings- en beradingsdiens geniet. Nege deelnemers is gedurende die oorsigtydperk met groepstraumaberading bygestaan en 'n mate van sukses is in die gesondheidsprofilering van werknemers behaal. Die doel is om 'n 20%-profileringskoers te behaal, wat 'n statisties verteenwoordigende steekproef sou wees wat die NWU sou toelaat om die gesondheidsverwante risiko's te evalueer wat die organisasie in die gesig staar of waarskynlik in die gesig sal staar.

Stres was die mees oorheersende probleem gedurende die oorsigtydperk en moet deurlopend in die toekoms gemoniteer word, aangesien dit die potensiaal inhou om produktiwiteit, afwesigheidskoerse en werknemersgesondheid en -moraal te affekteer. Die mees algemeen benutte WGW-diens was professionele berading, wat 57,7% van die totale betrokkenheid uitmaak het.

Daar was in 2014 slegs twee formele Werknemerbystandsprogram-verwysings (WBP-verwysings) na die WGB. In die komende jaar sal bestuurs- en toesighouende personeel aangemoedig word om werknemers met probleme te identifiseer en hulle vir verdere bystand na die WBP-diens te verwys.

► Ander gesondheids- en welstandsprojekte

In 2013 het werknemers toegang tot 'n verskeidenheid gesondheids- en welstandsdienste gehad, met inbegrip van gesondheidsiftings, algemene programme wat fiksheid en gesonde beweging aanmoedig (bekend as "Be Active"-dae), en werkswinkels oor stresbestuur om hanteringsvaardighede en persoonlike finansiële bestuur te verbeter. Nog 'n aspek van die WGW-program was bewusmaking, wat bestaan uit veldtogte oor beroepsgesondheid en veiligheid, korporatiewe welstand, slim wees in die son en 'n bewustheid van gestremdhede, onder andere. 'n Sosiale Interkampusdag is op 15 Maart 2013 gehou, wat aan werknemers van al vier besigheidseenhede die geleentheid gebied het om byeen te kom en mekaar beter te leer ken.

miv/vigs-bestuur

Die NWU is daartoe verbind om die impak van MIV/Vigs onder personeel en studente te verlig. Al drie kampusse het gesondheidsentrums of klinieke waar individuele aandag deur professionele persone verseker dat elke individu wat MIV-positief is, 'n optimale kans kry om 'n normale leefstyl te handhaaf. MIV/Vigs-koördineerders rapporteer aan die studentedekane en werk met personeel sowel as studente op die Mafikeng- en Potchefstroomkampus, terwyl die

bestuurder van die gesondheidskliniek op die Vaaldriehoekkampus ook as die MIV/Vigs-koördineerder optree.

Die Eenheid vir Werknemersgesondheid en Welstand in Mensekapitaal-ontwikkeling werk ten nouste met die MIV/Vigs-koördineerders saam om te verseker dat MIV-programme en -geleenthede ook aan personeel beskikbaar is. As deel van die nasionale Eerste Dinge Eerste-veldtog wat by Hoëronderrys-instellings van stapel gestuur is, het 1 247 NWU-studente en 77 personeellede vrywillige berading en toetsing ondergaan. Hierdie getal was bo en behalwe die deurlopende toetsing by die kampusklinieke.

Die NWU het ook 'n bewusmakingsveldtog oor seksueel oordraagbare infeksies en kondoomgebruik gehou, asook 'n Kerslig-gedenkbyeenkoms en ander geleenthede om die Wêrelddag vir Vigs te gedenk.

Ander belangrike MIV/Vigs-mylpale wat gedurende 2013 bereik is, sluit die volgende in:

- 'n MIV/Vigs-bedryfsplan vir 2013 tot 2015 is ontwikkel.
- Die Vaaldriehoekkampus het 'n ooreenkoms met die Gautengse Departement van Gesondheid onderteken vir samewerking in primêre gesondheidsorg, insluitende MIV/Vigs.
- 'n Soortgelyke ooreenkoms het reeds met die Provinsiale Departement van Gesondheid van Noordwes bestaan. Aangesien hierdie ooreenkoms op 30 Junie 2014 ten einde sal loop, is hernuwing van die ooreenkoms met die departement bespreek.

opleiding en vaardigheidsontwikkeling

Befondsing is beskikbaar gestel om akademiese en ondersteuningspersoneel in staat te stel om hul kwalifikasies en beroepsvaardighede deur interne en eksterne opleidingsprogramme te verbeter, of deur vir volledige tersiêre kwalifikasies van die NWU en Unisa in te skryf.

'n Deurlopende VBOO-program het aan personeel die geleentheid gegee om 'n NKR-vlak 1-kwalifikasie (tot Graad 9) te verwerf. Gedurende 2013 het die universiteit befondsing vir 32 interns van die SETA vir Onderwys, Opleiding en Ontwikkeling ontvang. Die interns is op die drie kampusse en in die Institusionele Kantoor geplaas.

vergoeding en organisatoriese ontwikkeling

In 2013 is die posstruktuur hersien ten einde posgelykheid te verbeter, terwyl die posevalueringsproses hersien is om deursigtigheid te verhoog en vir gedesentraliseerde besluitneming deur kampusbestuur voorsiening te maak. In nog 'n stap wat gedoen is om deursigtigheid te verbeter, is veranderinge aan die proses vir die bestuur van die personeelbegroting geïmplementeer om dit vir kampusse se finansiële direkteure en die mensekapitaalbestuurders van kampusse meer deursigtig te maak. Die NWU het voortgegaan om vergoedingsprosesse te hersien en te verbeter ten einde die kaliber personeel wat die universiteit in staat sal stel om sy doelwitte te bereik, te lok, te motiveer en te behou. Die Oracle-MH-stelsel is na Weergawe 12 opgegradeer as deel

van die breër inisiatief om die MH- en finansiële sakestelsels van die NWU te hernu en te verbeter. Toegang tot die MH-inligting is verbeter en uitgebrei deur verdere ontwikkeling van die MH-verslagdoeningsplatform.

mensekapitaalbedrywighe en kliëntedienste

Om die wyse waarop personeelverlof bestuur word, te verbeter en die risiko van onakkurate vaslegging van verlof te verminder, is 'n maandelikse verlofverslag geproduseer om aan lynbestuurders 'n oorsig te gee van die jaarlikse, siekte-, gesinsverantwoordelikheid- en ander verlof wat geneem is.

Die riglyne vir werwing van permanente en vastetermynpersoneel is hersien en 'n nuwe riglyn is vir tydelike werknemers ontwikkel, wat die omstandighede uiteensit waarin lynbestuurders aanstellings volgens tydelike kontrakte mag maak en dit verleng. Al hierdie riglyne sal vanaf 2014 in werking tree.

'n Aanvanklike ondersoek na 'n aanlyn-wervingsplatform is afgehandel. Kliëntediens is verbeter deur die instelling van 'n sms-lyn vir werknemersklagtes, -voorstelle en komplimente oor mensekapitaalaangeleenthede. As 'n aanvanklike fase van hierdie loodsprojek is die sms-lyn aan personeel van die Institusionele Kantoor en Potchefstroomkampus beskikbaar gestel. Gedurende 2014 sal die lyn na die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus uitgebrei word.



ons ondersteun ons studente

Een van ons belangrikste verhoudings is dié met ons studente. Ons beskou hulle as ons kliënte en dus as 'n hoogs gewaardeerde belanghebbegroep vir wie ons ons talente inspan om 'n instaat-stellende omgewing te skep waarin hulle tot afgeronde mense kan ontwikkel. Behalwe dat ons hulle voorsien van uitstekende onderrig-leer- en navorsingsgeleenthede, sien ons ook om na hul finansiële, fisieke en sielkundige welstand.

ons studentestatistiek

► Studente ingeskryf vir 2013



	Mafikeng	Potchefstroom	Vaaldriehoek	Totaal
Voorgaadse eerste-inskrywers	2 382	4 939	1 475	8 796
Seniors	8 331	38 811	5 037	52 179
Totaal	10 713	43 750	6 512	60 975

Registrasie per kwalifikasietipe per afleweringmodus



2013		Bywoningsmodus		
Kwalifikasietipe	Afstand	Kontak	Afstand-VOO*	Groototaal
Algemene akademiese eerste baccalaureusgraad		14 595		14 595
Doktorsgraad	45	1 126		1 171
Honneursgraad	97	1 979	5 569	7 645
Meestersgraad	21	2 850		2 871
Nagraadse diploma	14	1 936		1 950
Voorgraadse diploma (1 en 2 jaar)		819	8 116	8 935
Voorgraadse diploma (3 jaar)		320	9 942	10 262
Professionele eerste baccalaureusgraad (4 jaar)		9 984	823	10 807
Professionele eerste baccalaureusgraad (3 jaar)	148	2 390		2 538
Geleentheidstudente	5	196		201
Groototaal	330	36 195	24 450	60 975

* VOO staan vir "Verdere Onderwysersopleiding" en beskryf die afstand- of fleksiprogramme van die NWU vir onderwysers wat reeds in die diens van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente is.



Studente ingeskryf – kontak en afstand



Rassesamestelling van studente



Geslagsamestelling van studente



► Samestelling tov ras en geslag van die studentekorps 2013

Jaar	Ras					Geslag		Totaal
	Wit	Afrikaan	Kleurling	Asiër	Onbekend	Manlik	Vroulik	
2003	11 446	21 717	1 050	325	1 860	14 052	22 346	36 398
2004	12 657	24 975	1 255	321	938	15 344	24 802	40 146
2005	13 389	23 454	1 195	338	220	14 866	23 730	38 596
2006	14 288	22 412	1 221	616	172	14 766	23 943	38 709
2007	16 209	26 440	1 359	701	17	16 128	28 598	44 726
2008	17 071	27 722	1 602	585	28	16 279	30 729	47 008
2009	18 160	30 095	1 921	408	5	17 196	33 393	50 589
2010	18 675	34 398	2 206	432	21	18 730	37 002	55 732
2011	18 886	34 944	2 360	436	15	19 129	37 512	56 641
2012	16 794	36 481	2 565	448	2 464	19 643	39 109	58 752
2013	17 242	39 523	2 684	485	1 041	20 202	40 773	60 975

klasgeld

Die klasgeld vir 2013 was soos volg:

	2013 R
Mafikengkampus	
Universiteitsakkommodasie op kampus	
- Voorgaads	11 960
- Lost City	16 020
- Nagraads	22 180
- Etegelde	Nvt
Potchefstroomkampus	
- Universiteitsakkommodasie (gemiddeld)	14 770
- Oppirif (selfsorgeenhede)	19 700
- Styging in etegelde	7%
Vaaldriehoekkampus	
- Universiteitsakkommodasie (gemiddeld)	14 953
- Thutuka-, Long Fellow- en Horizon-behuising (gemiddeld)	18 396
- Etegelde	Nvt

Bedrag betaalbaar by registrasie	2013 R
Mafikengkampus	
- Registrasiegeld	1 230
- Klasgeld: eerste betaling	4 750
- Koshuisgeld per semester	Volle bedrag
Potchefstroomkampus	
- Registrasiegeld	1 230
- Klasgeld: eerste betaling	5 350
- Losiesgeld: eerste betaling	4 800
- Verpligte betaling vir etes: losies eerstejaarstudente	920
- Voorgestelde betaling vir etes	2 400
Vaaldriehoekkampus	
- Registrasiegeld	1 230
- Klasgeld: eerste betaling	5 350
- Losiesgeld: eerste betaling	4 800

finansiële steun aan studente

Vir die 2013- finansiële jaar het die finansiële steundienste se kantore op die drie kampusse 'n bedrag van R575,9 miljoen geadministreer.

Die NWU het probleme ervaar met die niebetaling van eise deur NSFAS, wat tot gevolg gehad het dat eise ter waarde van R21,5 miljoen nog nie teen die einde van Desember 2013 betaal is nie, waarvan R12,7 miljoen as 'n risiko beskou kan word.

Die volgende tabel toon die toedeling van finansiële hulp aan voorgraadse en nagraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2013:

Bron: NWU	(R-waarde)
Voorgraadse studente	60,0
Nagraadse studente	70,7
Totaal	130,7

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse en nagraadse studente uit eksterne befondsingsbronne in 2013:

Bron: buitelandse	(R-waarde)
Voorgraadse studente	195,4
Nagraadse studente	24,0
Totaal	219,4

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse en nagraadse studente uit staatsbefondsing, insluitende NSFAS, SETA's en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling asook die Nasionale Navorsingstigting (NNS) in 2013:

Studente en bron	(R-waarde)
Voorgraadse studente (van NSFAS/Departement Maatskaplike Ontwikkeling en andere)	191,5
Nagraadse studente (van NSFAS)	11,7
Nagraadse studente (van NNS)	22,6
Groottotaal	575,9

studentsteundienste

► Leiding en berading

Al drie kampusse het voorligtings- en beradingsdienste voorsien, wat die emosionele, fisieke en sielkundige welstand van studente bevorder het ten einde hulle te bemagtig om psigososiaal goedgebalanseerde, loopbaanwyse en goed geïntegreerde burgers te wees. U kan meer besonderhede kry in die kampusverslae op p 94, p 98 en p 104.

► MIV/Vigs

Soos reeds op p 73 van hierdie verslag genoem is, is daar aangewese MIV/Vigs-koördineerders op die Mafikeng- en Potchefstroomkampus wat aan die studentedekane rapporteer. Op die Vaaldriehoekkampus tree die bestuurder van die gesondheidskliniek as MIV-koördineerder op.

U kan meer besonderhede in die kampusverslae kry, onderskeidelik op p 94, p 98 en p 104.

institusionele studentesake en sport

Institusionele studentesake en sportaktiwiteite wat op institusionele vlak plaasvind, val onder die toesig van Mensekapitaal.

'n Interkampus-studentesportdag is op 9 Maart 2013 op die Mafikengkampus gehou. Op 14 September 2014 het die Potchefstroomkampus 'n interkampus-kultuurdag gehou, waar studente van al die kampusse opgetree het.

Gedurende 2013 is 'n Kultuur- en Klimaatopname onder studente oor die hele universiteit uitgevoer. Die resultate is aan die institusionele bestuur voorgelê en sal in 2014 vir die onderskeie kampusse aangebied word.

Van 11 tot 13 Oktober 2013 het die verkose studenteraadslede van al die kampusse 'n leierskapswerkwinkel bygewoon wat by die Sunwa River Lodge in Parys gehou is. Lede van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) het van 9 tot 12 Desember 2013 die nasionale algemene konferensie van die Suid-Afrikaanse Studente-unie by die Kaapse Skiereiland-universiteit van Tegnologie bygewoon.

ons gee om vir ons gemeenskappe

Gemeenskapsverbintenis is aktiwiteite wat die personeel en studente van die universiteit uitvoer om die gemeenskap of individue in nood by te staan. Die primêre doel is om die volhoubare ontwikkeling van die gemeenskap te ondersteun.

► Gemeenskapsverbintenis

Gedurende 2013 is die NWU se gemeenskapsverbintenisstrategie verstewig. Kortweg beklemtoon hierdie strategie transdissiplinêre ontwikkelingsprojekte wat volhoubaar is en 'n meetbare impak het. Sulke projekte moet met die Millenniumontwikkelingsdoelwitte, die Nasionale Ontwikkelingsplan en plaaslike Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP's) belyn wees. Ten einde die strategie te implementeer, word 'n nuwe beleid ontwikkel wat in 2014 vir oorweging aan die Raad voorgelê sal word.

► Toekennings

Die NWU erken elke jaar uitstaande prestasies in gemeenskapsverbintenis deur die jaarlikse Visekanselierstoekennings vir Uitnemendheid in Gemeenskapsverbintenis. In 2013 is toekennings aan vyf ontvangers gemaak:

- > Mnr Andre Mulligan van die Gemeenskapsregsentrum op die Mafikengkampus, vir die voorsiening van regsdiens aan armes en praktiese opleiding vir parareglui;
- > Dr Elbie Mwenesongole en dr Myrtle Erasmus van die NWU/Virginia Tech-samewerkingsprojek, Mafikengkampus, Fakulteit Onderwys en Opleiding, vir die bou van die vakkundigheid in betrokkenheid by kindersorg, bejaardesorg en onderwys;
- > Dr Ona Janse van Rensburg van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, vir maatskaplike verandering in Vroeë Kinderontwikkeling-opleiding;
- > Me Liesbet Barratt van die Waterinnovasienetwerk (WIN) van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus vir die bou van intersektorale vennootskappe ter verbetering van landelike gesondheid en welstand; en
- > Prof Elsa Fourie van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe op die Vaaldriehoekkampus vir die Siyakhulisa-project, wat Graad R-onderwysers in Vroeë Kinderontwikkeling in woongebiede bemagtig.

► Vennootskappe

Die NWU se Gemeenskapsverbintenis-kantoor is oop vir vennootskappe met eksterne partye wat die universiteit se verbintenis tot die ondersteuning van ontwikkelingsprojekte wat volhoubaar is en 'n meetbare impak het, deel. In 2013 het die kantoor 'n aantal eksterne partye ontmoet en verskeie kampusvennote genooi om deel te neem. Eksterne partye wat hulp gevra het, het onder andere verteenwoordigers van die Potchefstroomse

Sakekamer, die Rainbow Foundation, Platinum-metalegroep in Rustenburg, die Korporatiewe Maatskaplikebeleggingsforum van die Noordwes-provinsie en die Koninklike Bafokeng-nasie ingesluit. Die ontwikkelingsprojekte wat betrokke was, het gestrek van ontwikkeling van 'n bordspel en toepassings om kinders oor verkragting en geweld te leer tot skoolopheffingsprojekte, 'n duikmaatprogram vir kwadrupleë wat in skubaduik belang stel, en programme vir jeugontwikkeling in basiese lewensvaardighede, persoonlike ontwikkeling en entrepreneurskap.

► Suid-Afrikaanse Forum vir Hoëronderrys-gemeenskapsverbintenis (SAFHOGB)

Die direkteur vir gemeenskapsverbintenis is die NWU se verteenwoordiger in die direksie van die SAFHOGB en 'n lid van die uitvoerende komitee, en hanteer bemaking en kommunikasie. Sy is vir die vierde jaar as 'n lid van die bestuurskomitee herverkies en is nou die langsdienende lid van die uitvoerende komitee sedert die ontstaan daarvan in 2010.

Die webwerf www.sahecef.ac.za word deur die NWU gehuisves en die direkteur tree op as die administrateur daarvan. Alle Mandela-dagaktiwiteite van die onderskeie universiteite is op die webwerf geplaas. NWU-projekte het die van stapel stuur van die Mandela-aanlynspelletjie vanaf die Vaaldriehoekkampus en die verspreiding van komberse aan primêreskoolleerders van die Jane Letsapa-skool in Matlwang in die Dr Kenneth Kaunda-distrik ingesluit.

► NWU Maatskaplike Ontwikkelingstrust

Die trust, wat voorheen as die NWU Maatskaplike Ontwikkelingstrust bekend gestaan het, is herdoop tot en geregistreer as die NWU-gemeenskaps-ontwikkelingstrust. Die doel daarvan is om in volhoubare projekte te belê. 'n Oudit van die inkomste van die trust is deur Philips Miller Ingelyf voltooi en die finale verslae is op versoek beskikbaar. Die totale jaar-op-jaar-bedrag van skenkings en rente wat in 2013 ontvang is, was R444 930. Uitgawes aan projekte het R434 433 beloop, wat 'n marginale surplus van R10 497 tot gevolg gehad het.

Verskeie van die projekte waarin die trust belê het, vaar goed. Een hiervan is Mosaic SA, wat 'n memorandum van verstandhouding met die trust as 'n vennoot van die NWU het. Die Gemeenskapsontwikkelingstrust beskou Mosaic SA as 'n primêre kandidaat vir fondsinsamelingsbystand en -ondersteuning vanweë die volhoubaarheid van die program in sy geheel, wat driedubbelewinsgrens-uitsette insluit.

Mosaic SA het 'n noulettendheidsondersoek ondergaan en die direkteur daarvan, mnr Meyer Conradie, is as 'n trustee geregistreer. Tot op datum het hulle 21 huise vir families gebou wat Vigs-geaffecteerde weeskinders versorg en ook naskoolse programme, ouerondersteuning en -opleiding en sportaktiwiteite vir die kinders aanbied. Hierbenewens bedryf Mosaic SA twee BGSEB-ondernemings en het hulle 'n telkaartgradering van Vlaks 3.

► Nasionale Lotery se Ontwikkelingstrustfonds-projekte

'n NWU-Lotto-aansoek onder die tema Kuns en Kultuur is in April 2013 ingedien. Dit het befondsing ingesluit vir projekte in verband met ingrepe wat betref handwerkbesigheid-bestuursopleiding (R2 992 007), die Vaaldriehoekkampus se biblioteekkunsgalery (R502 959), 'n publikasie van die NWU-kunsversameling (R193 276) en die Groen Kampus-projek (R2 368 966). Die voorstel word tans beoordeel.

hoe ons ons kernbesigheid bystaan

In hierdie afdeling kan u lees hoe verseker ons goeie korporatiewe en ander bestuur, finansiële volhoubaarheid en soliede infrastruktuur, die vinnige vloeï van inligting en gesonde belanghebberverhoudinge.

ons verseker goeie korporatiewe en ander bestuur

Om waarde toe te voeg en die lewens van ons belanghebbers te verbeter, moet die NWU gesonde korporatiewe bestuur handhaaf en onderrig-leer, navorsing en implementering van ons kundigheid bied wat van hoë gehalte is. Verskeie NWU-afdelings ondersteun goeie korporatiewe bestuur en die kernbesigheidskomponente, en werk entoesiasties mee om aan die verwagtinge van ons belanghebbers te voldoen. In hierdie afdeling stel ons die mense voor wat verantwoordelik is vir regs-aangeleenthede, kwaliteit, dienslewering aan studente, ondersteuning van institusionele korporatiewe bestuur, bewaring van ons rekords, ondersteunende korporatiewe bestuur, voorsiening van bestuursinligting, rekordbestuur en administratiewe dienste asook die bewaring van ons erfenis.

regs- en regulatoriese responsiwiteit

Regsdiens het aandag geskenk aan sake rakende die onderhandeling oor en opstel van kontrakte, intellektuele eiendom, reëls en beleide, regsgedingvoering en algemene regsadvies aan bestuur, skole en fakulteite.

► Kontrakte

'n Aantal belangrike kontrakte is gedurende 2013 gesluit. Een daarvan was

die nuwe ooreenkoms wat met die Dramatic, Artistic en Literary Rights Organisation (DALRO) oor die gebruik van outeursregmateriaal vir onderrig en leer aangegaan is. Verskeie groot sport- en borgskapkontrakte is onderteken. Dit het die suksesvolle aflewering van die Varsity Sports-projek, die sluiting van samewerkingsooreenkomste tussen die NWU-PUK-Rugbyinstituut en Luiperdsrugby, 'n memorandum van verstandhouding met die Kaizer Chiefs-sokkerklub en die oorplasing van 'n voormalige speler van die Mafikengkampus se Sokkerinstituut na die Universiteit van Pretoria ingesluit.

Verskeie samewerkingsooreenkomste met buitelandse universiteite is ook in die loop van 2013 aangegaan. Dit sluit in die Sorbonne (Frankryk), die Katolieke Universiteit van Kameroen (Wes-Afrika) en JSSC Rosatom Overseas (Russiese Federasie). Daar is 88 soortgelyke ooreenkomste met instansies wêreldwyd wat op register by Regsdienste is. Die afdeling het ook aandag aan eiendomstransaksies geskenk wat 'n transaksiewaarde van altesaam R36 miljoen gehad het.

► Intellektuele eiendom

In 2013 het Regsdienste voortgegaan om die NWU se handelsmerke te beskerm en sy handelsmerkregister in stand te hou. Verskeie nuwe handelsmerke is geregistreer en Regsdienste het stappe gedoen wanneer buitepartye die universiteit se handelsmerke onwettig gebruik het. Verskeie skole en individuele personeellede het die advies van Regsdienste ingewin oor sake wat plagiaat en die oortreding van outeursreg behels het.

► Algemene advies

Die universiteit is onderworpe aan 'n immer groeiende stel wette en regulatoriese maatreëls. Regsdienste voorsien spesialisadvies aan afdelings oor statutêre bepalings wat betref beroepsveiligheid en gesondheid, die beskerming van persoonlike inligting, verbruikersbeskerming en die bevordering van toegang tot inligting. In samewerking met Interne Oudit het Regsdienste 'n aanbieding oor die bestryding van misdade soos bedrog en diefstal aan alle bestuurders gedoen.

ons verbintenis tot kwaliteit

Die NWU se verbintenis tot kwaliteitsversekering het duidelik uit verskeie aktiwiteite van die Institusionele Kwaliteitskantoor geblyk

► Ons het aandag geskenk aan die kwaliteitsoudit van die Hoëronderrys-kwaliteitskomitee (HOKK), wat in 2009 afgehandel is. 'n Terugvoerverslag is

in Desember 2013 aan die Raad op Hoër Onderwys voorgelê.

- ▶ Die ontwikkeling van al 15 fakulteite se kwaliteithandleidings is voortgesit en 21 ondersteuningsdepartemente se kwaliteithandleidings is herontwikkel, bygewerk en vir maklike verwysing op die intranet geplaas. 'n Luukse gedrukte kopie is saamgestel, wat 55 ondersteuningsdepartemente se kwaliteithandleidings dek.
- ▶ Ondersteuningsdepartemente regdeur die NWU het 17 selfevaluerings gedoen. Een hiervan – wat by Inligtingstechnologie gedoen is – het 'n omvattende portuurevaluering deur 'n paneel van agt nasionale en internasionale lede tot gevolg gehad.
- ▶ Die jaarlikse Kwaliteitindaba, wat op interne kommunikasie gefokus het, is gevolg deur 'n nabetrachtingsessie waar deelnemers konstruktiewe terugvoer gegee het.
- ▶ 62% van alle NWU-personeel het aan 'n elektroniese antiburokrasie-meningspeiling deelgeneem, en die resultate daarvan is op verskeie forums beskikbaar gestel.

dienslewering aan studente

Die afdeling Studenteadministrasiestelsels het stelsels ontwikkel en in stand gehou wat ontwerp is vir die administrasie van 'n student se lewensiklus, vanaf aansoek tot grauering.

In 2013 is die omgewings vir webtoepassings en webregistrasies verbeter en is dit meer toeganklik gemaak. Hierdie verbeterings skakel die behoefte uit vir studente om te reis, in toue te staan of hul vorms te pos. Minder gedrukte en geposte dokumente verminder ook die las op administratiewe personeel. Die toelatingstelsel se funksionaliteit is verfyn en getoets. Nog 'n groot inisiatief was die oorskakeling van gedrukte jaarboeke (wat inligting oor akademiese programme bevat) na elektroniese weergawes. Dit het ons koolstofvoetspoor verminder en ons bedryfskoste verlaag. In Desember is byna 16 000 uitslaebriewe per e-pos aan studente gestuur, in plaas daarvan om dit uit te druk en te pos.

Die afdeling was betrokke by die akademiese belyningsproses en het verseker dat slegs goedgekeurde kwalifikasies en programme aan studente en voornemende studente beskikbaar is. Die studenteadministrasiestelsel word gereeld bygewerk om binne die regulatoriese raamwerk te bly en steeds 'n betroubare bron van data vir amptelike verslagdoening te wees. Hierdie twee areas is as prioriteite in die NWU se risikoregister geïdentifiseer.

ondersteuning van institusionele korporatiewe bestuur

Die korporatiewe bestuurstrukture van die NWU moet aan statutêre vereistes voldoen en volhoubare korporatiewe bestuur demonstreer. Institusionele Korporatiewe en Sekretariaatdienste het verseker dat dit die geval was met die aktiwiteite en prosesse van die Raad, Senaat, Institusionele Forum en die institusionele bestuur, tesame met al hulle substrukture. Die volgende het gedurende die jaar plaasgevind:

- ▶ Reël van die jaarlikse Raadswerkswinkel gegrond op die tema "Universiteit van die Toekoms: Posisionering van die Noordwes-Universiteit".
- ▶ Bystaan van die Raad en Senaat met die aanvra van nominasies vir eretoekenings en kanseliersmedaljes.
- ▶ Bystaan van die universiteit se korporatiewebestuurstrukture met verkiesings om vakatures ter vul.
- ▶ Hersiening van die raadskomitees se lidmaatskap, indien nodig.
- ▶ Bystaan van die universiteit se institusionele bestuur met verkiesings om vakatures ter vul.
- ▶ Bystaan aan die Raad met die aanstelling van 'n visekanselier en adjunkhoof.
- ▶ Bystaan aan die institusionele bestuur en die voorsitters van die onderskeie Raadskomitees en -strukture met die opstel en voorlegging van verslae aan die Senaat en die Raad.
- ▶ Skedulering van aktiwiteite en vergaderings van strukture op institusionele vlak en hulp met die opstel van die institusionele kalender vir 2013.

rekordbestuur en administrasie: die grondslag van nakoming

In 2013 het Rekordbestuur en -administrasie die jaarverslag vir indiening by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) opgestel. Die inhoud is weer eens so gestruktureer dat dit die belangrikste inligting vir die departement meer toeganklik gemaak het.

'n Gedetailleerde afdeling oor hoe die prestasietekens in die Institusionele Plan bereik is, het PricewaterhouseCoopers in 'n groot mate met hul tweede audit van die IP in Mei 2013 bygestaan.

'n Weergawe van die jaarverslag wat aan die regsvereistes voldoen is op 30 Junie 2013 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien. Die inligting wat vir die DHOO se jaarverslag versamel is, het ook die grondslag vir die belanghebbersweergawe van die verslag uitgemaak wat deur Institusionele Bevordering opgestel is.

In 2013 het die afdeling 20 verskillende beleide as deel van die beleidbestuursprogram hanteer. Die NWU het tans 54 raadsgoedgekeurde beleide. Ander wyses waarop die afdeling tot die gladde funksionering van die NWU gedurende die jaar bygedra het, was:

- ▶ samestelling van die 2014 institusionele kalender;
- ▶ administrasie van die dienste van ex officio-Kommissaris van Ede, van wie daar 76 regdeur die universiteit was;
- ▶ Aanbieding van werkwinkels oor die Wet op Verbruikersbeskerming; en
- ▶ hantering van 27 versoeke ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI)

In gevalle waar versoeke om inligting afgekeur is, is dit om die volgende redes gedoen:

- > Verpligte beskerming van sekere vertroulike inligting en beskerming van sekere ander vertroulike inligting van derde partye; en

- > Verpligte beskerming van handelsinligting van derde partye ingevolge artikel 36 van die WBTI.

Ons het bewusmaking van die WBTI gedoen deur 'n opsomming van hierdie wet onder personeel te versprei en dit op die agendas van bestuurskomitees te plaas.

Ooreenkomstig die vereistes van die wet is 'n WBTI-verslag teen 30 April 2013 by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie ingedien.

verskaf betroubare bestuursinligting

Bestuursinligtingstelsels het die inskrywingsplan vir die siklus van 2014 - 2019 saamgestel en aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en het personeelinligting by hul datapakhuis bygevoeg. Hulle het ook die HEMIS-indiening behartig, meer as 100 ad-hoc-navrae hanteer en die Hoëronderwyswalifikasie-subraamwerk se kategorie A-kwalifikasies aan die Raad op Hoër Onderwys voorgelê.

bewaring van ons erfenis

► Betroubare korporatiewe rekords

In 2013 het Rekordbestuur voortgegaan om 'n rekordbestuursprogram te implementeer ten einde die kwaliteit, betroubaarheid en akkuraatheid van die NWU se korporatiewe rekords te verbeter. Rekordbestuursmylpale van die jaar het die volgende ingesluit:

- > Voorsiening van formele rekordbestuursopleiding en inligtingssessies oor die elektroniese rekordbestuursplatform, INSINQ SHARE, aan alle NWU-personeel;

- > Toetsing en implementering van INSINQ SHARE en die skepping van 'n webtuiste op SHARE vir al die dokumentasie van Mensekapitaal;
- > Bystand met die opruiming van die kontrakregister en inskandering van alle kontrakte op SHARE;
- > Voorsiening van basiese rekordbestuursinligting by die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente;
- > Versekering van veilige fisieke bewaring van rekords deur gebruik te maak van 'n bewaringsfasiliteitmaatskappy weg van persele van die NWU;
- > Bystand aan die Eenheid vir Oop Afstandslêer om die rekordbestuursprogram in hul werksomgewing te implementeer;
- > Hersiening van die NWU se lêerplan; en
- > Reël van 'n werkwinkel om die verband tussen rekordbestuur en die Wet op Verbruikersbeskerming duidelik te maak.

► Instandhouding van argiewe en museums

In 2013 het die Institusionele Argief en Museum voortgegaan om die gesamentlike geheue van die NWU en sy studente te bewaar. Hulle het 874 besoekers ontvang en personeellede het 585 navrae van NWU-personeel, -studente en die publiek hanteer.

Die Argief het 8 020 foto's, koerante en transkripsies ingeskandeer, wat aan navorsers toegang tot hierdie versamelings verleen. Altesaam 14 214 foto's is van akademiese departemente en fotografe verkry. Duisende duplikaatfoto's is verwyder nadat die omvattende digitale fotografiese versameling geëvalueer en gereorganiseer is.

Die hoofokus van die Mafikengkampus se argief was die sentrale bewaring van eksamenantwoordboeke vir rekordbestuursdoeleindes. Die Vaaldriehoekskampus se argief het hul geriewe opgeknip en 'n werkwinkel oor argivering en rekordbestuur gehou.



ons bou op soliede fondamente

Finansies en Fasiliteite voorsien die fisieke en befondsingsinfrastruktuur wat die universiteit se kernbesigheid onderskraag. Die afdeling verseker dat hulpbronne op verantwoordelike en deursigtige wyse toegedeel word en dat ons in geboue werk wat goed in stand gehou en toegerus is.

ons finansies

Finansiële bestuur is 'n aktiwiteit wat prestasie en voldoening moontlik maak, die bestuur van risiko verbeter en deel uitmaak van die algehele waardeketting en sakemodel van die NWU, in teenstelling met 'n alleenstaande funksie.

Aspekte van eienaarskap met toepaslike samewerking en deursigtigheid word as van kritieke belang beskou en word deur die interaktiewe bestuursmodel van die NWU moontlik gemaak. Raadpleeg asseblief ook p 112 en verder vir die volledige finansiële oorsig en gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2013.

finansiële beplanning en begroting

Billike en deursigtige hulpbrontoedeling wat met die Institusionele Plan belyn is, was 'n sleutelfaktor om te verseker dat ooreengekome uitsette bereik is. Om hierdie rede is die Institusionele Plan se teikens op elke vlak van die begrotingsproses in aanmerking geneem.

Afwyking is streng en proaktief bestuur. Ons bestuurders het maandeliks en die institusionele bestuur kwartaalliks met die onderskeie sake-eenheid geskakel om die nodige terugvoer te verkry en hulle in staat te stel om proaktief eerder as reaktief op afwykinge te reageer.

Bo en behalwe die projek vir die Optimalisering van die Finansiële Bestuurs- en Administratiewe Funksie-(FinOps-projek) was die departement ook by verskeie ander projekte betrokke wat beter beplanning en begroting sal bevorder en ondersteun. Dit het die volgende behels:

- Implementering van 'n nuwe metode om 'n teiken saam te stel om die begrotingsproses te lei;
- Finalisering van die Finansiële Lewensvatbaarheid-model, wat gebruik kan word om 'n oorsig van die kostedoeltreffendheid van akademiese programme, modules, skole, fakulteite en ander eenhede te doen;
- Toets van die HEDA-befondsingstoedelingmodule (BTM), wat in die

- begrotingsproses gebruik kan word wanneer daar vir subsidie begroot word (wat vir meer as 40% van die NWU se totale inkomste verantwoordelik is); en
- Opgradering van die IDU-sagteware wat vir begroting en verslagdoening gebruik word.

verkryging en betalings

Die NWU het 'n gesentraliseerde verkrygingsbestuurstruktuur. Dit voorsien beheer en koördinerende sonder om die bevoegdhede van evaluering, aanbeveling en magtiging vir verkryging op 'n gedesentraliseerde afdelingsvlak aan bande te lê.

Die afdeling streef daarna om die beste waarde vir geld op elke verkrygings-transaksie te verkry terwyl daar aan die vereistes van billike en deursigtige handelsetiek voldoen word. Ons streef ook daarna om die vereistes van die Wet op Openbare Verkryging na te kom.

Gesentraliseerde betaling verseker universiteitwye nakoming van finansiële beleid en riglyne wat deur die institusionele bestuurskomitee goedgekeur is. Dit maak ook die grondslag uit van 'n kostedoeltreffende en gespesialiseerde proses van nakoming van die universiteit se uitgaweverpligtinge. Gedurende 2013 is 'n dokument getitel "Algemene Finansiële Riglyne" ontwikkel en goedgekeur. Alle finansiële prosedures is ook hersien en op die intranet gepubliseer.

Die afdeling ervaar 'n styging in pogings tot bedrog. Om dit teen te werk, word die interne beheerstelsels voortdurend hersien om te verseker dat slegs bona fide-betalings verwerk word. Geen wesenlike tekortkominge is gedurende 2013 deur die eksterne of interne ouditeure gerapporteer nie, en die vlak van dienslewering aan akademiese en ondersteuningsdepartemente het hoog gebly. Die Verkrygingsafdeling het toegesien dat Breedtegebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging- (BGSEB-) gekwalifiseerde verskaffers vir die voorsiening van goedere en dienste gebruik is. Van die R824 miljoen se goedere en dienste wat in 2013 verkry is, het 78,6% (79,7% in 2012) as BGSEB-bydrae gekwalifiseer.

betaalstaat

Gedurende 2013 het die Betaalstaatafdeling 'n noodsaaklike rol gespeel in die suksesvolle opgradering van die Oracle Human Capital en Payroll-stelsel van vrystelling 11 na vrystelling 12 van die programmatuur. Die nuwe weergawe is suksesvol op 1 September 2013 geïmplementeer, voor die sperdatum wat deur Oracle gestel is.

Die afdeling het steeds prosesse en prosedures hersien ten einde optimale doeltreffendheid en effektiwiteit in hul funksionering te bereik.

finansiële verslagdoening

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS") opgestel, en binne die regulasies ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys van 1997, soos gewysig.


Die Quali-benadering tot stelselontwikkeling is 'n belangrike langtermynstrategie van die NWU. Die implementering van die Quali Finansiële Stelsel (KFS) maak goeie vordering, volgens skedule, met gereelde demonstrasies van voltooide modules. Die verwagte inwerkingstellingsdatum is aan die begin van 2015. Dit sal aanspreeklikheid op alle bestuursvlakke verhoog en finansiële verslagdoening verbeter.

Die NWU was weer eens deel van die taakspan van die Finansiële Uitvoerende Forum van HESA wat 'n stel finansiële kriteria ontwerp wat sal dien as vroeë aanduiders vir universiteite wat voor finansiële probleme te staan kom. Die aanwysers kan ook in sektorwye normbepalingsoefeninge gebruik word. Die NWU voorsien waardevolle insette in die bywerking van die regulasies vir jaarlikse verslagdoening deur openbare hoërondewysinstellings.

geldmark

Die geldmarkbestuurder het die universiteit se kontantvloei op 'n daaglikse basis bestuur om addisionele inkomste te genereer. Dit het tot 'n positiewe afwyking van 3,85% per jaar tussen die werklike opbrengs en die normopbrengs gelei, wat 'n "wins" van R33,4 miljoen vir die geldmarkportefeulje tot gevolg gehad het.

Werklike opbrengs 2009–2013



belastingdienste

In 2013 het Belastingdienste steeds 'n primêre rol in die vermindering van die grootste belastingrisiko van die universiteit gespeel, wat altyd 'n reputasierisiko is, hoofsaaklik as gevolg van nienakoming. Op grond van die risiko's wat in die Wet op Belastingadministrasie geïdentifiseer is, het Belastingdienste op die volgende gefokus:

- ▶ Registrasie as belastingpraktisyns van personeel wat verantwoordelik is vir kommunikasie met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID);
- ▶ Uitreiking van die nodige magtigingsbriewe aan personeel wat betrokke is by indiening en berekening van werknemersbelasting en soortgelyke transaksies;
- ▶ Regstelling van belastingaanwysings;
- ▶ Instel van ondersoek na die persoonlike inligting van personeel soos vasgelê

op die databasis van die NWU en wat deur middel van IRP-sertifikate aan die SAID verklaar word;

- ▶ Ondersoek na byvoordele, insluitende die openbaarmaking en die belasbaarheid van hierdie voordele. Dit behels ondersoek na toelaes vir studie, akkommodasie en reise;
- ▶ Ondersoek na internasionale reisuittgawes wat aangegaan is;
- ▶ Verbeterde hantering van die betaling van onafhanklike kontrakteurs op grond van deurlopende leiding wat deur Belastingdienste voorsien word; en
- ▶ Verhoging van bewustheid van die Wet op Belastingadministrasie binne die NWU.

Belastingdienste het 'n aktiewe rol in die ontwikkeling van die nuwe BTW-module vir die nuwe Quali Finansiële Stelsel gespeel, aangesien BTW nie as 'n module binne die stelsel bestaan het nie. Soos in die verlede het Belastingdienste 'n beduidende bydrae tot die opsporing van foute gelewer, wat verhoogde BTW-insette tot gevolg gehad het. Die afdeling het as fasiliteerder tussen die universiteit en die SAID opgetree om navrae gedurende SAID-oudits te hanteer, om besware aan te teken waar nodig en om belastingvrystellingsertifikate te administreer.

interne audit

Interne Oudit is 'n onafhanklike, objektiewe gerusstellings- en konsultasie-afdeling. Interne Oudit is verantwoordelik vir die evaluering van die doeltreffendheid van korporatiewe bestuur, interne beheermaatreëls, nakoming en risikobestuur, en voer ook spesiale ondersoeke na aangemelde onreëlmatighede en bedrogverwante aangeleenthede uit.

Interne Oudit funksioneer binne die universiteit en is nie 'n uitbestede funksie nie. Hierdie afdeling volg 'n risikogebaseerde benadering tot die hantering van strategiese, bedryfs-, finansiële en volhoubaarheidskwessies, en is 'n geïntegreerde deel van die NWU se gekombineerde gerusstellingsmodel, soos deur die King III-verslag oor korporatiewe bestuur vereis word. Die afdeling is in die Gekombineerde Gerusstellingsforum en die Nakomingskomitee verteenwoordig.

Gedurende 2013 is 'n interne kwaliteitsversekeringsoorsig op Interne Oudit deur 'n onafhanklike span interne personele in samewerking met die Kwaliteitskantoor uitgevoer. Die doel was om seker te maak dat goeie pogings aangewend word om aan die vereistes van die Internasionale Standaard vir die Professionele Praktijk van Interne Oudit te voldoen.

Om die onafhanklikheid van die interne ouditfunksie verder te verbeter, is die administratiewe rapporteringslyn na die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite herstruktureer. Met ingang van 1 Januarie 2014 sal Interne Oudit aan die institusionele registrator rapporteer. Funksioneel rapporteer Interne Oudit aan die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee.

Gedurende die Oktober 2013-vergadering van hierdie komitee is die aanstelling van 'n inligtingstegnologie-ouditeur goedgekeur. Dit sal doeltreffende evaluering van korporatiewe IT-bestuur, risikobestuursprosesse en die beheeromgewing verseker.

sake- en ondernemingsontwikkeling

Cachetpark, die Potchefstroomse winkelsentrum wat aan die NWU behoort, het 'n 100%-okkupasiekoers gedurende die 2013 finansiële jaar gehandhaaf en 'n wins van R5,4 miljoen in 2013 gerealiseer.

meerdoeligestudentekaart-projek

Die institusionele bestuur het 'n projek goedgekeur wat gemik is op die byvoeging van verdere funksionaliteit aan die huidige studentetoegangskaarte. Die doel is om die funksionaliteit van die huidige studentekaart met volwaardige finansiële dienste binne 'n mobiele bankomgewing te integreer. Die projek is in 2013 gekonseptualiseer, studente regdeur die NWU is geraadpleeg en die huidige toegangskaarte is herontwerp om die ekstra funksionaliteite te voorsien. Die projek sal in 2014 voortgesit word.

kapitaalluitgawes

Altesaam R208,73 miljoen is in 2013 aan infrastruktuurkapitaalprojekte en die makro-instandhoudingsprogram bestee. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se Fonds vir Infrastruktuur en Doeltreffendheid het vir die 2012 tot 2015-siklus R211,373 miljoen vir verskeie infrastruktuurprojekte aan die NWU toegeken.

Gedurende die jaar is R54,979 miljoen aan die DHOO-projekte oor die drie kampusse heen bestee. Ongeveer 45% van totale kapitaalbesteding vir die jaar is aan Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging-kontrakteurs (BGSEB-kontrakteurs) uitbestee.

► Mafikengkampus

Altesaam R59,695 miljoen is in 2013 aan infrastruktuurprojekte op die Mafikengkampus bestee. Die tabel op p 85 verskaf besonderhede oor die bedrag wat bestee is aan groter projekte wat gedurende 2013 in aanbou was. Sommige van die projekte het 2012 begin en sal tot in 2014/15 voortgesit word.

► Potchefstroomkampus

Op hierdie kampus het infrastruktuurbesteding vir 2013 R110,025 miljoen beloop. Die tabel op p 85 verskaf besonderhede van die bedrag wat in 2014 bestee is aan groter projekte wat in aanbou was. Sommige van die projekte het 2012 begin en andere sal tot in 2014/15 voortgesit word.

► Vaaldriehoekkampus

Op die Vaaldriehoekkampus het die totale kapitaalbesteding vir 2013 op R37,464 miljoen te staan gekom. Die tabel op p 85 verskaf besonderhede van die bedrag wat in 2014 bestee is aan groter projekte wat in aanbou was. Die opgradering en opknapping van die Oewerspens-gebou het in 2013 'n aanvang geneem en sal in 2014 voltooi word. Verskeie kleiner projekte is ook gedurende 2013 voltooi.

► Institusionele Kantoor

Die projekte was hoofsaaklik op die opgradering van infrastruktuur gefokus. Die opgradering van een van die IT-bedienerskamers van die NWU en Gebou C11 vir Institusionele Bevordering is teen 'n koste van R10 391 miljoen onderneem.

► Vooruitsig op 2014

In 2014 sal Finansies en Fasiliteite hoofsaaklik daarop fokus om vordering te maak met die DHOO-projekte, asook met verskeie makro-instandhoudingsprojekte (waar infrastruktuur volgens 'n beplande instandhoudingsiklus van 10 jaar opgegradeer word). Kleiner kapitaalprojekte sal ook op die onderskeie kampusse voltooi word. Projekte wat in 2014 hetsy 'n aanvang sal neem of voortgesit sal word, sluit die volgende in:

- Mafikengkampus: die tweede fase van die nuwe studentekoshuis, 'n nuwe gebou vir Verpleegkunde en die opgradering van die kampus se waterinfrastruktuur.
- Potchefstroomkampus: 'n nuwe Farmasie- en Biologiese Wetenskappe-gebou, die laaste twee fases van die opknapping van die biblioteek, aanbouings by en opgradering van die Over-de-Voor-manskoshuis en die opknapping van verskeie akademiese navorsingsruimtes.
- Vaaldriehoekkampus: 'n nuwe gebou vir Afrikatale, opknapping van Gebou 3, die Kaizer Chiefs-innovasiesentrum, landskapwerk om die nuwe biblioteek en die eerste fase van opgradering van die kampus se elektriese infrastruktuur.

Mafikengkampus

Projekte	Uitgawes in 2013 R000	Totale projekkoste tot op datum R000	Bron van befondsing
Nuwe studentekoshuis, Fase 1 en 2	R 22 354	R 23 629	DHOO-projek
Nuwe Wetenskapkompleks (Fase 2)	R10 870	R11 317	DHOO-projek
Opgradering van Sedibeng-koshuis – Fase 1 en 2	R 4 369	R 4 369	DHOO-projek
Addisionele behuising vir nagraadse studente	R 3 263	R 8 429	NWU
Opgradering van James Moroka-koshuis (Fase 2)	R 2 561	R 5 991	DHOO-projek
Opgradering van sportfasiliteite	R 1 825	R 3 335	NWU
Opgradering van Gloria Park-behuising	R 1 199	R 1 293	NWU

Potchefstroomkampus

Projekte	Uitgawes in 2013 R000	Totale projekkoste tot op datum R000	Bron van befondsing
Nuwe gebou vir Metabolomika	R 15 768	R 23 711	NWU
Aanbouings by gebou F13 – Skool vir Maatskaplike en Owerheidstudies	R 8 440	R 8 532	NWU
Opgradering van Minjonet-dameskoshuis	R 8 054	R 8 054	NWU
Nuwe manskoshuis	R 7 053	R 41 043	NWU
Nuwe Farmasiegebou	R 5 646	R 5 646	DHOO-projek
Opgradering van Sanlam-ouditorium	R 3 501	R 3 501	NWU
Opgradering van biblioteek in fases	R 3 121	R 3 121	NWU
Opknapping van gebou G10 vir HySA-navorsingseenheid	R 2 534	R 2 884	NWU
Opknapping van die eerste verdieping van gebou B11a – vir Skool vir Voortgesette Onderwyseropleiding	R 2 005	R 4 466	NWU
Opgradering van navosingsinfrastruktuur – PhASRec	R 1 943	R 1 943	DHOO-projek
Nuwe oefenvelde – sokker en rugby	R1 570	R1 570	NWU
Addisionele minisubstasie by Fanie du Toit-sportgrond	R 1 127	R 1 127	NWU

Vaaldriehoekskampus

Projekte	Uitgawes in 2013 R000	Totale projekkoste tot op datum R000	Bron van befondsing
Nuwe biblioteek	R 29 170	R 55 679	NWU
Nuwe studentekoshuise (Fase 1 en 2)	R5 597	R 6 447	DHOO-projek

Institusionele Kantoor

Projekte	Uitgawes in 2013 R000	Totale projekkoste tot op datum R000	Bron van befondsing
Opgradering van IT-bedienerkamer 1	R 9 807	R 10 258	NWU
Opgradering van Gebou C11 (makro-instandhouding)	R 584	R 584	NWU

ons verseker die vloei van inligting

Die NWU maak in 'n hoë mate staat op 'n reuse verskeidenheid van inligtings- en kommunikasie-tegnologietoepassings, -infrastruktuur en verbandhoudende ondersteuningsdienste.

Om die waarheid te sê, die NWU gebruik die grootste volume internetbandwydte van alle universiteite in Suid-Afrika. Dit weerspieël die hoë vraag na internetkapasiteit en verwante dienste onder gebruikers, studente en personeel.

Gedurende die afgelope jaar het ons goeie vordering gemaak met 'n verskeidenheid innoverende tegnologieë en prosesse, asook met die stabilisering en instandhouding van bestaande stelsels en dienste.

Die volgende is maar 'n handjievol van die projekte wat verbeterings regdeur die NWU gelewer het:

- ▶ Die NWU het die mobiele oorplatform-toepassing, NWU Mobile App, suksesvol geïmplementeer teen 'n fraksie van die koste van kommersieel beskikbare raamwerke.
- ▶ Die Opencast Matterhorn-lesingopnamestelsel is suksesvol in die Eenheid vir Oop Afstandslere geïmplementeer, en meer as 2 000 lesings is in 2013 opgeneem.
- ▶ Besigheidstelselontwikkelingsaktiwiteite in 2013 het die ontwikkeling van 'n elektroniese proses vir die Institusionele Senaat se Komitee vir Akademiese Standaarde en 'n sentrale verslagdoeningsomgewing met 'n geïntegreerde bedryfsdatapakhuis ingesluit. Die elektroniese stelsel om die Hoëronderwyskwalifikasies-subraamwerk-proses te ondersteun, is ook geoptimaliseer en 'n webregistrasieproses en verbeterde webaansoekproses vir voornemende studente is uitgerol.
- ▶ 'n Groot getal integrasieprosesse is vir die Kuali Finansiële Stelsel, IKAS en Kuali Mobility vir die Enterprise-projekte gebou, met versekering dat hierdie

nuwe stelsels naatloos in die NWU-omgewing kan funksioneer.

- ▶ Ná ses jaar is al die kampusse van die NWU nou aan die SANREN-ruggraat gekoppel teen 'n minimum kapasiteit van 1 gigabis per sekonde. (Die SANREN-projek voorsien internetdienste aan alle Suid-Afrikaanse universiteite.)
- ▶ Die Kuali Oracle-inisiatief (KOI) het die gladde opgradering van die Oracle MH-stelsel, die identifisering van gapings in MH-sakeprosesse en deelname aan die FinOps-projek wat op p 82 bespreek word, tot gevolg gehad. Die implementering van die Kuali Finansiële Stelsel-projek het ook voortgegaan soos beplan.
- ▶ Die IT-afdeling het 'n verbeterde proses geïmplementeer vir die hantering van gebruikersversoeke om verbeterings aan die stelsels en dienste wat die NWU benut. Meer as 100 groot IT-projekte is gedurende 2013 voltooi, terwyl 76 versoeke vir stelsel- of infrastruktuurverbeterings, uitbreidings of veranderings ontvang is.
- ▶ Aan die einde van 2013 het die afdeling die gebruik van Grafiese verwerkings-eenheid-gebaseerde (GVE-gebaseerde) apparatuur vir berekeningsnavorsing ondersoek. 'n GVE-gebaseerde rekenaarkluster beskik oor die potensiaal om die koste van apparatuur beduidend te verlaag wanneer dit met die korrekte werklading gepaard gaan. In 'n ander groot projek is die Hoëprestasiekluster opgegradeer om vir spesifieke vereistes van die Fisikanavorsers voorsiening te maak.
- ▶ Ons het die vennootskap met die internasionale Kuali-gemeenskap verstewig; dit is 'n gemeenskapbronkonsortium van universiteite wat 'n administratiewe programtuursuite vir hul lede ontwikkel. Die memorandum van verstandhouding met Kuali is vir nog twee jaar verleng.
- ▶ Die eerste eksterne portuurevaluering van IT is van 19 tot 23 August 2013 gedoen. Dit het uitloop op die bywerking van die Kwaliteitshandleiding en die voltooiing van die selfevalueringsverslae, wat verbeteringsplanne waar nodig tot gevolg gehad het.
- ▶ Die NWU gebruik eFundi/Sakai as sy primêre leerbestuurstelsel. Meer as 85% van die modules by die NWU is op eFundi beskikbaar, wat 'n gemiddelde van 2 000 gelyktydige studentegebruikers daaglik het. In 2013 was daar 5 500 gelyktydige gebruikers, byna dubbel die 2012-syfer.
- ▶ Die Studente-skootrekenaarinisiatief, wat herdoop is tot die Studente-tegnologieprogram het sy tweede jaar binnegegaan. Tabletrekenaars is in 2013 bygevoeg. Meer as 5 500 skootrekenaars en tablette is verkoop en die NWU is steeds een van die twee topuniversiteite wat aan hierdie inisiatief deelneem.
- ▶ Connect@NWU is die NWU se nuwe videokonferensieoplossing wat op 'n ondernemingsuitgawe van Adobe Connect funksioneer. Dit gee aan gebruikers volledige beheer om webvergaderings uit hul eie kantore op te stel en daaraan deel te neem, sonder die behoefte aan duur toerusting. In 2013 is dit ook suksesvol gebruik om lesings tot buite lesinglokaal op die

Potchefstroomkampus uit te brei.

- Die migrasie van Windows XP na Windows 7 is in 2013 voortgesit. 'n Projek vir die infasering van Windows 8 is begin en sal in 2014 voortgesit word.
- Die NWU-webwerf is op Drupal-tegnologieë gebaseer en is van weergawe 6 na 7 opgegradeer. Die webwerf, wat uit 14 025 gepubliseerde bladsye bestaan, het 9 305 015 besoeke in 2013 gehad, waarvan 3 279 455 uniek was.
- IT het die agterkant van Groupwise na weergawe 8 opgegradeer, wat die e-pos- en kalenderskeduleringsoplossing van die NWU is. Elke dag kom ongeveer 100 000 boodskappe die universiteit binne en word 17 000 gestuur. Honderdduisende e-posse vloei daaglik intern rond.
- Die instapdienste vir studente op kampusse het geweldig gegroei en is in aanvraag onder studente en personeel, veral vir ondersteuning van persoonlike toestelle.

In die bestek van slegs twee jaar het die getal voorvalle waar hierdie diens op die Potchefstroomkampus diens gelewer het met 50% van 5 677 in 2012 tot 8 250 in 2013 gegroei. Studente het hoofsaaklik WiFi-opstelling op hul

toestelle nodig, asook Resnac-opstelling en die verwydering van virusse van hul persoonlike rekenaars.

- Rekenaarlaboratoriums vir studente is op al drie kampusse opgegradeer.
- Op die Mafikengkampus is 296 nuwe werkstasies aangekoop en is 13 nuwe of opgeknapte rekenaarlaboratoriums met 'n kapasiteit van 490 werkstasies in bedryf gestel.
- Op die Potchefstroomkampus is 6 rekenaarlaboratoriums met 33 persoonlike rekenaars opgegradeer.
- Op die Vaaldriehoekkampus is die nuwe akademiese gebou (Gebou 13) voltooi, onder andere met akkommodering van 'n IT-ondersteuningsentrum en twee addisionele rekenaarkamers.
- IKT het gebruikersteun, opleiding en bemagtiging vir NWU-personeellede voorsien. Dit het gereelde IT-opleiding sowel as verpligte opleiding oor die IT@NWU-module vir alle nuwe personeellede ingesluit. Op die Vaaldriehoekkampus is die evaluering vir die basiese stel IT-vaardighede laat in September 2013 van stapel gestuur.



ons praat met ons belanghebbers

Gedurende 2013 het die daarstel van die funksie van Institusionele Bevordering momentum verkry. Dit het die weg gebaan vir gesprekvoering met die drie kampusse en het bygedra tot die bewustheid en 'n gedeelde begrip van die bevorderingsfunksie by die NWU.

eksterne kommunikasie

Om voort te gaan om die NWU onder eksterne sleutelbelanghebbers te posisioneer en aktief met hulle in gesprek te tree, het die departement 'n omvattende reklameveldtog wat bestaan uit radio, gedrukte en digitale media en buitenshuise advertensieborde van stapel gestuur. McCann Worldgroup, die agentskap wat aangestel is om die NWU te help posisioneer, het die veldtog ondersteun.

Ongeveer 735 863 lesers en 7 372 000 luisteraars en kykers is deur die veldtog bereik, en 20% waardetoegevoegde indrukke op digitale media is bereik. Syfers oor die impak van die advertensieborde sal op 'n latere stadium bekend wees, aangesien die veldtog tot in 2014 oorgevloei het.

► Mediadekking

Mediamonitoring wat deur Newsclip uitgevoer is, het getoon dat daar altesaam 9 290 media-items – met 'n totale advertensie-ekwivalentwaarde van R263 415 047 – verskyn het en ontleed is. Hoewel dit effens minder is as in 2012, vergelyk die getal artikels steeds gunstig met vorige jare. Die meeste van die gunstige dekking was die gevolg van die NWU se navorsingprestasies, asook die groei in navorsingsuitsette op die kampusse en die deelname aan die Varsity-bekers vir rugby, sokker en netbal.

Die negatiewe publisiteit wat ontvang is, was as gevolg van artikels oor die beëindiging van die kontrak van die uitvoerende adviseur vir transformasie en diversiteitsbestuur, hernude dekking van die verdrinkingsvoorval op die Potchefstroomkampus in Januarie 2012 nadat die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding klaarblyklik vir 'n ondersoek deur die Valke gevra het, die skorsing van die ses werknemers van beskermingsdienste op die Potchefstroomkampus en verskeie kommentare deur die *Higher Education Transformation Network*.

► Uitdra van ons boodskap

Daar is ooreengekom dat alle nuusartikels, wanneer dit op kampusvlak versprei word, gelyktydig aan die Institusionele Kantoor deurgegee sal word. Dit het die Institusionele Kantoor in staat gestel om die verspreidingslys uit te brei en

potensiële dekking van stories te verbreed deur van ander platforms gebruik te maak. Ná die Potchefstroomkampus se ontwikkeling van 'n elektroniese nuuskamer op die universiteitswebwerf is soortgelyke nuuskamers vir die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus bekend gestel en het hulle teen April 2013 gefunksioneer.

'n Volgehoue styging is opgemerk in die getal artikels wat in gespesialiseerde publikasies gepubliseer is. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die drie kampusse wat proaktief stories van navorsers en akademici verskaf het, en ook die strategie om van vryskutjoernaliste en kommunikasiestudente gebruik te maak om met die skryf van stories behulpsaam te wees. Verder onderhandel McCann namens die NWU met nispublikasies wat as teikens geïdentifiseer is om die publikasie van die stories te verseker. Ná die implementering van die NWU-toepassing het die nuusvoorsiening vir die hoofnuusafdeling die verantwoordelikheid van hierdie afdeling geword, wat die nuus daaglik bywerk indien dit enigsins moontlik is. Op grond van syfers van Google Analytics, wat aangedui het dat hierdie spesifieke instrument een van die toepassingsitems met die meeste trefslae is, is die NWU-toepassing besig om homself as 'n doeltreffende kommunikasiehulpmiddel te bewys.

► Woordvoerders word gewaardeer

Vir die vierde jaar is die skemerkelkeleentheid vir die Woordvoerder van die Jaar gehou en is prysgeld van altesaam R60 000 toegeken. Die wenner van die toekennings is geïdentifiseer deur 'n verslag wat van Newsclip ontvang word en uitsluitlik gebaseer is op die getal kere wat 'n individu aangehaal of in die media genoem word.

Hierdie geleentheid is ook as 'n opleidingsessie gebruik om kundiges voor te berei vir die uitdagings wat hulle in die gesig staar wanneer hulle met die media kontak het, veral nuwe en sosiale media. Vir hierdie doel is mediaspesialiste genooi om die gehoor toe te spreek. Saam met Navorsingsondersteuning is 'n soortgelyke opleidingsessie vir navorsers op die kampusse aangebied.

► Borgskap erken uitnemende joernalistiek

Die NWU het weer die Nasionale Persklub se kompetisie vir die Joernalis van die Jaar en Redakteur van die Jaar geborg. 'n Netwerkgeleentheid is aangebied waar die visekanselier 'n oorsig van die suksesse en uitdagings van die NWU gegee het en dwingende sake in hoër onderwys in die geheel bespreek het. Hierdie borgskap skep positiewe blootstelling en verstewig verhoudings met individue en organisasies in die media.

► Korporatiewe publikasies

Korporatiewe publikasies is regdeur 2013 gebruik om die universiteit se handelsmerk te bevorder en sy strategiese sleutelboodsappe te verstewig. Die gedrukte vlagskippublikasies was:

- > Die 2012-jaarverslag vir belanghebbers, met die tema “dit begin alles hier”, wat in Engels en Afrikaans gepubliseer is, met bestuursopsommings in Afrikaans, Engels, Setswana en Sesotho. Hierdie weergawe van die 2012-jaarverslag is aangepas om dit in ooreenstemming met huidige tendense te bring en om oor te beweeg na geïntegreerde en volhoubare verslagdoening.
- > Twee uitgawes van die alumnipublikasie *NWU & U*, wat aan alle

- > konvokasieledende en die alumnikantore van die drie kampusse versprei is.
- > Die navorsingsjaarverslag, waarvan die beplanning en uitvoering deur Institusionele Bevordering hanteer is.

Om te verseker dat eksterne publikasies relevant bly vir die teikengehoore waarvoor hulle bedoel is, word hulle jaarliks ingeskrif in 'n kompetisie wat deur die SA Publication Forum aangebied word. Die NWU & U het 'n sertifikaat vir uitnemende skryfwerk ontvang, en was 'n finalis in die kategorie vir Beste Eksterne Tydskrif. Die terugvoer wat oor die korporatiewe profiel en die jaarverslag ontvang is, was ook veel meer positief as in vorige jare, met die jaarverslag wat 'n finalis in die kategorie vir Beste Publikasiebuiteblad en Beste Jaarverslag was.

Om 'n wyer gehoor te bereik en die NWU se koolstofvoetspoor as gevolg van drukwerk te verminder, is die jaarverslag, korporatiewe profiel en alumnipublikasies weer in 2013 digitaal beskikbaar gestel en op die universiteit se webwerf gepubliseer.

interne kommunikasie

Interne kommunikasie was in 2013 weer 'n prioriteit, as gevolg van die voortgesette proses van stroomlyning en belyning van aktiwiteite tussen die Institusionele Kantoor en die drie kampusse. Die hoofkanale van interne kommunikasie wat gedurende die jaar by die Institusionele Kantoor gebruik is, was:

- ▶ Sewe uitgawes van die interne personeelnuusbrieff *Eish!*
- ▶ Elektroniese media, soos die halfweeklikse @NWU elektroniese kennisgewing vir personeel, die visekanselier se maandelikse nuusbrieff, videostroomboodskappe vanaf die visekanselier en dringende en krisiskommunikasiebulletins.

By die SA Publication Forum-toekennings in September 2013 was die personeelnuusbrieff *Eish!* 'n finalis in die kategorie vir Beste Interne Nuusbrieff en het dit die tweede plek verower in die kategorie vir Publikasies met 'n Kleiner Begroting. Hierbenewens was die Redakteur: Korporatiewe Publikasies by die Institusionele Kantoor die Redakteur van die Jaar.

'n Nuwe intranetomgewing is op Drupal 6 geskep om die intranetontwikkelingsproses te akkommodeer. Om die herontwikkeling te fasiliteer is 'n gesentraliseerde bestuursproses in plek gestel om inhoud- en kwaliteitskontrole te verbeter. Die eerste konsepweergawe van die intranetriglyne is ook opgestel.

belanghebbersverhoudinge

Die NWU het voortgegaan om gesonde verhoudinge met verskillende belanghebbers, soos uiteengesit in die Institusionele Plan, te vestig en uit te bou.

- ▶ Die visekanselier het 12 netwerkdienees regdeur die land gehou, insluitende twee met die NWU se Raad van Donateurs. Hy het ook 19 ontbytvergadering met personeellede regdeur die NWU gehou.
- ▶ 'n Vergadering is weer tussen 'n NWU-afvaardiging en die Uitvoerende

Komitee van Korporatiewe Bestuur en Administrasie van die Provinsiale Regering Noordwes gehou om die provinsiale regering in te lig oor die strategiese prioriteite en huidige status van die universiteit.

- ▶ In 2013 is 'n nuwe rondte werkswinkels vir akademici en verteenwoordigers van die nywerheid gehou en is daar gefokus op hoe die bestaande bande tussen die werksplek en die universiteit verstewig kan word, en op hoe die NWU sy programme kan aanpas om in werksplekbehoefte te voorsien.

bestuur van ons handelsmerk

Ten die einde van die jaar het die universiteit die goedgekeurde en belynde handelsmerkstrategie en kreatiewe konsep ten volle geïmplementeer.

Om die universiteit se nuwe handelsmerkposisionering ("dit begin alles hier") sterk te vestig, het die NWU deur middel van 'n reklameveldtog met belanghebbers geskakel. Die veldtog was op vyf sleutelbelanghebbersgroepe gerig, naamlik die regering, die private sektor, alumni, personeel en studente. Die veldtog het bestaan uit radioreklame op *OFM*, *Lesedi FM* en *Motsweding Stereo* en gedrukte reklame met advertensies in die *Sunday Times*, *City Press* en *Rapport*, asook verskeie soortgelyke advertensies in gespecialiseerde media. Die NWU het ook deelgeneem aan 'n digitale veldtog met gebruik van webwerwe soos *City Press*, *LinkedIn*, *Sake 24* en *The New Age*.

Die eerste Alumnitoekennings van die NWU is gedurende 2013 aangebied, waarna 'n advertensie hieroor in die *Sunday Times*, *Rapport* en *City Press* geplaas is. As deel van 'n nasionale advertensiebordveldtog is twee advertensiebordde in Gauteng geplaas, en een elk in Bloemfontein, Kaapstad, Mafikeng, Potchefstroom en Vanderbijlpark. Die Beleid oor die Handelsmerkidentiteit en die Prosedures oor die Handelsmerkidentiteit is hersien en tesame met die Gelukbringersriglyne deur die Raad goedgekeur.

Die proses van hersiening en stroomlyning van die handleiding oor korporatiewe identiteit in samewerking met die kampusse is ver gevorder en sal gedurende die eerste deel van 2014 afgehandel word. 'n Geïntegreerde strategie om die 10e verjaarsdag van die NWU te herdenk en te vier, tesame met 'n 10-jaarlogo, is gefinaliseer. Die veldtog rondom die 10e verjaarsdag sal hoofsaaklik op die regering, alumni, studente, personeel, die sakewêreld en donateurs fokus. Die veldtog is gedurende Desember 2013 uitgerol en sal gedurende die hele 2014 by al vier sake-eenhede van die NWU voortgesit word.

ons gee om vir ons alumni

Die ongetwyfelde hoogtepunt van 2013 was die aanbidding van die NWU-alumnitoekenings op 6 September 2013. By hierdie spoggeleentheid het mnr FW de Klerk, voormalige Staatspresident, die toekenning vir lewenslange prestasie vir sy bydrae tot vrede en versoening ontvang. Die volgende alumni het erkenning vir hul bydraes op hul spesifieke gebiede ontvang:

- ▶ Regter Yvonne Mokgoro, voormalige Regter van die Konstitusionele Hof
- ▶ Regter Bess Nkabinde, Regter van die Konstitusionele Hof
- ▶ Dr Bismark Tyobeka, HUB van die Nasionale Kernreguleerder

- ▶ Prof TT Cloete, 'n bemaamde letterkundige
- ▶ Dr Johan van Zyl, president en uitvoerende hoof van Toyota SA
- ▶ Mnr De La Rey Venter, uitvoerende visepresident van *Shell Upstream International*
- ▶ Mnr Eric Bukasa Ntumba, korporatiewe bestuurder van die *Commercial Bank of the Congo*
- ▶ Prof Johann Coetzee, bedryfs- en konsulerende sielkundige
- ▶ Mnr Maans Pretorius, president van *Seadrift Coke*

Die NWU-alumnivereniging is in Februarie 2013 tot stand gebring om as die sentrale punt vir kampusse en hul alumni op te tree om met die NWU te skakel. Die oproepsentrum het voortgegaan om alumniprofile by te werk. 'n Praktiese databasis (*NWU Stakeholder Manager*) is van stapel gestuur, wat dit moontlik maak om alumnibydwerkings en kommunikasie te vereenvoudig en te outomatiseer. Teen die einde van 2013 het die databasis 19 554 bevestigde profile van alumni gehad. In Oktober 2013 is 'n alumnidinee in Londen gehou as 'n eerste stap om NWU-alumni in die Verenigde Koninkryk en Europa te heraktiveer.

institusionele bevordering

Goeie vordering is gemaak met die opstel van 'n geïntegreerde Institusionele Bevorderingstrategie vir alumniverhoudinge. 'n Finale besprekingsdokument oor Institusionele Bevordering is opgestel en sal die proses gedurende 2014 lei. Vir fondsinsameling het die NWU die strategiese besluit geneem om 'n hibriede model te volg. Die kampusse sal verantwoordelik wees vir fondsinsameling vir hul projekte, met steun deur die Institusionele Kantoor. Fondsinsamelings vir vlagskipprojekte sal deur die Institusionele Kantoor gedoen word, met die gewaardeerde betrokkenheid van die Noordwes-trust vir Hoër Onderwys (NWTRO).

'n Openbarevoordeeltrust sal die meganisme wees vir die ontvangs van alle filantropiese skenkings en sal ook 18A-belastingertifikate aan die skenkers uitreik. 'n Nuwe werksverhouding tussen die trust, die Ontwikkelingskantoor en die Alumniverhoudingekantoor sal verseker dat fondse wat ontvang word in die databasis vasgelê word. Die NWTRO sal beleggers lok en die fondse wat beskikbaar is vir kommersialiseringsdoeleindes gebruik.

Volgens die goeddunke van die trustees sal die NWTRO ook winste aan die openbarevoordeeltrust kan skenk vir verdere verspreiding aan die kampusse. Klub 1000 is gestaak en skenkings sal nou deur die nuut gestigte NWTRO ontvang word.

Internasionale befondsingsgeleenthede het in Oktober 2013 aandag geniet deurdat die Verenigde Koninkryk- (VK-) trust se direksievergadering in Londen bygewoon is. Hoewel die vooruitsigte op befondsing in die VK swak is, het die trustees waardevolle insette gelewer oor sekere dele van die Europese Unie waar befondsing moontlik verkry kan word. Daar sal oor die toekoms van die NWU se VK-trust oor besluit word wanneer die nuwe visekanselier in 2014 die VK besoek om hulle te ontmoet. Die Institusionele Kantoor het in 2013 twee vergaderings van die Raad van Donateurs gehuisves. Alle skenkers wat kwalifiseer om op die lys van donateure ingesluit te word, is genooi om die tweede vergadering by te

woon, wat op 30 Oktober gehou is en waar toe 'n nuwe Raad van Donateurs verkies is.

kampusse werk saam

Aan die begin van 2013 is Korporatiewe Sake en Verhoudinge herstruktureer en tot Institusionele Bevordering herdoop. 'n Handelsmerk-, Bemarkings-, Kommunikasie- en Bevorderingskomitee is tot stand gebring, wat die voormalige Elektroniese Kommunikasieforum en die Institusionele Komitee vir Korporatiewe Handelsmerkidentiteit en Identiteit vervang het. Die nuwe komitee bestaan uit die hoofde van die bemarkings- en kommunikasieafdelings regdeur die NWU. Die nuwe komitee hanteer interne konsultasie oor handelsmerk- en korporatiewe identiteitsaangeleenthede, soos die afhandeling van die nuwe handelsmerkstrategie en kreatiewe konsep. Daar was skakeling deur die deel van inligting, monitering van korporatiewe identiteitselemente, kommunikasie oor ontwikkelings en betrokkenheid by die bewusmakingsveldtog.

verklaring van selfevaluering van die visekanselier

Alle NWU-aktiwiteite in 2013 is op die Institusionele Plan gebaseer, wat 'n rollende driejaarplan is. Die Institusionele Plan maak die prestasie-ooreenkoms tussen die Raad en die visekanselier uit en word terselfdertyd op toepaslike wyse in die prestasie-ooreenkomste van bestuurders op alle vlakke binne die NWU toegepas. As visekanselier het ek my verantwoordelikhede ingevolge my prestasie-ooreenkoms nagekom. Die institusionele bestuur lê gereelde verslae aan die Raad voor, en aan die einde van die jaar is 'n evalueringssessie van my prestasie deur die voorsitter van die Raad en die voorsitter van die Finansiële Komitee bygewoon. Die notule van die vergadering het geboekstaaf dat daar tevreedenheid met my prestasie was.

slot

As ons oor die NWU se kernbesigheidsprestasie vanaf 2004 tot 2013 nadink, is dit duidelik dat die universiteit inderdaad 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit geword het, soos in sy missiestelling voorsien is. Implementering van kundigheid, die derde been van die universiteit se kernbesigheid, wat bestaan uit gemeenskapsverbintenisse en kommersialiseringsaktiwiteite, is ook verstewig.

My persoonlike reis saam met die NWU kom in 2014 tot 'n einde na 'n verhouding van 12 jaar, wat 'n voorreg en 'n eer was om te ervaar. Ek is baie verskuld – aan die universiteitsraad en institusionele bestuur vir hul vertroue en steun en aan die hele personeel vir hul sorgsaamheid en toewyding. Hierdie universiteit is in uitstekende hande.



DR T ELOFF
VISEKANSLIER

Verseker die vinnige vloei van inligting...

...deur topgehalte
IT-infrastruktuur

nuwe NWU-mobiele toepassing

Vanaf Augustus tot Desember
2013 het IT 49 000 besoeke deur
7 500 gebruikers aangeteken.



nuwe oplossing vir die NWU se videokonferensies

Sedert Connect@NWU in
gebruik geneem is, het
198 gashere 510 toegewese
vergaderlokale vir 'n totaal
van 4 767 ure gebruik.

...en deur ons stem
na die buitewêreld.

eksterne kommunikasieveldtog

735 863 lesers en 7 372 000 luisteraars
is bereik deur die gebruik van gedrukte en
digitale media, uithangborde en radio.

9 290 media-items oor die NWU

Van hierdie het 5 025 items in die
gedrukte media verskyn, 1 311 in die
uitsaaimedia en 2 954 in aanlynmedia.



\$65 000

Google-toekenning
vir leksikonontwikkeling
deur die navorsingsentiteit, MuST
VAALDRIEHOEKKAMPUS

postdoktorale genote
neem toe

2012	▶	2013
23		31
MAFIKENGKAMPUS		

26 000 studente

betrokke by oop afstandsleer op
enige gegewe tyd gedurende die jaar
POTCHEFSTROOMKAMPUS

40%

van totale kontakinskrywings =
wetenskap, ingenieurswese
en tegnologie (WIT)
POTCHEFSTROOMKAMPUS

R207 184m

spandeer aan infrastruktuur
op die drie NWU-kampusse

R2 miljoen-projek

Coachlab@Vaal = nuwe
nagraadse leierskapsprogram
VAALDRIEHOEKKAMPUS

225 studente woon 255 sessies
by die skryfsentrum by
MAFIKENGKAMPUS



ons kampusse

- 94 mafikengkampus
- 98 potchefstroomkampus
- 104 vaaldriehoekkampus

mafikengkampus

Groei in ons kernbesigheid en infrastruktuur het op die Mafikengkampus die norm geword. Hierdie groei word gekenmerk deur 'n lewendige akademiese kultuur onder personeellede sowel as die studente.

Baie kampusaktiwiteite lok eksterne belangegroepe vanuit alle lewensterreine en dele van die wêreld. In die strewe na uitmuntendheid het ons verhoudings gesmee met internasionale belangegroepe, en akademië en studente van verskillende universiteite soos Hanseo-universiteit in Suid-Korea, Hokkaido-universiteit in Japan, Mc Master-universiteit in Kanada en vele meer hier ontvang.

Vanjaar was die kampus se fokus op die Kweek van Eie Personeel (KVEP), wat meegebring het dat verskeie van ons personeellede vir nagraadse studie ingeskryf het en dat sommige van hulle hul meesters- en doktorsgrade behaal het.

prestasies ten opsigte van die kampusplan-doelstellings

Die Mafikengkampus het die teikens wat in die Kampusplan gestel is, oortref. Die kampus het ook gunstige media-aandag ontvang deur die talle positiewe aktiwiteite wat plaasgevind het, soos die toekenning van eredoktorsgrade en die Kanseliersmedalje.

Die akademiese kultuur het ook verbeter en vir die eerste keer het die kampus 'n konferensie van belanghebbende aangebied met die titel "Kampus in Dialoog met die Gemeenskap". Dit was 'n byeenkoms van personeellede, studente en lede van die gemeenskap wat betrokke is by ons gemeenskapsprojekte.

Alhoewel daar nog infrastruktuuragterstande is wat aandag vereis, bedank ons ons personeel vir hul toegewydheid en sien uit na 'n besondere 2014.

kampushoogtepunte

- ▶ Die Fakulteit Regte het die prestigegraad Doktor in die Regte, honoris causa, toegeken aan die Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika, Regter Mogoeng Mogoeng.
- ▶ Die kampus het die Kanseliersmedalje vir 2013 toegeken aan me Mmakgotha Grace "Meikie" Masuku ter erkenning van haar uitsonderlike

diens aan die Suid-Afrikaanse samelewing as beskermers van inheemse kennisstelsels.

- ▶ Regter Nadia Gutta van die Hooggeregshof van Noordwes in Mafikeng het die Fakulteit Regte besoek om die studente toe te spreek oor aktuele aangeleenthede, insluitend die noodsaaklikheid om vroulike regstudente, prokureurs en regters te bemagtig.
- ▶ Vooraanstaande sterrekundiges van verskillende universiteite van oor die wêreld het in November 2013 die vergadering van die Raad vir die Suider-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT-raadsvergadering) op die Mafikengkampus bygewoon.
- ▶ Gegradueerdes van die Mafikengkampus het goed gevaar in die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geotrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) se Aanvanklike Bevoegdheidstoets-eksamen (ABT-eksamen) wat in Januarie 2013 afgelê is. Twaalf gegradueerdes van die Mafikengkampus het die eksamen geskryf en 11 het geslaag.
- ▶ Prof Nicolene Barkhuizen van die Fakulteit Handel en Administrasie was 'n finalis vir die 'DHL Rising Star'-toekennings. Hierdie kompetisie is 'n platform waarop erkenning verleen word aan jong leiers (onder die ouderdom van 40 jaar).

studente-inskrywingsyfer vir 2013

Voorgaadse studente	8 981
Geleentheidstudente	19
Honneursstudente	491
Nagraadse diploma-/sertifikaatstudente	327
Meesterstudente	655
Doktorale studente	240
Totaal	10 713

samestelling van voorgaadse studente in 2013

Nuweling- voorgaadse studente	Kontak	2 290
	Afstand	92
Seniors	Kontak	7 178
	Afstand	1 153

diplomas en grade in 2013 toegeken

Sertifikate en diplomas	721
Baccalaureusgrade	1 296
Honneursgrade	277
Meestersgrade (insluitende MBA)	145
Doktorsgrade	14
Totaal	2 453

gegradueerdes per fakulteit in 2013

Die tabel hier onder toon die getal gegradueerdes per fakulteit.

Fakulteit Handel en Administrasie	631
Fakulteit Onderwys en Opleiding	746
Fakulteit Regte	113
Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe	497
Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie	466
Totaal	2 453

uitvalsyfers

Die tabel hier onder vergelyk die uitvalsyfers vir nuweling- voorgraadse studente in die tydperk 2007 tot 2013.

2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
15%	14%	11%	14%	13%	14%	20%

onderrig-leer-aktiwiteite

Die Mafikengkampus streef daarna om 'n instaatstellende akademiese omgewing te skep waarin studente hul potensiaal kan ontdek en personeellede lonende loopbane kan bou.

► Kwaliteitsversekering

Interne en eksterne evaluering is op verskeie programme uitgevoer. Dit het gepaard gegaan met kampusbesoeke deur die betrokke professionele liggame. Nadere besonderhede oor die evaluering wat in 2013 uitgevoer is, kan verkry word in die Senaatsverslag op p 46.

► Ontwikkeling van akademiese personeel

Altesaam 35 dosente het die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) bygewoon. Hulle is bekendgestel aan onderwerpe soos die gebruik van die eFundi-leerbestuurstelsel, die manier waarop 'n interaktiewe studiegid opgestel word, die aanwending van skryf as 'n proses in die klaskamer, en assessering- en onderrigstrategieë.

Vyftien dosente het die Institusionele Toekenning vir Onderriguitmuntendheid (ITOU) ontvang. Hierdie toekenning is 'n meganisme waardeur erkenning verleen word en waardeur dosente aangemoedig word om hul onderrig-vaardighede te ontwikkel.

Rapport-Topdosenttoekennings vir die NWU se mees inspirerende dosente is aan vier fakulteitsweners oorhandig. Elke een het 'n kontantprys van R50 000 ontvang.

► Ondersteuning van ons studente

- > Al vyf fakulteite het gedurende die jaar van Aanvullende Onderrig (SI) gebruik gemaak, hoofsaaklik om studente in risikomodules maar ook in sommige modules met slaagsyfers hoër as 50% by te staan. Data versamel vir die impakstudie in SI het 'n verbetering getoon in die grade van deelnemende studente. Nadere besonderhede oor SI by die Mafikengkampus verskyn in die verslag van die Senaat, p 47.
- > Studente aangestel as assistente by die Studentesentrum vir Akademiese Ontwikkeling het opleiding ontvang oor die programme en vaardighede wat aangebied word by die leeslaboratorium en die skryfsentrum. In 2013 het altesaam 225 studente 255 sessies by die skryfsentrum bygewoon.
- > Die eFundi-leerbestuurstelsel het 'n platform gebied vir die bestuur van groot klasse, die verspreiding van hulpbronne en die deel van studiemateriaal. Gedurende 2013 is vier kursuslokale ingerig, wat die totale getal eFundi-lokale op die Mafikengkampus op 968 te staan bring. Die eFundi-hulplessenaar is met welslae geopen en studentassistente is daarvoor aangestel. Hulle het klasse oor eFundi-oriëntering en oor Klickers, 'n program vir nuwelingrekenaargebruikers, aangebied.
- > Die Chatroom-tuiste op eFundi is gebruik om kommunikasie en samewerking tussen studente en fasiliteerders te bevorder. Studente het die boodskapinstrument gebruik vir hul wisselwerking met die fasiliteerders en om werkopdragte in te dien.
- > Studente wat vir die Universiteitsvoorbereidingsprogram (UniPrep) ingeskryf het, het eindgebruikeropleiding ontvang in die basiese vaardighede wat nodig is om te werk binne die Microsoft Office 2010- en NWU-omgewing.
- > 'n Loodsmentorskapprogram het vir eerstejaarstudente 'n ondersteunende omgewing gebied met die oog op 'n gladde oorgang van hoërskool na universiteit, sowel akademies as sosiaal. Portuurgroepmentors het 222 eerstejaarstudente gewerf wat ingeskryf is vir uitgebreide programme in die fakulteite Handel en Administrasie en Landbou, Wetenskap en Tegnologie.

navorsingsaktiwiteite

Die afgelope paar jaar het die Mafikengkampus sy navorsingsuitset stelselmatig verhoog en die navorsingsvaardighede van akademici en nagraadse studente verbeter.

► Navorsingsteun

In 2013 het ons 14 kapasiteitsbouwerkssessies oor navorsing aangebied. Altesaam 143 dosente het hierdie werkssessies in die eerste semester bygewoon. Die navorsings- en onderrig-leerinfrastruktuur van die kampus het gedurende 2013 aansienlik verbeter. Die departemente Biologiese Wetenskappe en Chemie het hipermoderne laboratoriumtoerusting ontvang, en die Anatomie- en Fisiologielaboratoriums by die Skool vir Landbouwetenskappe is amptelik in gebruik geneem. 'n Toekenning is ontvang vir fase twee van die Lewenswetenskappe-gebou, die Biologiese Wetenskappe-gebou en die Verpleegkunde-gebou.

► Navorsingsuitsette

Die tabel hier onder toon die navorsingsuitsette van die kampus vir 2013.

Geakkrediteerde vaktydskrifte	Konferensieverrigtinge	Boeke/hoofstukke
280,95	30,8	0,44

► Postdoktorale genote

Die getal postdoktorale genote het toegeneem van 23 in 2012 tot 31 in 2013, soos aangetoon in die tabel hier onder.

2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
1	2	3	6	14	23	31

► NNS-gegradeerde navorsers

Die tabel hier onder bied besonderhede oor gegradeerde navorsers per kategorie.

Kategorie	2009	2010	2011	2012	2013
B			1	1	1
C	1	2	6	10	16
L	1	1	1	0	0
Y	1	1	1	2	2

► Navorsingsentiteite

Ten 31 Desember 2013 het die Mafikengkampus drie navorsingsentiteite gehad. Hulle is twee nisareas, Voedselsekureit en -veiligheid in die Noordwes-Provinsie en Bevolking en Gesondheid, asook die fokusarea Materiaalwetenskapinnovasie en -modellering (*MaSIM*).

implementering van kundigheid

Dit is die derde been van die universiteit se kernbesigheid en bestaan uit kommersieel gedrewe aktiwiteite en gemeenskapsbetrokkenheidsinisiatiewe. Die meeste van die kommersieel georiënteerde werk wat in 2013 gedoen is, was in die vorm van kort leerprogramme op terreine soos rekenaarvaardigheid, projekbestuur en aanbodkettingbestuur.

In 'n belangrike gemeenskapsopleidingsinisiatief het die Departement Inligtingstelsels in die Fakulteit Handel en Administrasie kragte saamgesnoer met die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) om 'n opleidingsprogram oor kuberveiligheidsbewusmaking aan te bied. Die opleiding het veiligheidsverwante aangeleenthede soos sagtewaresekerheid, kwaadwillige sagteware, teenmaatreëls, databasis- en lêersekerheid, veilige verkenning en kuberafknouery behels.

Daar is van studente wat dit bygewoon het verwag dat hulle op hul beurt opvoeders by skole in en om Mafikeng sou oplei. Die onderwysers sou dan

skoolkinders by deelnemende skole oplei. Die fakulteite Regte, Geestes- en Sosiale Wetenskappe en Landbou, Wetenskap en Tegnologie was veral aktief op die gebied van gemeenskapsbetrokkenheid.

► Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie

Die Madibogo-waternanofiltrasieprojek by Batlhaping Primêre Skool het daaglik drinkbare water verskaf aan 1 000 leerders en hul opvoeders. In sy werk met opkomende boere het die Sentrum vir Diergesondheidstudies bygedra tot beter veeversorging en verhoging van waarde en die Nguni-beesprogram het voortgegaan om aan opkomende boere bystand te verleen met die opbou van kuddes inheemse Nguni-beeste.

Ander belangrike gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte is die dierehospitaal, die diere-ambulansdiens, die Wetenskapsentrum en die Boeremark, 'n vennootskap tussen die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mega City en die provinsiale Departement van Landbou.

► Fakulteit Regte

Die Sentrum vir Gemeenskapsreg was weer eens op die voorpunt om regshulp en toegang tot die reg te verleen aan individue en gemeenskappe in nood. Hierdie aktiwiteite het besoeke ingesluit aan pararegsadvieskantore, 'n gemeenskapswerksessie op Lichtenburg, besoeke aan twee skole in die omgewing van Mafikeng om werksessies vir 371 leerders aan te bied, en onderhoude en programme op plaaslike radiostasies.

► Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe

In hierdie fakulteit het verskeie departemente broodnodige bemagtigings- en beradingsdienste vir gemeenskappe aangebied. Die Teologieprogram was betrokke by 'n vaardigheidontwikkelingsprojek by Rooigrond-gevangenis, die Departement Maatskaplike Werk het 'n boomplantprojek vir skole onderneem, die Sielkundedepartement het sielkundige konsultasiedienste verskaf aan kanker pasiënte en hul gesinne wat betrokke was by die Kankervereniging van Suid-Afrika, en die Ipelegeng-kinder- en -gesinsentrum het sielkundige konsultasiedienste verskaf aan studente en pasiënte uit die gemeenskap.

bemarking en werwing

Die Bemarkingsdepartement het studente gewerf by altesaam 74 skole in agt provinsies in Suid-Afrika en 14 skole in Namibië, 10 in Swaziland en 11 in Lesotho.

Alles in ag genome is 16 individuele en groepkampustoere onderneem om voornemende studente 'n eerstehandse blik op die kampus te bied. Daarbenewens het ongeveer 10 000 graad 12-leerders 'n oop week in die vorm van 'n uitstalling bygewoon. Die kampus het ook die uiters geslaagde Ikateleng-projek voortgesit deur vir leerders in graad 10 tot 12 ekstra klasse in verskillende vakke aan te bied. In 2013 was daar 340 deelnemers aan die program. Gedurende die vakansie in Junie en Julie is 'n winterskool op die kampus aangebied vir 1 000 graad 12-leerders.

Vir die jaar is 175 verslae oor die kampus se prestasies in die gedrukte media gepubliseer en 56 verslae is uitgesaai. Altesaam 25 advertensies is in plaaslike koerante geplaas. Daarbenewens het die kampus-Facebook-blad 12 700 'likes' ontvang en het die kampusradiostasie wat 24 uur per dag uitsaai, meer as 70 000 luisteraars gehad.

Die kampus het 'n vol program van gebeure, funksies en projekte aangebied wat wissel van die winter- en lentegradeplegtighede tot langdienstoekenings vir personeellede, sportkompetisies, akademiese en ope dae, en intreeredses.

studentesake op die kampus

► Studentebestuur

Na die verkiesing van die Kampus- Verteenwoordigende Studenteraad (KVSr) het die studente leierskapwerksessies bygewoon om hulle voor te berei vir die bestuur van studenteaangeleenthede. KVSr-aktiwiteite het gedurende 2013 Afrikamaand ingesluit, waartydens die verskillende Afrika-kulture en tale, asook die kroning van Mnr en Mej NWU-Mafikeng gevier is. Ander aktiwiteite was 'n interfakultêre debat, voor-eksamensport, die eerstejaarsbal, Valentynsvieringe en koshuissportdae.

► Oriënteringsprogram vir eerstejaars

Die oriënteringsprogram fasiliteer die akademiese, sport-, kulturele en sosiale aanpassing van eerstejaarstudente. Programaktiwiteite was daarop gemik om 'n lewendige studente te bevorder, uitmuntendheid in leer en onderrig te ontwikkel, en studente uit uiteenlopende kulturele en maatskaplike agtergronde tot sosiale deelname aan te spoor. Die oriënteringsprogram het begin met die ouervergadering, waar ouers van studente ingelig is oor alle aspekte van die universiteitslewe. Studente is daarna toegelaat om te registreer en deel te neem aan akademiese, ontspannings- en sportaktiwiteite, fakulteitsaanbiedings, kulturele programme en 'n interdenominasionele kerkdiens. Die studentesteundenspersoneel en KVSr het eienaarskap aanvaar van die oriënteringsprogram en seker gemaak dat dit professioneel en doeltreffend geadministreer word.

► Welstand en berading

Die Gesondheidsentrum het toegesien dat alle studente wat sielkundige behandeling nodig gehad het, die nodige ondersteuning ontvang deur samewerking met die Mafikeng Provinsiale Hospitaal. Altesaam 95% van die verwysde gevalle is opgelos. Ander gesondheidsorgmylpale was die opgradering van die mediese nooddiens tot 'n volwaardige ambulansdiens en die ondertekening van 'n diensooreenkoms met die Aurum-instituut om manlike besnydenis medies uit te voer. Die kampuskliniek is vir hierdie doel opgegradeer. Die sentrum het byna maandeliks veldtogte onderneem om te fokus op verskillende aspekte van studentegesondheid en -welstand. Dit het ingesluit die bemaking van mediese manlike besnydenis en kondoomgebruik, asook die immunisering van 60 werknemers teen griep. Die Gesondheidsentrum en die MIV/Vigs-kantoor het 'n referaat gelewer by die MIV/Vigs-gedenkdienste wat op die kampus gehou is, en 42 studente het sertifikate ontvang na bywoning

van 'n eendag-noodhulpwerksessie. In Junie is 60 manlike werknemers vir prostaatkanker getoets, en 40 sokkerstudente het roetine- mediese ondersoek ondergaan. Nog 60 studente van Dieregesondheid is geïmmuniseer teen tetanus en hondsdoelheid. Tydens 'n uitbreking van griep het die Gesondheidsentrum sowat 10 kliënte per dag behandel. Kankerbewusmaking was 'n gesondheidshoogtepunt in Oktober, en in November het die Gesondheidsentrum Wêreldvigsdag gevier deur die uitdeel van rooi lintjies en sleutelringe onder personeellede en studente.

► Kulturele aktiwiteite en prestasies

Die Kultuurkantoor het hulp verleen met die bestuur van kulturele aktiwiteite soos die kampuskoor, dansgeleenthede, die platejoggievereniging, Jool en drama- en poësieoptredes. Die kampus se kulturele klubs en groepe het deelgeneem aan kompetisies soos die Ishashalazi-fees, waar die Dramavereniging die vierde plek behaal het, en die Sedibeng-koorkompetisie, waar die koor tweede geplaas is. Die koor het die streek ook by die Nasionale Koorfees verteenwoordig. Die dansklub het die universiteit vir die eerste keer by die Universiteitsport Suid-Afrika- (USSA-) danssportkompetisie verteenwoordig en het agt medaljes daar verower.

► Sportaktiwiteite en prestasies

In 2013 is 25 studente gekies om die provinsie in veldwedlope (nege studente), sagtebal (nege), tafeltennis (drie), liggaamsbou (drie) en voetbal (een) te verteenwoordig. Daar was ook nasionale verteenwoordiging in jujitsu en netbal, en keurings deur USSA vir pluimbal en sagtebal. By die USSA-toernooie gedurende die jaar het studente twee goue medaljes, 11 silwer medaljes en nege bronsmedaljes verower. Die Sokkerinstituut het deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging (SASV) se tweede afdeling waar die instituut se span die tweede plek behaal het. In 2013 het die Sokkerinstituut twee spelers oorgeplaas na Premier-sokkerligaklubs. Banele Ndlovu is oorgeplaas na Bloemfontein Celtics-voetbalklub en Thabo Mnyamane na die Universiteit van Pretoria se voetbalklub. Daarbenewens het die instituut skoolklinieke en uitreikprogramme, afrigtingswerksessies en skeidsregterkursusse aangebied.

slot

Dit gaan goed met die Mafikengkampus. Sedert 2004 het die kampus ontwikkel tot 'n bedrywige, produktiewe sentrum vir kennisgenerering. In 'n toenemende mate lok die kampus studente en personeellede van buite die onmiddellike grense van Mafikeng, terwyl hy steeds getrou bly aan sy wortels binne plaaslike gemeenskappe. Personeellede en studente voer hul onderskeie dagtake uit met 'n klaarblykbare gevoel van doelgerigtheid en trots. Die Mafikengkampus is besig om sy regmatige plek in te neem, nie net binne die NWU nie, maar ook binne die breër navorsings- en onderrig-leergemeenskap van Suider-Afrika.


PROF ND KWADI
KAMPUSREKTOR: MAFIKENG

potchefstroomkampus

Die Potchefstroomkampus het weereens sy vermoë getoon om aanspreeklik, effektief en behoorlik bestuur te wees, terwyl hy steeds innoverend en kliëntgerig is. In 2013 het kontakinskrywings in wetenskap, ingenieurswese en tegnologie (WIT) net meer as 40% van alle kontakinskrywings uitgemaak. Dit is 'n positiewe teken dat die poging om die getal WIT-inskrywings te verhoog, besig is om vrugte af te werp. Net so was die kampus se getal nagraadse inskrywings hoër as in 2012, naamlik 26,3% van die kontakinskrywings en 24,4% van die afstandinskrywings.

Slaagsyfers het tred gehou met die toename in studentegetalle. Die slaagsyfer onder eerstejaarstudente het op 83,4% te staan gekom, terwyl die algehele voorgraadse slaagsyfer 85,1% was. Wat navorsing betref, het die kampus 'n beduidende toename in uitset aangeteken deurdat die 643,48 van die vorige jaar gestyg het tot 766,53 in 2013. Hierdie toename is in ooreenstemming met die strategiese doelstelling om 'n navorsingsgerigte kampus te word waar onderrig-leer en navorsing onderling versterkend werk.

Met die toepassing van sy kundigheid tot voordeel van die samelewing het die kampus talle suksesse beleef. Daar was onder andere die opening van Afrika se eerste superkritieke vloeistofekstraheringslaboratorium en toetsaanleg, en die totstandbrenging van 'n sentrum waar tegniese aptekersassistenten en -tegnici opgelei sal word op versoek van die Suid-Afrikaanse Aptekersraad. Vir hierdie suksesse, asook die talle ander wat in 2013 aangeteken is, is die Potchefstroomkampus dankbaar teenoor sy diensverskaffingsvennote, personeel en studente vir die spangees en samewerking wat deur die jaar aanwesig was.

prestasies ten opsigte van die kampusplan-doelstellings

'n Effektiewe prestasiebestuurstelsel en jaarlikse evalueringsproses het verseker dat die strategieë, prioriteite en doelwitte in die Kampusplan gedurende 2013 bereik is. Die Potchefstroomkampus het daarna gestreef om die samewerking met die twee susterkampusse te versterk en uit te bou, om eksterne betrekkinge met nasionale, provinsiale en plaaslike regering en die sakesektor te verbeter, om burokratiese rompslomp te verminder en om te fokus op 'n humanitêre kampuswaardestelsel.

kampushoogtepunte

- ▶ Prof Alta Schutte, direkteur van die 'Hipertensie in Afrika'-navorsingspan (HART), het die Nasionale AU TWAS-toekenning aan jong wetenskaplikes vir lewens- en aardwetenskappe ontvang.
- ▶ Dr Attie Jonker van die Skool vir Meganiese en Kerningenieurswese het 'n NSTF-BHP Billiton-toekenning ontvang vir sy uitmuntende bydrae tot wetenskaps-, ingenieurswese- en tegnologie-institute deur middel van navorsing wat lei tot innovasie in klein, medium of mikro-ondernemings.
- ▶ 'n A1-gradering, die hoogste eer wat 'n navorser van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) kan ontvang vir sy werk, is weer eens toegeken aan prof Marius Potgieter van die vakgroep Fisika binne die Fakulteit Natuurwetenskappe.
- ▶ Prof André Duvenhage, direkteur van die Navorsingsfokusarea: Sosiale Transformasie en professor in Politieke Studie, is benoem as NWU-woordvoerder van die Jaar.
- ▶ Prof Michael Welker van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Heidelberg in Duitsland is vereer met 'n eredoktorsgraad.
- ▶ 'n SA Akademiese Toekenning van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) is toegeken aan prof Hein Viljoen vir die uitmuntendheid van twee artikels wat hy in geakkrediteerde vaktydskrifte gepubliseer het.
- ▶ Aan mnr Ruan Spies van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe is 'n gesogte doktorale beurs van die Vrije Universiteit van Amsterdam in Nederland toegeken vir sy baanbrekersnavorsing oor MIV-verwante psigose by moeders.
- ▶ 'n Russiese maatskappy, Rusatom Overseas, het 'n memorandum van verstandhouding met die Potchefstroomkampus onderteken. Deur die kampus is die NWU die enigste tersiêre onderwysinstelling in Suid-Afrika wat nagraadse grade in kerningenieurswese aanbied.
- ▶ Die NWU en die Italiaanse Nasionale Instituut vir Astrofisika (INAF) het 'n samewerkingsooreenkoms onderteken wat nuwe geleenthede bied vir navorsing oor astronomie.
- ▶ Die kampus het die 15de gedenkdag gevier van die uitvinding van ekstrusietegnologie, wat tans beskou word as tegnologie wat kan meeding met die beste in die wêreld.
- ▶ Die kampus het die eerste biodieselaanleg aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit geopen. Die aanleg sit gebruikte kookolie om in biodiesel.
- ▶ Die kampus en die Departement van Handel en Nywerheid het amptelik 'n superkritieke vloeistofekstraheringslaboratorium en proefaanleg, 'n eerste

vir Afrika, geopen. Hierdie groen tegnologie word gebruik om vlugtige olies, geurmiddels en ander verbindings wat in die kosmetiek-, voedsel- en medisyne-ekstraheringsbedryf gebruik word, veilig te ekstraheer.

- Prof Henk Bouwman, 'n dierkundige aan die Skool vir Omgewingswetenskappe en -ontwikkeling, het gehelp om 'n internasionale fokus te plaas op mariene afval in die Indiese Oseaan wat op die strande van die St Brenon-eilande uitspoel. Die besoedelingsprobleem het aandag ontvang nadat prof Bouwman en sy medespanlede die eilande besoek het om vas te stel of enige besoedeling in voëleiers gemeet kon word.
- Prof Henk Bouwman en prof Hannalene du Plessis van die Skool vir Biologiese Wetenskappe het saamgewerk aan 'n artikel oor die ekologiese en ekonomiese invloede wat die slagting van tussen 120 000 en 140 000 Oosterse Amoervalke in Indië op Suid-Afrika kan hê.
- Die Sentrum vir Bestuur het sy deure geopen en bygedra tot die ontwikkeling van volhoubare munisipaliteite deur opleiding op plaaslike-, provinsiale- en nasionaleregeringsvlak.

studente-inskrywingsyfer vir 2013

Voorgaadse studente	32 566
Geleentheidstudente	129
Honneursstudente	6 723
Nagraadse diploma-/sertifikaatstudente	1 492
Meesterstudente	2 020
Doktorale studente	820
Totaal	43 750

samestelling van voorgaadse studente in 2013

Nuweling- voorgaadse studente	Kontak	3 827
	Afstand	1 112
Seniors	Kontak	16 459
	Afstand	22 352

diplomas en grade in 2013 toegeken

Sertifikaat en diplomas	5 478
Baccalaureusgrade	3 395
Honneursgrade	1 915
Meestersgrade (insluitende MBA)	582
Doktorsgrade	131
Totaal	11 501

gegradueerdes per fakulteit in 2013

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	335
Fakulteit Regte	306
Fakulteit Natuurwetenskappe	636
Fakulteit Teologie	160
Fakulteit Opvoedingswetenskappe	6 489
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1 492
Fakulteit Ingenieurswese	287
Fakulteit Gesondheidswetenskappe	1 796
Totaal	11 501

uitvalsyfers

Die tabel hier onder vergelyk die uitvalsyfers vir nuweling- voorgaadse studente in die tydperk 2007 tot 2013.

2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
10%	11%	11%	11%	9%	10%	10%

onderrig-leer-aktiwiteite

Die kampus het aktief deelgeneem aan die ontwikkeling van 'n Strategiese Raamwerk vir Onderrig en Leer vir die NWU, met 'n sterk fokus op 'n Onderrig-en-leertegnologie-raamwerk. Ondersteuning vir personeellede en studente in die gebruik van tegnologie is verskaf deur 'n taakspan wat vir hierdie doel saamgestel is. Die gebruik van elektroniese studiegids is ondersoek en planne is in werking gestel om dosente behulpsaam te wees in die ontwikkelings- en implementeringsfases. Studiegids wat op papier gedruk is, word steeds beskikbaar gestel en gedurende 2013 is altesaam 3 914 saamgestel, gedruk en op die kampus versprei.

► Kwaliteitsversekering

'n Aantal programme het eksterne progamevaluering ondergaan. Twee programme in die Fakulteit Teologie, twee in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe en een belynde program in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het interne evaluering ondergaan. Nadere besonderhede kan verkry word in die verslag van die Senaat, p 46.

► Ontwikkeling van ons personeel

Akademiese Steundienste het personeel opgelei in onderwerpe wat te maak het met die verbetering van onderrig- en leerpraktyke. Dit het behels programme oor assessering en moderering, vlakbeskrywers, innoverende assessering in hoër onderwys, grootgroep-intervensies, elektroniese assessering in eFundi,

interaktiewe studiegids, die Omgekeerde Klaskamer, onderrigstrategieë en eFundi-opleiding. Daarbenewens het 53 pas aangestelde akademiese personeellede die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente bygewoon. In 2013 is die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) toegeken aan 31 dosente. Die fakulteit wat die beste verteenwoordig was, was Lettere en Wysbegeerte waar 10 personeellede hierdie toekennings ontvang het. Die *Rapport*-Topdosenttoekennings vir die inspirerendste dosente is oorhandig aan een personeellid in elke fakulteit. Hulle het by 'n gala-geleentheid teen die einde van 2013 elkeen 'n kontantprys van R50 000 ontvang. Beurse vir projekte in die Vakkundigheid van Onderrig en Leer (VOL) is beskikbaar gestel aan 17 personeellede ter ondersteuning van navorsing oor die praktyk van onderrig en leer.

► Ondersteuning van ons studente

- > Ondersteuning van studente met onderrig en leer het bestaan uit lees- en skryflaboratoriums, studieleierskap en mentorskap in fakulteite deur nagraadse studente. Ons het ook 6 413 sessies gehou as deel van die goed gevestigde stelsel van Aanvullende Onderrig ("SI").
- > Alle eerstejaarstudente het die TAG/TALL-toetse afgelaë waarvan die resultate aangewend is om studente te identifiseer vir wie dit nodig sou wees om deel te neem aan bykomende ondersteuning met lees en skryf en wat verpligte akademiese geletterdheid-modules moes bywoon.
- > Studente se akademiese sukses is gemoniteer deur die module-slaagsyfer, asook ander aanwysers soos die graadvoltooiingskoers en die eerstejaaruitsyfer.
- > Die Departement Akademiese Steundienste het die multimedia-toerusting in lesingsale en seminaarkamers in stand gehou. Bykomend tot die voorsiening wat in die begroting hiervoor gemaak is, is nog R250 000 van die Institusionele Kantoor ontvang.

► Eenheid vir Oop Afstandslær (EOAL)

Omdat die EOAL in 2013 ten volle operasioneel was, is 'n aantal programme ontwikkel in ander fakulteite as dié wat alreeds betrokke was by oop afstandslær. Die fakulteite wat alreeds betrokke was, was die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, die Fakulteit Teologie en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe (Skool vir Verpleegkunde). Onder die nuut ontwikkelde programme was daar een oor Polisiëring in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en 'n program oor Besigheidsadministrasie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Die totale getal studente wat deur die fakulteite en die eenheid bedien is, het te staan gekom op ongeveer 26 000 op enige gegewe tyd gedurende die jaar, aangesien 'n oop sisteem vir inskrywing en assessering bestaan. Die meeste studente was ingeskryf vir voorgraadse sertifikate en diplomas, of voorgraadse diplomas en honneursgrade in opvoedingswetenskappe.

navorsingsaktiwiteite

Gedurende 2013 het die Potchefstroomkampus gefokus op die verfyning van strategiese planne binne die fakulteite om die kritieke aspekte te identifiseer wat nodig is om tot 'n ten volle navorsingsgerigte kampus te ontwikkel. 'n Kampuspaneelbord het vordering gereeld geëvalueer teen die mikpunte en doelwitte wat in die Kampusplan gestel is. Die aksiestap in die plan is dan

regstreeks gekoppel aan die prestasieooreenkomste van kampusbestuur, asook van skool- en navorsingsdirekteure in die fakulteite.

► Navorsingsondersteuning

Toegang tot navorsingsondersteuning en -netwerke is een van die voordele van die bou aan 'n internasionale profiel. Die Internasionale Kantoor op die Potchefstroomkampus het in 2013 indrukwekkende vordering getoon met die verwesenliking van die doelwitte ten opsigte van internasionalisering. Daar was 'n toename in sowel inkomende as uitgaande akademiese beweeglikheid, wat 'n aanduiding was van oorgloedige vakkundige en praktiese skakeling met navorsers en die akademiese gemeenskap wêreldwyd. Die beoogde Navorsingsruimte in die Ferdinand Postma-biblioteek op die kampus het in 2013 voltooiing genader en sal in Januarie 2014 afgerond word. 'n Vleuel spesifiek vir honneursstudente is bygevoeg om te help om hierdie studente vertrouwd te maak met navorsingsprosesse. Die institusionele bewaarplek is 130 529 keer gedurende 2013 besoek en teen Julie 2013 was hy negende uit 22 in Suid-Afrika. Navorsers kan toegang verkry tot 'n toenemende getal aanlynbronne. Tans is die biblioteekdiens ingeteken op 89 elektroniese databasisse. 'n Bykomende 3 265 elektroniese boektitels is by die versameling gevoeg. Elke titel is geïndekseer met vaktydskrifartikels en is dus hervindbaar op hoofstukvlak in die resultatels van 'n inligtingsoektog.

► Navorsingsuitsette

Die tabel hieronder toon die navorsingsuitsette van die kampus vir 2013.

Geakkrediteerde vaktydskrifte	Konferensieverrigtinge	Boeke/hoofstukke
666,57	63,64	36,32

► Postdoktorale genote

Die getal postdoktorale genote het toegeneem van 87 in 2012 tot 103 in 2013.

2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
32	35	42	58	66	87	103

► NNS-gegradeerde navorsers

Sedert 2010 het die kampus navorsingsverlof befonds en toegestaan aan akademiese personeel wat hulle voorberei om aansoek te doen om 'n NNS-gradering. Hierdie inisiatief het uitstekende resultate opgelewer: 21 nuut gegradeerde navorsers was in 2013 suksesvol in hul aansoeke om gradering. Die tabel hieronder bied besonderhede oor gegradeerde navorsers per kategorie soos teen 31 Desember 2013.

Kategorie	2009	2010	2011	2012	2013
A	2	2	2	2	3
B	12	11	13	15	14
C	70	70	74	79	96
L	3	3	2	2	2
P	1	1	0	1	2
Y	20	20	16	17	21

► Navorsingsentiteite

Die Raad het in 2013 twee nuwe navorsingsentiteite vir die kampus goedgekeur. Dit was die navorsingsnisarea Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdisiplinêre en Praktykgeleide Navorsing in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, en die fokusarea Selfgerigte Leer en Tegnologie-verbeterde Leer (SGL en TVL) in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe.

Gedurende 2013 het 'n eksterne paneel ses navorsingsentiteite geëvalueer. Daarbenewens het die NNS die Assosiaatnavorsingsleerstool in Biobrandstowwe geëvalueer. By al die evaluerings het die eksterne paneel die sterk punte uitgelig, soos die entiteite se goeie leierskap, 'n groeiende navorsingskultuur en toenemende navorsingsuitsette wat betref kwaliteit en kwantiteit op sowel nasionale as internasionale vlak. Aanbevelings ten opsigte van areas waarop verbetering moontlik is, is ook geïdentifiseer en sal aandag geniet as deel van die strategiese beplanning van die onderskeie navorsingsentiteite. Die lys navorsingsentiteite op die Potchefstroomkampus soos op 31 Desember 2013 verskyn in die Senaatsverslag, p 52.

implementering van kundigheid

Die Potchefstroomkampus het in 2013 'n direkteur vir die Kommersialiseringssteunkantoor aangestel. In samewerking met die Institusionele Kantoor het dié kantoor 'n nuwe aansporingstruktuur ontwerp. Die fokus is op eksterne befondsing vir bykomende kommersialiseringssteun en interkampus-inisiatiewe soos 'n platinum-innoveringsvoorstel.

Die kantoor het hulp verleen met die ontwerp en inisiëring van grootskaalse nuwe programme, insluitend akwakultuur, feroïedtegnologie en TB-diagnostiek. Die kantoor het ook 'n aantal akademië geadviseer oor deurlopende kommersialiseringsgeleenthede, en het aktief gesoek na verdere konsultasiediensgeleenthede, veral waar die kampus sy impak sou kon vergroot deur ekonomiese ontwikkeling.

Die kampus speel 'n sentrale rol in die universiteit se pogings om die gemeenskapsbetrokkenheidsbeleid te heroorweeg en te finaliseer en werkbare gemeenskapsbetrokkenheidsstrukture te ontwikkel. In Junie 2013 het die kampus 'n gemeenskapsbetrokkenheidskonferensie aangebied vir bestuurders en akademië van al drie kampusse. Onder die sprekers was daar kundiges van die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van die Vrystaat, die Universiteit van Fort Hare en die Tshwane-universiteit van Tegnologie. Dit het die grondslag gelê vir die NWU se Gemeenskapsbetrokkenheidsbeleid om in 2014 gefinaliseer te word.

Een van die mees geslaagde programme vir graad 12-leerders in die land is die Ikateleng-projek. Hierdie projek is daarop gemik om die algehele eksamenresultate van histories benadeelde leerders te verbeter deur bykomende klasse in wetenskap, wiskunde en Engels aan te bied en tersiêre onderwys so vir hulle meer toeganklik te maak. In 2013 het die Ikateleng-projek by ses sentrums gefunksioneer, en universiteitsvrystelling is verkry deur 81,32% van die leerders in hierdie program. Die gemiddelde slaagsyfer was 93,97%, wat wesenlik hoër was as die nasionale en provinsiale gemiddeldes vir matrikulante. Nadere besonderhede oor die ander gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite,

en in die besonder die Mosaïekprojek, verskyn op p 78 van die verslag van die visekanselier.

bemaking en werwing

'n Goed gestruktureerde werwingsplan wat vir voorgraadse studente in werking gestel is, het loopbaanuitstallings, oueraande, individuele besoeke vir topleerders en besoeke aan meer as 350 skole se graad 11- en 12-leerders behels. Hierdie program is gekoördineer met die ander twee kampusse. Bewyse van die sukses daarvan was dat die kampus die doelwitte bereik het wat in die inskrywingsplan gestel is.

Die kampus het ook gefokus op nagraadse studentewerwing en is verteenwoordig by twee nagraadse byeenkomste in Nairobi en Nederland, en die NNS se PhD-konferensie in Oos-Londen. Daarbenewens is 'n aggressiewe gedrukte en elektroniese reklameprogram van stapel gestuur om nagraadse studente te werf.

In 2013 het die kampus 147,7% meer mediadekking ontvang as in die vorige jaar; 'n nuwe elektroniese nuuskamer is ontwikkel en altesaam 14 alumnibyeenkomste is gehou. By 'n toekenningsgeleentheid wat in Sandton gehou is, het die NWU hulde gebring aan die toptien-alumni wat bygedra het om die land te help vorm. Die uiters gesogte Toekenning vir Lewenslange Prestasie is oorhandig aan die voormalige Staatspresident, mnr FW de Klerk, 'n alumnus van die kampus. Ander gevierde alumni wat toekennings ontvang het, was dr Theuns Eloff, visekanselier van die NWU, dr Johan van Zyl, president van Toyota SA Motors, mnr De la Rey Venter, visepresident van Shell Upstream International, en prof TT Cloete, 'n bekroonde digter.

Meer as 54 funksies bygewoon deur meer as 100 000 mense is landwyd aangebied om die universiteitshandelsmerk te bevorder onder voornemende studente en hul ouers. Verskeie promosiedae wat op die kampus gehou is, het sowat 12 000 besoekers gelok. Die kampus was ook betrokke by die Aardklop Nasionale Kunstefees wat vir die eerste keer by die Fanie du Toit-sportterrein gehou is en deur 136 000 mense besoek is. Die meeste van die produksies is in lokale op die Potchefstroomkampus opgevoer.

studentesake

► Studentebestuur

Die nuwe Kampus-Verteenwoordigende Studenteraad (KVSr) vir 2013/2014 is aangekondig en mnr Janco Jordaan is herkies as voorsitter. Gedurende 2013 het die KVSr die Kritekeprestasiëarea-stelsel (KPA-stelsel) ontwikkel waardeur verseker kon word dat die fokus van elke KVSr-lid sou wees op die regte take op die regte tyd.

'n Adviesraad, bestaande uit drie NWU-personeellede, is saamgestel om die KVSr by te staan om die steeds toenemende getal eise wat gestel word, te hanteer. Om dit te belyn met die kampusvisie om meer navorsingsgedrewe te wees, is 'n KVSr-beurs toegeken aan 'n student om in te skryf vir 'n LLM-graad. Die hoogste bedrag in die geskiedenis van die KVSr is deur die KVSr se Uitreik-

en-Gee-portefeulje aan die Studentejool-gemeenskapsdiens uitbetaal, naamlik R928 000.

Een van die talle gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite waarby die KVS**R** betrokke was, was 'n besoek aan die Tshwaraganang-dagsorgsentrum vir Gestremdes in Ikageng op Nelson Mandela-dag, 18 Julie 2013. 'n Ander aktiwiteit was die organisering van 'n gholfdag om fondse in te samel vir die *Meal a Day*-projek. In Februarie 2013 het die KVS**R** 'n Groen Kampus-week geïnisieer met die oog op bewusmaking oor die omgewing en maniere waarop studente 'n positiewe invloed kan uitoefen. Tydens die projek het die KVS**R** genoeg fondse geïen om meer as 60 bome by die Fakulteit Ingenieurswese te plant. In 'n ander groen inisiatief het die KVS**R** met 'n pendeldiens begin. Teen 21 Februarie 2013 het sowat 7 000 studente van hierdie diens gebruik gemaak.

► Oriënteringsprogram vir eerstejaars

Die ontvangs- en bekendstellingsprogram is 'n jaarlikse geleentheid waartydens eerstejaarstudente met die kampus vertrouwd gemaak word. In 2013 het daar enkele uitdagings voorgekom met die akademiese oriëntering. Alhoewel fakulteite vier dae gehad het waarop eerstejaars kon registreer, het nie al die fakulteite hierdie tyd effektief benut nie, wat gelei het tot vertraginge in die registrasie van sommige studente.

Die groepbyeenkomste in die amfiteater en die ouditorium het goed verloop, en die eerstejaarstudente kon 'n goeie idee vorm van wat die studentelewe op die kampus behels, asook van die strukture waarby hulle betrokke kan raak. Gedurende die ontvangs- en bekendstellingstydperk is die senior studente bewus gemaak van die belangrikheid van menseregte op die kampus. Die seniors in elke koshuis het menseregteopleiding ontvang voor die senior vergadering, waardeur verseker kon word dat elke senior weet wat aanvaarbare gedrag is.

► Welstand en berading

In 2013 het die Sentrum vir Studenteberading en -ontwikkeling berading, asook sielkundige en ontwikkelingsdienste aan studente verskaf. Die Loopbaansentrum het 'n noodsaaklike rol vervul in die bevordering van indiensneembaarheid van studente deur skakeling met werkgewers en die lewering van dienste aan sowel werkgewers as studente. Nadere besonderhede oor die Loopbaansentrum kan verkry word op p 49 van die Senaatsverslag.

Die personeel van die Gesondheidsorgsentrum bestaan uit 'n mediese dokter, gekwalifiseerde verpleegpersoneel, 'n maatskaplike werker, 'n MIV/-Vigs-koördineerder, 'n voltydse sielkundige en die Kantoor vir Studente met Gestremdhede. Gedurende 2013 het die sentrum primêre gesondheidsorg aangebied, asook maatskaplike en sielkundige dienste. Daar is ook krisisintervensie- en beradingsdienste aangebied, asook 'n 24-uur-krisislyn vir noodgevallen, bekend as InGryp. Die kampus het pogings verskerp om bewusmaking van MIV/Vigs te bevorder en om die personeel en studente aan te spoor om hul MIV-status te ken. Die MIV/Vigs-koördineerder het die MIV-responsprogram beheer en daardeur verseker dat dit effektief bestuur en gekoördineer word.

► Kulturele aktiwiteite en prestasies

Die kampus het sy ryk en lewenskragtige tradisie van ondersteuning van die kunste voortgesit, dit wil sê van koor-, orkes- en pop-konserte tot musiekblyspele, kunsuitstallings, debatskompetisies en talentwedstryde.

Die Serenaders, 'n bekende kampuskoor, het deelgeneem aan die nasionale Ou Mutual-koorfees en -kompetisie, waar hulle die kategorieë vir die beste inheemse lied en die besgeklede koor gewen het, en algeheel derde was in die kategorie vir groot kore. Die kampus se bekende a capella-ensemble, die Boulevard-harmoniste, het ook 'n besonder geslaagde konserttoer deur Europa onderneem. Die Kampuskoor en Simfonieorkes het saamgewerk aan 'n konsertprogram van die werke van die Franse komponis Gabriel Fauré – 'n produksie wat aanvaar is vir die nasionale Aardklop-kunsteffeesprogram, en met groot welslae uitgevoer is.

In Augustus 2013 het die NWU-galery 'n keur uit sommige van die beste kunswerke in die kampuskunsversameling gepubliseer. Die publikasie getitel *Looking back while moving forward* het saamgeval met 'n uitstalling van hierdie werke. Om die 30ste herdenking van die *Pukki*-talentwedstryd te vier, is 'n bykomende spesiale gala-konsert aangebied waarby vorige weners van die fees betrokke was; etlike van hulle is vandag beroemdes in eie reg.

► Sportaktiwiteite en prestasies

Die kampus was bevoorreg om vier atlete en een afrigter betrokke te hê by die 2013-Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies ("IAAF")-Wêreldkampioenskappe in Moskou, Rusland. Daarbenewens het die mansatletiekspan die eerste plek behaal by die USSA-atletiekkampioenskappe en algeheel tweede gekom by die eerste Varsity-bekeratletiekbyeenkoms.

Vir die 14de agtereenvolgende jaar het karate weer die eerste plek behaal by die USSA-toernooi. Pluimbal het ook 'n eerste plek behaal. Die rugbyspan het die intervarsity teen Kopsies vir die negende agtereenvolgende jaar gewen. Rugbyspanne het ook die Predator-liga gewen en vierde geëindig by die USSA-kompetisie en vyfde in die Varsity-bekerkompetisie.

Die kampus se sewesrugbyspan het die Plaat by die USSA-toernooi gewen, asook die Plaat by die Varsity-sewestoernooi. Die damespan van die Hokkie-akademie het tweede gekom by die eerste Varsity Sport-hokkie-uitdaging. Die muurbalspan het die eerste afdeling by die USSA-toernooi gewen, en 'n krieketspan het vierde geëindig by die USSA-toernooi. 'n NWU-krieketspeler het twee toekennings van Krieket Suid-Afrika ontvang. Hy is benoem as die Beste Amateurkrieketspeler van die Jaar, asook Speler van die Jaar benoem deur die spelers. Die netbalspan het die tweede plek ingeneem by die Varsity-netbaluitdaging en het algeheel derde geëindig in die USSA-netbaltoernooi.

By die kampus se sporterkenningsfunksie is Sulette Damons (hokkie) benoem as Sportvrou van die Jaar, terwyl die Sportman van die Jaar-toekenning aan Willem Coertzen (atletiek) oorhandig is. Die junior toekennings is gemaak aan Zandr  Kruger en Kifiloe Tsotseti (netbal) en Luther Obi (rugby). Nie minder nie as 32 sportmanne en -vroue van die kampus het in 2013 nasionale kleure ontvang vir

'n wye spektrum sportsoorte, van baan-, veldwedloop- en spiesgooinommers tot driesprong, boogskiet, hokkie, netbal en karate.

slot


In die geheel was dit 'n baie goeie jaar vir die Potchefstroomkampus, wat voordeel geput het uit 'n weldeurdragte Kampusplan, doeltreffende uitvoering van daardie plan en samehorige spanwerk oor fakulteite heen.

Die kampus se navorsingsprestasie was veral goed en namens die kampus-bestuur salueer ek al die navorsers wat bygedra het tot die groeikoers van ongeveer 125% in navorsingsuitsette vir die tydperk 2012 tot 2013.

Terwyl daar gewerk word in die rigting van die mikpunte gestel vir die kern-onderrig-leer- en navorsingsbedrywighede – en die meeste van hulle bereik word – het die kampus hom daarop toegespits om 'n deernisvolle en versorgende fokus op sy aktiwiteite te plaas. Die Studentejool-gemeenskapsdiens was in 2013 betrokke by meer as 300 gemeenskapsprojekte,

en personeellede en studente het 'n groot aantal inisiatiewe onderneem wat gerig was op omgee vir die omgewing. Daaronder was elektrisiteits- en waterbesparingsprojekte, glasherwinning, sonenergieprojekte en die kampuspendeldiens.

Die fokus waarop vir die volgende jaar ooreengekom is, is 'n universiteit wat die gemeenskap dien omdat ons omgee! Sommige van die ander prioriteite vir 2014 is om die Eenheid vir Oop Afstandslêer uit te brei en voort te gaan met die manifestering van ons missie om 'n sterker navorsingsgerigte kampus te word. As iemand wat vas glo in die waarde en belangrikheid van tersiêre onderrig in Suid-Afrika, is dit vir my 'n voorreg om in hierdie hoedanigheid hierdie groot instelling te dien.



PROF HD VAN SCHALKWYK
KAMPUSREKTOR: POTCHEFSTROOM



vaaldriehoekkampus

Met 'n algehele slaagsyfer van 84% in 2013 en 'n bestendige toename in navorsingsuitset het die Vaaldriehoekkampus sy posisie versterk as 'n groot bydraer tot die vaardigheids- en kennisbasis van die streek. Die kampus het toegesien dat die groeiende studentetal toegang verkry tot omvattende akademiese, psigososiale en loopbaanontwikkelingsteun, en dat geleenthede vir dosente geskep word om hul onderrig- en navorsingsvaardighede te versterk, asook hul vermoë om tegnologie effektief in die klaskamer en vir navorsing aan te wend.

In die aanvaarding van sy rol in die ontwikkeling van die ekonomie van die streek het die kampus vroulike entrepreneurs bygestaan met die opbou van hul ondernemings, verskillende kanale gevolg om wiskunde- en tegnologie-vaardighede onder skoolleerders te bevorder en nuwe uitgebreide graadprogramme in sleutel- ekonomiese en finansiële dissiplines ingestel.

prestasies ten opsigte van die kampusplandoelstellings

Gedurende 2013 het die Vaaldriehoekkampus wyd erkenning verkry vir sy rol in die bou van kennis in strategiese dissiplines en vir die bevordering van vaardigheidsontwikkeling in die streek, hetsy deur akademiese of kortleerprogramme, uitstallings en seminare, of vennootskappe met ander leidende organisasies.

kampushoogtepunte

- Die Risikobestuursinstituut (*Institute of Risk Management South Africa – IRMSA*) het twee Nywerheidspesifieke Risiko-inisiatieftoekennings vir 2013 gemaak aan die Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur.
- Die Sentrum vir Ondernemingsontwikkeling (SOO) het 'n Vroue-met-Ondernemingsgees-program van stapel gestuur om vroulike entrepreneurs te help om hul doelwitte te bereik en hul besigheidsdrome te bewaarheid.
- Die Skool vir Basiese Wetenskappe het sy jaarlikse Ekogesondheids-navorsingsforum aangebied. Die tema was 'Die deel van perspektiewe en idees rakende integrerende navorsing oor besoedelde omgewings, menslike gesondheid en doeltreffende gemeenskaps- en omgewingsbestuur'.
- Die Optentia-navorsingsprogram het die tweede Suid-Afrikaanse Simposium oor Positiewe Sosiale Wetenskappe aangebied.
- Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het 'n

stalletjie beman by die Sasol TechnoX. Altesaam 24 430 mense, van wie 21 964 leerders was, het die tentoonstelling besoek. Die NWU-stalletjie het die derde plek in die kategorie vir universiteite ingeneem.

- Die fakulteit het ook 'n Geexpo (expo met woordspeling op 'geeks') georganiseer om die belangrikheid van wiskunde en inligtingstegnologie vir leerders in graad 10 tot 12 te beklemtoon.
- 'n Projek is in samewerking met die Waternavorsingskommissie onderneem om die Suid-Afrikaanse Watergeskiedenis-argiefbewaarplek op die kampus tot stand te bring.
- Die kampus en die Kaizer Chiefs-voetbalklub het amptelik 'n vennootskap aangekondig waardeur die universiteit kundigheid beskikbaar sal stel tot voordeel van talentvolle jong voetbalspelers by die klub se Jeugakademie in Johannesburg.
- Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het Pi-dag op 14 Maart 2013 gevier deur 'n Pi-matrikswêreldgedenkrekdansslag deur Grootmeester Kevin Horsley aan te bied. 'n Nuwe wêreldrekord van 16 minute 38 sekondes is aangeteken.
- *Open Varsity*, 'n program op SABC2-televisie, het 10 dosente uitgenooi om deel te neem. *Open Varsity* doseer eerstejaarskursusse vir huidige en voornemende eerstejaarstudente. Dit het gratis televisieblootstelling voor 'n landswyse gehoor van voornemende studente verseker.
- Die kampusgemeenskap het deelgeneem aan verskeie inisiatiewe om die kampus se koolstofvoetspoor te verklein. In die 49M-inisiatief van Eskom is studente wat in koshuise inwoon, aangespoor om spaarsaam met elektrisiteit te werk. Die kampus het ook energiebesparingsmaatreëls ingestel soos die installering van sonkrag-geysers by studentekoshuise en die bekendstelling van energiebeheertoestelle vir lugversorgers.
- Die kampus het in Februarie 2013 die *Young Graduates Scholars*-konferensie van die Afrika-instituut van Suid-Afrika aangebied. Die konferensie was gemik op die mobilisering van jongmense rondom die belangrikste uitdagings waarvoor die vasteland tans te staan kom, met inbegrip van klimaatsverandering, energie- en watervoorziening, bestuur, armoede, ontwikkeling, vrede en sekerheid.

studente-inskrywingsyfers vir 2013

Voorgaadse studente	5 590
Geleentheidstudente	53
Honneursstudente	431
Nagraadse diploma-/sertifikaatstudente	131
Meesterstudente	196
Doktorale studente	111
Totaal	6 512

samestelling van voorgaadse studente in 2013

Nuweling- voorgaadse studente	Kontak	1 467
	Afstand	8
Seniors	Kontak	4 974
	Afstand	63

diplomas en grade in 2013 toegeken

Sertifikate en diplomas	219
Baccalaureusgrade	933
Honneursgrade	281
Meestersgrade (insluitende MBA)	54
Doktorsgrade	23
Totaal	1 510

gegradueerdes per fakulteit in 2013

Fakulteit Geesteswetenskappe	895
Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie	615
Totaal	1 510

uitvalsyfers

Die tabel hier onder vergelyk die uitvalsyfers vir nuweling- voorgraadse studente in die tydperk 2007 tot 2013.

2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
17%	14%	13%	15%	14%	17%	18%

onderrig-leer-aktiwiteite

Onderrig-leerprioriteite vir 2013 het die volgende ingesluit:

- Die handhawing van 'n slaagsyfer van 83%. Die kampus het hierdie teiken oortref en 'n algehele slaagsyfer van 84% gehandhaaf.
- Fokus op die gebruik van tegnologie in die klaskamer.
- Verbetering van studentesteun, met spesifieke verwysing na Aanvullende Onderrig ("SI") en mentorskapprogramme.
- Versekering van billikheid van toegang en sukses.

Terwyl sommige van die inisiatiewe wat onderneem is om hierdie onderrig-leerprioriteite te ondersteun oor die hele universiteit plaasgevind het, was die volgende kampusspesifieke inisiatiewe:

- Verskeie nuwe uitgebreide graadprogramme is in 2013 met welslae ingestel. Hierdie programme is uitgebreide BCom-programme in bemarkingsbestuur, finansiële rekenmeesterskap en internasionale handel, en uitgebreide BSc-programme in data-ontginning en in finansiële wiskunde.
- Die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe het die heel eerste Rekeningkundewinterskool vir graad 11-leerders aangebied. Die winterskool was daarop ingestel om aandag te skenk aan enige leemtes wat mag bestaan tussen 'n leerder se verwagtinge van rekeningkunde as 'n skoolvak teenoor 'n akademiese vakwetenskap.

- 'n Innoverende driedimensionele ernstige spel is ontwikkel om studente te help om aan te sluit by die studiemateriaal in die Finansiële Bestuur-module – wat deur talle studente beskou word as 'n struikelblok in hul pogings om hul rekeningkunde-kwalifikasies te voltooi. Die spel, wat ontwikkel is in samewerking met die *Serious Games Institute*, fokus op die beginsel van tydwaarde van geld, wat die grondslag is vir die res van die finansiëlebestuursbegrippe. Die spel is ten volle geïntegreer by die Finansiële Bestuur-module in die tweede semester van 2013.
- Die meestersgraad in positiewe sielkunde is in 2013 ingestel. 'n Wêreld-bekende sielkundige en outeur, dr James Pawelski, het die openingsrede gelewer. Hierdie herdenkingsrede het die verwesenliking geblyk te wees van 'n lank gekoesterde ideaal om die beginsels van positiewe sielkunde in Suid-Afrika en Afrika vas te stel. Die eerste groep van 14 studente wat vir die program ingeskryf het, het bestaan uit vakkundiges uit die dissiplines sielkunde, sosiologie, maatskaplike werk, teologie, bedryfsielkunde, ekonomie en arbeid.
- Die Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur het 'n meestersklas aangebied oor die onderwerp 'Projekrisikovermindering deur kommunikasie en veranderingsbestuur'. Hierdie meestersklas het aan projekbelanghebbendes die geleentheid gebied om hul kommunikasie- en veranderingsbestuursvaardighede te verbeter.

► Onderrig-leer-aktiwiteite

Die Direkoraat Akademiese Ontwikkeling en Steun het die aansoekproses van verskeie akademiese programme ondersteun en 'n aantal interkampus-werkessies aangebied oor die ontwerp van nuwe programme en die opstel van voorleggings. Die kampus was deel van die eerste belynde interne programmevaluering vir die NWU. In samewerking met die Mafikeng- en Potchefstroomkampus het die Vaaldriehoekkampus die instrument ontwikkel om eksamen vraestelle en belynde programme te evalueer. Interne programmevaluering is uitgevoer vir die Hons BEd: Leerderondersteuning en Hons BEd Onderwysbestuur: Die Reg en Stelsels. Die program BA Maatskaplike Werk het 'n eksterne evaluering ondergaan.

► Ontwikkeling van ons personeel

Die kampus het steun verleen aan dosente in alle fasette van onderrig en leer, kurrikulumontwikkeling, onderriginnowering en die vakkundigheid van onderrig en leer. In 2013 was die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) 'n belangrike element van hierdie ondersteuning. Daarbenewens het nege kandidate meeding om die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) vir 2013. Vier akademiese personeellede het 'n 'uitstekend'-aanslag ontvang. Twee dosente, een uit elke fakulteit, het 'n kontantprys van R50 000 ontvang in die *Rapport*-Topdosenttoekennings. Gedurende 2013 het Akademiese Ontwikkeling en Steun verskeie werkessies aangebied oor onderwerpe soos eFundi-instrumente, effektiewe aanbiedingstrategieë, eksamen vraestelontwikkeling, studiegidsontwikkeling, assesseringsegetletterdheid en aktiwiteitgebaseerde leer.

By 'n tweedag-kampusseminaar oor Onderrig en Leer wat deur 90 akademiese personeellede bygewoon is, kon dosente van verskillende akademiese skole hul Vakkundigheid van Onderrig en Leer-projekte uitstal.

Die kampus het in 2013 ook die spesiale belangegroepwerksessie vir professionele ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderrig en Leer in Hoër Onderwys (HELTASA) aangebied. 'n Strategie om 'n deurlopende professionele onderrigontwikkelingsprogram te implementeer as deel van die taakooreenkoms van alle dosente is in 2013 ingevoer. Elf bevoegdheids is geïdentifiseer en dosente moes net 'n minimum van twee kies om jaarliks te voltooi.

► Ondersteuning van ons studente

Die verskeidenheid akademiese steundienste vir studente streef daarna om die akademiese potensiaal van elke student te ontsluit en studente aan te spoor om medestudente in die ware gees van ubuntu te dien. Die leuse vir studenteondersteuning is 'Laat niemand agterbly nie'.

In 2013 is altesaam 234 Aanvullende Onderrigleiers ("SI"-leiers) in bykans 200 modules gebruik. 'n Ontleding van resultate verkry in die eerste semester het getoon dat die gemiddelde slaagsyfer van die studente wat meer as vyf "SI"-sessies bygewoon het, 11% hoër was as dié van hulle wat nie "SI" bygewoon het nie.

Die portuurgroepmentorskapprogram is in 2013 uitgebrei om dagkoshuise in te sluit. Altesaam 117 mentors is aangestel om 936 eerstejaarstudente in verskillende studieprogramme te mentor.

'n Akademiese voorbereidingsprogram (Program A+) wat tydens die oriënteringsweek vir eerstejaarstudente ontwikkel en bekendgestel is, het die volgende aspekte gedek: studiebevoegdheids, die gebruik van eFundi en 'n algehele inleiding tot Akademiese Ontwikkelings- en Steundienste.

'n Nagraadse studentebestuurstelsel (StudentSupervisor.com) is op die kampus geloods. Hierdie webtoepassing dien as platform waar studente en studieleiers in wisselwerking met mekaar kan wees en ook hierdie wisselwerking kan gebruik om data vir die studieleidingsproses te genereer.

navorsingsaktiwiteite

Die gesogte navorsingsmedalje van die Onderwysvereniging van Suid-Afrika (OVSA) is toegeken aan prof Linda Theron, 'n navorser en akademiese personeelid in die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe. As leier van die subprogram Bane na Aanpasbaarheid en Posttraumatische Groei binne die Optentia-navorsingsfokusarea, het prof Theron ook navorsingsbefondsing van die Akademie van Finland en die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang.

Die Skool vir Basiese Wetenskappe en die navorsingsgroep oor Eko-gesondheid binne die fakulteitgesteunde navorsingsentiteit Navorsing oor Openbare Aangeleenthede vir Dienslewering (PARSED) het hulle verdiep in integrerende multidissiplinêre navorsing oor ekogesondheidsverwante aangeleenthede. Dit het maniere behels om die ekogesondheidsstatus van 'n spesifieke area of omgewing te bestuur.

Aan prof Etienne Barnard, leier van die nisarea Veeltaligheidspraaktegnologieë

(MuST), is 'n navorsingstoekenning van \$65 000 deur Google toegeken vir sy voorgestelde navorsing oor leksikonontwikkeling in ondervoorsiene tale.

Prof Haidee Kruger van die Skool vir Tale het die internasionale EST Young Scholar-toekenning vir 2013 van die Europese Vereniging vir Vertaalstudies gewen vir haar boek getitel *Postcolonial Polysystems: The Production and Reception of Translated Children's Literature in South Africa*.

► Navorsingsuitsette

Die tabel hier onder toon die navorsingsuitsette vir 2013.

Geakkrediteerde vaktydskrifte	Konferensieverrigtinge	Boeke/hoofstukke
113,37	9,82	3,65

► Postdoktorale genote

Die kampus het in 2013 sewe postdoktorale genote gehad: twee in die Fakulteit Geesteswetenskappe en vyf in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie. Van hulle was van ander lande, naamlik Turkye, Tanzanië, Malawi, die Kongo en Nigerië.

2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013
1	1	3	5	4	3	7

► NNS-gegradeerde navorsers

Die kampus het 12 NNS-gegradeerde navorsers. Die tabel hier onder bied besonderhede oor gegradeerde navorsers per kategorie soos teen 31 Desember 2013.

Kategorie	2009	2010	2011	2012	2013
B	-	-	1	1	1
Y	3	3	2	2	3
C	2	3	5	8	7
L	0	0	0	0	1

► Navorsingsentiteite

Die Vaaldriehoekskampus het op 31 Desember 2013 drie navorsingsentiteite gehad, naamlik UPSET (Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings), Optentia ('n navorsingsfokusarea op die Vaaldriehoekskampus wat fokus op positiewe psigologie by die werk) en MuST (Meertalige Spraaktegnologie).

implementering van kundigheid

Coachlab@Vaal is op 1 Augustus 2013 van stapel gestuur. Dit is 'n R2 miljoenprojek, befonds deur die Innovation Hub, Gauteng Enterprise Development en Blue IQ. Coachlab is 'n nagraadse leierskapsprogram waarin van studente in ingenieurswese en inligtings- en kommunikasietegnologie verwag word om te werk aan intydse nywerheidsprojekte met die bystand van nywerheidsdeskundiges. Die Mandela27-projek, bekendgestel op Internasionale

Mandela-dag op 18 Julie 2013, verteenwoordig 'n wêreldwye samewerkende poging tussen die kampus se *Serious Games Institute – South Africa* (SGI-SA), Robbeneiland-museum, Coventry-universiteit in die Verenigde Koninkryk en ontwikkelaars van kreatiewe inhoud in België en Swede. Hierdie meervlakkige opvoedkundige instrument bied 'n algehele perspektief op kultuurgebeure in Europa en Suid-Afrika gedurende die 27 jaar wat Nelson Mandela op Robbeneiland deurgebring het. SGI-SA het 'n driedimensionele ernstige spel ontwikkel waarin gebruikers op Robbeneiland kan navigeer en meer kan leer oor Nelson Mandela se lewe.

Twee kampusgemeenskapsprojekte het by die gala-geleentheid vir Institusionele Navorsingstoekennings erkenning verkry:

- ▶ Siyakhulisa: Ten bate van Vroeëkinderopvoeding en -ontwikkeling.
- ▶ Omgewingsbeskerming en openbare deelname: Die doel met hierdie projek is om meganismes te vind om leefbare en volhoubare gemeenskappe tot stand te bring binne die grense van die Emfuleni- Plaaslike Munisipaliteit en om saam te werk met inwoners om besoedelde areas te transformeer tot voetgangervriendelike sygaardjies en mini-parke wat sal bydra tot die ekostelsel.

Studente en personeellede van die Departement Sielkunde in die Skool vir Gedragwetenskappe het die *Father A Nation*-projek onderneem wat gemik is op die oplossing van nasionale probleme soos die toename in die getal weeskinders en die gebrek aan sterk manlike rolmodelle in sommige gemeenskappe. Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het die eerste Leadercast-besigheidseminaar in die Vaaldriehoek aangebied. Gemeenskaps- en sakeleiers is die geleentheid gebied om by wêreldbekende leiers te leer deur óf 'n lewendige bespreking by te woon óf in te skakel op 'n eendaagse leierskapontwikkelingsgeleentheid wat lewendig uit Atlanta, Georgia, uitgesaai is na honderde plekke oor die wêreld.

bemarking en werwing

Bemarkers van die kampus het skole deur die hele land besoek en loopbaan-uitstallings gehou. Meer as 2 500 voornemende studente het 'n ope dag bygewoon wat op 18 Mei 2013 op die kampus gehou is. Die kampus het sy heel eerste mobiele spel, Univenture, beskikbaar gestel om behulpsaam te wees met die studentewerwingsproses. Hierdie interaktiewe spel wat deur die SGI SA ontwikkel is, stel voornemende studente in staat om hulle vertrouwd te maak met die akademiese aanbiedinge en kampusomgewing. Die kampusradiostasie *River FM 86.7* het begin uitsaai en 'n luisteraarskorps van 8 000 opgebou. Die alumnikantoor het sy heel eerste Jong Alumni-viering in 2013 gehou. Die doel met hierdie inisiatief is om alumni wat in die afgelope 13 jaar gegradueer het, aktief te betrek.

studentesake

▶ Studentebestuur

Tydens 'n opleidingskamp by UJ Island ('n konferensiesentrum van die Universiteit van Johannesburg) in Januarie het studente leiers deelgeneem aan interaktiewe spanbousessies en werksessies oor leierskap en persoonlike

ontwikkeling bygewoon.

Voorts het studente leiers in dieselfde maand 'n kampuswerksessie oor konflikbestuur en projekbestuur bygewoon. Twee lede van die Kampus-Verteenwoordigende Studenteraad (KVSr) het van 17 tot 21 April 2013 die G20-jeugforum in St Petersburg, Rusland, bygewoon. Hierdie forum wat deur meer as 1 500 jong deelnemers bygewoon is, was die grootste internasionale byeenkoms wat vir jong leiers georganiseer is. Onder die onderwerpe wat behandel is, was entrepreneurskap, loopbaangeleenthede, toekomsvisie en volhoubare ekonomiese ontwikkeling.

Twee lede van die KVSr het die nasionale studente leierskap-beleidskonferensie by die Universiteit van Johannesburg bygewoon. Dit is deur die Suid-Afrikaanse Studente-unie in vennootskap met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gereël.

▶ Oriënteringsprogram vir eerstejaars

Altesaam 1 050 studente het aan die eerstejaarsverwelkomingsprogram deelgeneem. Die program is herontwerp met die oog op groter klem op akademiese sake, en het intervensies ingesluit soos die volgende:

- ▶ 'n Oorbruggingskursus vir rekeningkundestudente wat nie rekeningkunde as skoolvak geneem het nie.
- ▶ 'n Rekeningkunde-verfriserskursus vir rekeningkundestudente wat nie 'n slaagsyfer van 60% of meer vir Rekeningkunde in die finale Senior Sertifikaat-eksamen behaal het nie.
- ▶ 'n Wiskunde-opknappingskursus vir alle studente wat vir 'n wiskundemodule geregistreer is, ongeag of hulle wiskunde of wiskundige geletterdheid op skool gehad het.

▶ Welstand en berading

Studenteberading en -ontwikkeling (SBO) funksioneer binne twee sferes op die kampus, naamlik psigososiale welstand van studente en hul fisieke welstand deur middel van die Gesondheidsorgklyniek. Gedurende 2013 het die portuurgroepheelpers Ch@s (Connecting Helpers and Students) 'n opleidingskamp oor kommunikasie en luistervaardighede bygewoon. Die departement het in 2013 'n Gestremdheidseenheid op die been gebring. Hierdie eenheid sal daarvoor verantwoordelik wees om fisiek gestremde studente in staat te stel om hul verblyf en studie op die kampus optimaal te benut.

In September 2013 het die departement 'n maatskaplike werker op deeltydse basis aangestel om die *Meal-a-Day*- en middelmisbruikprogramme te koördineer en die sosiale behoeftes van studente geïnfekteer en beïnvloed deur MIV/Vigs te monitor. Van 2014 af is die maatskaplike werker permanent aangestel. 'n Bykomende primêregesondheidsorgpraktisyn is by die gesondheidsorg-sentrum aangestel. Gedurende 2013 het altesaam 5 348 pasiënte by die Sentrum vir Primêregesondheidsorg, Gesinsbeplanning en MIV-toetsing en -berading besoek.

Altesaam 63 persone het baat gevind by die sentrum se heel eerste oogveldtog en 'n Albinismebewusmakingsdag is gehou om stereotipering oor hierdie toestand die nek in te slaan. Gedurende 2013 het die

sentrum ook 'n memorandum van verstandhouding met die Gautengse Gesondheidsdepartement onderteken. Met hierdie ooreenkoms is 'n werkverhouding tot stand gebring betreffende primêregesondheidsorgdienste. Dit behels onder andere die voorsiening van chroniese medikasie aan die sentrum, asook MIV/Vigs-toetsing in staats-hospitaallaboratoriums. MIV/Vigs-verwante intervensies het 'n bewusmakingsweek ingesluit waar die feite rondom seksueel oordraagbare infeksies uitgelig is, asook 'n kersliggedenkdiens en 'n oplooppogram na Wêreldvigsdag op 1 Desember. By daardie geleentheid is bykans 1 500 studente vrywilliglik getoets. Die antiretrovirale bekendstellingsprogram vir MIV/Vigs behels deurlopende monitering en ondersteuning aan alle studente en personele wat MIV-positief is. Individuele aandag deur vakkundiges het verseker dat elke individu 'n optimum kans ontvang het om 'n normale leefstyl te handhaaf.

Daarbenewens het die Loopbaansentrum loopbaaninligting verskaf, werksoekvaardighede bevorder en werkgeleentheid onder die aandag van die studente gebring. Meer as 2 000 studente het 'n besonder geslaagde loopbaanuitstalling bygewoon.

► Kulturele aktiwiteite en prestasies

Die studentekoerant *Student 24/7* het sy eerste verjaarsdag in Januarie 2013 gevier. Hierdie uiters belangrike kommunikasiemiddel is die kampus se heel eerste aanlynstudentekoerant wat deur studente vir studente opgestel word. 'n Finalejaar- BCom Ekonomie- en Handelstudent en voormalige KVSRLid Ndumiso Hadebe, is aangewys as die wenner van die *One Day Leader2*-program op SABC 1.

Altesaam 32 geaffilieerde liggame of verenigings het vir 2013 op die kampus geregistreer. Studente het deelgeneem aan die 2013 Nedbank- en Ou Mutual-begrotingstoetskompetisie en een student het die toptien gehaal. Gedurende Februarie 2014 sal die finaliste die gaste wees van Nedbank en Ou Mutual vir die finale rondte in Kaapstad. Die deelnemers sal ook die lewering van die 2014-begrotingstoetspraak van die Minister van Finansies in die Parlement bywoon.

► Sportaktiwiteite en prestasies


Die getal sportkodes op die kampus het toegeneem van slegs vyf in 2005 tot 12 in 2013; die hoofdoel is om studentedeelname aan sport te bevorder. Basketbal en manshokkie is in 2013 met welslae bekendgestel. Sportspanne het goed gevaar by die Universiteitsport Suid-Afrika-toernooie (USSA-toernooie). Die resultate was soos volg:

- Rugby: die kampus het vyfde geëindig in groep B. Die span sal toegelaat word om in 2014 in die kwalifiserende wedstryde om die Varsity-skiel mee te ding.
- Hokkie: die kampus het algeheel derde geëindig in die B-afdeling.
- Netbal: die kampus het oorwinnings behaal teen die Vaal-universiteit van Tegnologie, Wits-universiteit, Tshwane-universiteit van Tegnologie en die Universiteit van Kaapstad, en het tweede geëindig in die Premierliga en algeheel agtste in die A-afdeling.
- Dans: agt pare het die kwarteindrondes in Latyns-Amerikaanse en baldanse gehaal.
- Rugby-sewes: die kampus se span het in die B-afdeling meegeding en algeheel agtste geëindig.
- Krieket: die span het in die A-afdeling meegeding en algeheel agtste geëindig. Een speler is vir die SA-studentespan gekies.
- Liggaamsbou: twee dames het hul onderskeie afdelings gewen.
- Skaak: die gekombineerde span (mans en dames) het tiende geëindig uit die 25 spanne wat deelgeneem het.

Die Watuni-kanoklub en die kampus se bergfietsklub neem steeds deel aan verskeie streekwedrenne. Vier lede van die kanoklub het aan die Bergrivier-kanovaart deelgeneem en een van die spanlede het in die 37ste plek klaargemaak.

slot

Die Vaaldriehoekkampus het in 2013 tien jaar van uitnemendheid gevier. Die kampus is gedryf deur die vasberadenheid om met niks minder nie as uitnemendheid tevrede te wees in al sy aktiwiteite, hetsy binne die trefwydte van sy akademiese strewes, prestasies op die sportveld, toegewydheid aan die Vaaldriehoekstreek of die grootte van sy belegging in studente. Hierdie prestasies het gehelp om die kampus se posisie te verstewig as 'n streekbate in Gauteng wat trots dien as 'n katalisator vir groei.



PROF TJ MARIBA
KAMPUSREKTOR: VAALDRIEHOEK

Fokus op volhoubare gemeenskapsverbintenis-projekte



Die Siyakhulisa-program vir Vroeë Kinderontwikkeling op die Vaaldriehoek-kampus help voorskoolse onderwysers in sommige woongebiede in die Vaaldriehoek-gebied om hul sentrums meer effektief te bestuur. Die projek het reeds sowat 300 onderwysers bereik.



Die sentrum vir dieregesondheid op die Mafikeng-kampus verskaf primêre dieregesondheidsorg-dienste aan diégene wat nie veeartsenykundige dienste kan bekostig nie. Hulle bemagtig ook opkomende boere deur hulle op te lei in veeteelt en die bestuur van kuddegesondheid.



Die WIN-projek op die Potchefstroom-kampus help mense om volhoubaar te bestaan en bevorder landelike gesondheid. In 2013 het hierdie projek een van die Visekanselierstoekennings vir Uitnemendheid in Gemeenskapsverbintenis ontvang.

R2 972,5m
totale inkomste

R2 935,0m
totale uitgawes

R944,0m
self-gegenereerde inkomste

R1 509,6m
personeeluitgawes =
50,8% van totale inkomste

R843,4m
studentverwante inkomste =
28,4% van totale inkomste

R1 294,3m
bedryfskoste =
43,5% van totale inkomste

R1 163,7m
staatsubsidie =
39,1% van totale inkomste

R131,1m
ander uitgawes



ons finansies

verslag van die voorsitter van die finansiële komitee en uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite

gekonsolideerde staat van finansiële stand vir die jaar geëindig 31 Desember 2013

gekonsolideerde staat van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 Desember 2013


verslag van die voorsitter van die finansiële komitee en uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite

Die finansiële oorsig vir die jaar geëindig 31 Desember 2013 word onder die volgende opskrifte aangebied:

► Winsgewendheid en groei


Die totale inkomste van die universiteit het met 10,0% tot R2 972,5 miljoen gestyg, terwyl die totale uitgawes met 13,8% tot R2 935,0 miljoen vir die 2013- finansiële jaar toegeneem het. Die netto surplus van R37,5 miljoen (2012

hersaamgestel: R122,5 miljoen) verteenwoordig 1,3% (2012 hersaamgestel: 4,5%) van die totale inkomste.



Die totale inkomste van die universiteit uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd vervreemding van EAT, van die hand sit van beleggings en ander omfattende inkomste) het met 10,1% tot 'n totale inkomste van R2 951,1 miljoen toegeneem, terwyl die totale uitgawes uit herhalende aktiwiteite met 13,8%


tot altesaam R2 935,0 miljoen vir die 2013- finansiële jaar toegeneem het. Die surplus van die 2013- finansiële jaar uit herhalende aktiwiteite verteenwoordig 0,5% (2012 hersaamgestel: 3,8%) van die totale herhalende inkomste.



Die universiteit se opbrengs (uit herhalende aktiwiteite) op aangewende kapitaal (totale bates minus bedryfslaste) het tot 0,7% (2012-hersaamgestel:

5,3%) verbeter. Dit is hoofsaaklik te wyte aan 'n styging van 14,3% in nuwe bates en 'n daling in die herhalende surplus.


Opbrengs op kapitaal aangewend



Die universiteit se inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 39,1% (2012 hersaamgestel: 40,8%) van die totale inkomste. Die rede vir die daling in hierdie persentasie kan toegeskryf word aan 'n lae styging van 5,6% in hierdie bron van inkomste vergeleke met 'n gemiddeld hoër styging in al die ander hoofbronne van inkomste.

Die studentverwante inkomste het met 17,8% toegeneem vir die 2013-jaar (2012: 24,8%). Dit kan toegeskryf word aan die jaarlikse styging van 10,3% in klasgelde, die styging in studentetalle en 'n styging in die modules waarvoor daar ingeskryf is. Die totale studentverwante inkomste verteenwoordig 28,4% (2012 hersaamgestel: 26,5%) van die totale inkomste.

Totale inkomste per kategorie




Totale uitgawes het met 13,8% (2012 hersaamgestel: 16,9%) toegeneem. Personeelvergoeding het toegeneem met 12,2% (2012 hersaamgestel: 14,0%). Die totale koste van personeeluitgawes was 50,8% (2012 hersaamgestel: 49,8%) van totale inkomste. Die styging is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n laer styging van 10,0% in inkomste. Bedryfskoste het met 16,0% (2012 hersaamgestel: 16,7%) gestyg en verteenwoordig 43,5% (2012: 41,3%) van totale inkomste. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die laer styging in inkomste, sowel as 'n styging in 'n paar spesifieke uitgawes, waarvan die belangrikste items netto

voorsiening vir slegte skuld afgeskryf en slegte skuld verhaal (R36,1 miljoen), en beurse (R23,9 miljoen) is.

Ander uitgawes met betrekking tot depresiasie, amortisasie en finansieringskoste het met 11,5% toegeneem, wat hoofsaaklik te wyte is aan depresiasie as gevolg van die groot belegging in eiendom, aanleg en toerusting wat deur middel van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se geoormerkte befondsing vir infrastruktuur en doeltreffendheid gefinansier is.


Totale uitgawes per kategorie



Die universiteit se ekwiteit het in die 2013- finansiële jaar (2012 hersaamgestel: 3,7%) met 20,8% gestyg, hoofsaaklik as gevolg van 'n styging van R194,2 miljoen in die pensioenfonds se netto batewaarde soos op 31 Desember 2013 (31 Desember 2012 hersaamgestel: daling van R58,3 miljoen). Die beskikbare

fondse het tot 3,2% (2012: 10,0%) van totale ekwiteit gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die beduidende styging in die geoormerkte gedeelte soos hierbo verduidelik, asook die groot belegging in eiendom, aanleg en toerusting via die DHOO-geoormerkte befondsing vir infrastruktuur en doeltreffendheid.

Beskikbare befondsing : Geoormerkte fondse



► Toegevoegde waarde

Met betrekking tot die universiteit as 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsdiens) het die NWU weereens wesenlike waarde tot die ekonomie toegevoeg en kan die volgende uitgelig word:


- > 15 464 (2012: 14 669) studente het gedurende 2013 grade en diplomas ontvang.
- > R130,7 miljoen (2012: R107,4 miljoen) is uit eie fondse as beurse aan studente toegeken, wat 'n styging van 21,7% (2012: 27,4%) verteenwoordig. Die kontantvloeibegging in eiendom, aanleg en toerusting beloop R209,8 (2012 hersaamgestel: R269,4 miljoen), wat hoofsaaklik toe te skryf is aan

die DHOO-geormerkte befondsing vir infrastruktuur en doeltreffendheid wat vir die tydperk 2010–2012 ontvang is, asook 'n nuwe siklus van befondsing vir 2012–2015.

► Solvabiliteit

Die totale laste (R1 015,2 miljoen) uitgedruk oor opgehoopte reserwes (R1 703,3 miljoen) dui aan dat die universiteit se verhouding van skuld tot beskikbare fondse tot 0,60 (2012: 0,66) gestyg het. Dit kan toegeskryf word aan 'n styging van 20,8% (2012 hersaamgestel: 3,7%) in ekwiteit om die redes wat hierbo verduidelik word en 'n styging van slegs 8,7% (2012 hersaamgestel: 15,9%) in laste.


Totale laste : Opgehoopte reserwes



Die totale laste uitgedruk oor totale bates het tot 0,37 (2012 hersaamgestel: 0,40) vir die 2013 finansiële jaar afgeneem. Die totale laste word 2,68 maal (2012 hersaamgestel: 2,51 maal) deur totale bates gedek.

Solvabiliteitsverhoudings gee steeds 'n duidelike aanduiding dat die universiteit solvent is en in staat om sy verpligtinge op die lang en kort termyn na te kom.

Totale laste : Totale bates




► Likiditeit

Die bedryfskapitaalverhouding dui daarop dat die bedryfslaste 0,98 maal (2012 hersaamgestel: 0,77 maal) deur die bedryfsbates gedek is. Indien die ontleding in randwaarde uitgedruk word, het die bedryfsbates met R174,6 miljoen vir die 2013- finansiële jaar toegeneem, terwyl die bedryfslaste vir dieselfde tydperk met R96,4 miljoen toegeneem het.

Die hoofrede vir die styging in die bedryfsbates is die gevolg van 'n styging van R116,5 miljoen in kontant en kontantekwivalente, wat hoofsaaklik die gevolg is van kontant wat van langtermynbeleggings oorgedra is (wat met R91,9 miljoen afgeneem het, ná aftrekking van herwaardasie). Verder was daar 'n styging van 62,2% (2012 hersaamgestel: 23,0%) in handels- en ander debiteure. Die netto waarde van beleggings, bedryfskapitaal en totale laste is op R295,3 miljoen (2012 hersaamgestel: R293,6 miljoen) gehandhaaf.


	2013 Rmiljoen	2012 Rmiljoen
Beleggings	829,1	921,0
Bedryfsbates	481,4	306,8
Totale laste	-1 015,2	-934,2
Netto beleggings, bedryfsbates en totale laste	295,3	293,6
Kapitaalverpligtinge	-220,8	-247,2
	74,5	46,4

Die kontantvloeisituasie word noulettend gemoniteer om 'n optimale balans tussen langtermyn- en korttermynbeleggings te bereik sodat beleggings-inkomste geoptimaliseer word sonder om die vloei van besigheid in die gedrang te bring.



Die universiteit se verhouding van kontant en kontantekwivalente tot bedryfslaste het van 0,5 in 2012 (hersaamgestel) tot 0,64 gedurende die 2013-finansiële jaar afgeneem, wat hoofsaaklik die gevolg was van die oordrag van kontant en kontantekwivalente vanaf langtermynbeleggings.

Kontant en kontantekwivalente : Bedryfslaste




► Hefboomfinansieringsverhoudings

Hefboomverhoudings ontleed die mate waarin langtermynfinansiering as 'n bron van finansiering gebruik word. Dit is 'n aanduiding van likiditeit op die

langer termyn. Nie-bedryfslaste verteenwoordig 23,5% (2012 hersaamgestel: 27,6%) van totale fondse wat aangewend is. Die styging is hoofsaaklik toe te skryf aan die styging van 20,8% in ekwiteit.

Niebedryfslaste : Niebedryfslaste + ekwiteit




► Kontantvloei

Die universiteit het 'n surplus van R37,5 miljoen vir die 2013- finansiële jaar gegenereer, en die netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite het R67,7 miljoen bedra. Die totale netto kontantvloei het met R116,5 miljoen vir dieselfde finansiële jaar toegeneem as gevolg van 'n oordrag van kontant en

kontantekwivalente vanaf langertermynbeleggings hoofsaaklik vir die belegging in eiendom, aanleg en toerusting. Vir die 2012- finansiële jaar het die netto kontantvloei met R63,7 miljoen toegeneem. Die NWU verkeer steeds in 'n lewensvatbare kontantvloeisituasie.

Kontant en kontantekwivalente & beleggings



► Slot

Die universiteit was in staat om die volgende finansiële doelwitte gedurende die 2013- finansiële jaar te verwesenlik:

- > Om totale bates met 16% (2012 hersaamgestel: 8,2%) te verhoog deur die toelae vir infrastruktuur wat van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontvang is asook eie fondse in eiendom, aanleg en toerusting te belê, tesame met die styging in die netto batewaarde van die pensioenfonds op 31 Desember 2013.
- > Om gedurende die 2013- finansiële jaar 'n gesonde solvensiëstand en optimale likiditeitsvlakke te handhaaf ten einde te verseker dat die NWU 'n lopende saak bly.

- > Om beurse wat aan studente toegeken word te vermeerder (beurse is met 21,7% vermeerder).
- > Om die afhanklikheid van staatsubsidie-inkomste te verminder tot 39,1% (doelwit: minder as 40%), terwyl bekostigbare hoër onderwys steeds voorsien word (studentverwante inkomste was 28,4% teenoor die doelwit van minder as 30%).

Die Raad en bestuur is saam daartoe verbind om die NWU op so 'n wyse te bestuur dat die gesonde finansiële stand in 2014 gehandhaaf sal word. Daar moet egter genoem word dat die betreklik lae styging in ons grootste enkele bron van inkomste, naamlik staatsubsidie, en die beduidende styging in die netto slegte skuld in die nabye toekoms steeds reuse-uitdagings sal bly.

MR JJ KITSHOFF
VOORSITTER: FINANSIËLE KOMITEE

PROF IJ ROST
UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND vir die jaar geëindig 31 Desember 2013

	(hersaamgestel)			
	2013		2012	
	R000		R000	
		%		%
BATES				
Niebedryfsbates	2 237 081	82.3	2 037 623	86.9
Eiendom, aanleg en toerusting	1 079 485	39.7	986 006	42.1
Beleggingseiendomme	21 317	0.8	21 815	0.9
Ontasbare bates	6 246	0.2	7 320	0.3
Langtermynbeleggings	828 988	30.5	920 916	39.3
Beleggings in geassosieerdes	118	0.0	42	0.0
Uitgestelde inkomstebelastingbates	48	0.0	62	0.0
Pensioenreserwefondse - surplus	256 057	9.5	61 859	2.6
Ongeskiktheidsreserwefondse - surplus	44 822	1.6	39 603	1.7
Bedryfsbates	481 445	17.7	306 817	13.1
Voorraad	24 147	0.9	21 338	0.9
Handels- en ander debiteure	144 295	5.3	88 984	3.8
Kontant en kontantekwivalente	313 003	11.5	196 495	8.4
Totale bates	<u>2 718 526</u>	<u>100.0</u>	<u>2 344 440</u>	<u>100.0</u>
FONDSE EN LASTE				
Fondse beskikbaar	1 703 317	62.7	1 410 278	60.1
Opgelope fondse	1 702 776	62.7	1 409 964	60.1
Niebeherende belang	541	0.0	314	0.0
Totale laste	1 015 209	37.3	934 162	39.9
Niebedryfslaste	522 867	19.2	538 233	23.0
Langtermynlenings	79 298	2.9	86 536	3.7
Na-aftredevoordele	433 103	15.9	393 335	16.8
Uitgestelde inkomste	10 466	0.4	58 362	2.5
Bedryfslaste	492 342	18.1	395 929	16.9
Handels- en ander krediteure	296 485	10.9	255 675	10.8
Huidige inkomstebelastingaanspreeklikheid	41	0.0	4	0.0
Huidige gedeelte: Langtermynlenings	11 430	0.4	10 699	0.5
Huidige gedeelte: Na-aftredevoordele	7 541	0.3	20 731	0.9
Huidige gedeelte: Uitgestelde inkomste	126 285	4.6	55 522	2.4
Studentedeposito's en voorafbetaalde inkomste	50 560	1.9	53 298	2.3
Totale fondse en laste	<u>2 718 526</u>	<u>100.0</u>	<u>2 344 440</u>	<u>100.0</u>

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE vir die jaar geëindig 31 Desember 2013

	(Hersaamgestel)			
	2013	% van	2012	% van
	R000	totale inkomste	R000	totale inkomste
HERHALENDE ITEMS	17 025	0.6	103 099	3.7
Inkomste	2 951 146	99.3	2 681 582	99.2
Staatstoewysings - subsidies en toelaes	1 163 738	39.2	1 101 875	40.7
Klas- en ander gelde	843 393	28.4	715 901	26.5
Inkomste uit kontrakte (navorsing en ander)	198 158	6.7	183 426	6.8
Inwoning en voedseldienste	232 675	7.8	220 409	8.2
Dienste - entrepreneursaktiwiteite	349 081	11.7	307 781	11.4
Private geskenke en toelaes	44 251	1.5	30 059	1.1
Beleggingsinkomste	119 850	4.0	122 131	4.5
Uitgawe	2 934 121	98.7	2 578 483	95.5
Personeelvergoeding	1 509 646	50.8	1 345 896	49.8
Bedryfsuitgawes	1 294 268	43.5	1 115 467	41.4
Depresiasie en amortisasie	112 935	3.8	102 784	3.8
Finansieringskoste	17 272	0.6	14 336	0.5
NIEHERHALENDE ITEMS	21 388	0.7	19 929	0.8
Inkomste	21 388	0.7	19 929	0.8
Wins/(verlies) op vervreemding van EAT	15 470	0.5	7 548	0.3
Wins/(Verlies) op beleggings	5 121	0.2	12 351	0.5
Deel van wins van geassosieerdes	76	0.0	17	0.0
Ander nieherhalende inkomste	721	0.0	13	0.0
Uitgawes	0	0.0	0	0.0
Netto surplus voor inkomstebelasting	38 413	1.3	123 028	4.5
Inkomstebelastinguitgawe	909	0.0	524	0.0
Surplus vir die jaar	37 504	1.3	122 504	4.5
ANDER OMVATTENDE INKOMSTE	255 535		-72 028	
Pensioenreserwefondse - surplus/(tekort)	204 430		-58 264	
Ongeskiktheidsreserwefondse - surplus/(tekort)	-1 124		6 585	
Gesondheidsorg (medies) - surplus/(tekort)	8 670		-27 752	
Netto waardetoename/(verlies) op vervreemding van finansiële bates beskikbaar vir verkoop (ná aftrekking van belasting)	43 559		7 403	
Totale omvattende inkomste vir die jaar	293 039		50 476	

Dit begin alles by die Noordwes-Universiteit

Die Noordwes-Universiteit se drie kampusse in Mafikeng, Potchefstroom en die Vaaldriehoek bied nie net die beste in tersiêre onderrig nie, maar lewer ook studente wat gereed is om die wêreld waarin ons leef, te verander. Deur ons onderrig- en leerprogramme, ons navorsings- en innovasieprojekte en ons voortgaande gemeenskapsverbintenisse, bou ons nie net 'n beter universiteit nie, maar help ons ook om 'n beter Suid-Afrika te bou.



erkenning

navrae en kontakbesonderhede

Institusionele Kantoor

Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299 4918

E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

Webwerf: www.nwu.ac.za

Mafikengkampus

Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 389 2144

E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

Potchefstroomkampus

Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299 2769

E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

Vaaldriehoekkampus

Posbus1174, Vanderbijlpark, 1900, Suid-Afrika

Tel: +27 (16) 910 3185

E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za

jaarverslag-taakspan

Me N Engelbrecht, me J Jansen van Vuuren, en me A van der Merwe.

fotografie

NWU-diensverskaffers en kollegas

ontwerp en uitleg

SUN MeDIA MeTRO

www.africansunmedia.co.za

info@sunmediametro.co.za

drukwerk

SUN MeDIA MeTRO

www.africansunmedia.co.za

info@sunmediametro.co.za

*Die 2013-jaarverslag is deur die departement Institusionele Bevordering gepubliseer.
Hierdie publikasie is ook in Engels beskikbaar.*

aantekeninge

aantekeninge

